12 Mrt 09:00	Skrwyersfees	Die disfonksionele huisgesin as wegspringplek	HB Thom-Foyer	60min	R50	R60	4
12 Mrt 09:00	Skrwyersfees	Kosdemo: Carmen Niehaus se beste resepte	Die Khaya	60min	R50	R60	10
12 Mrt 09:30	Toneel	Roolvalk	Die Breughel Teater	65min	R100	R120	42
12 Mrt 10:00	Spesiale Projektte	Stories uit die Skurweberg	US Museum-lesinglokaal	60min	Gratis		118
12 Mrt 10:00	Toneel	Weg	kyKNET Hoërskool Stellenbosch	65min	R120	R140	44
12 Mrt 10:30	Filmfees	Van agter die deur	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		99
12 Mrt 10:30	Kinderteater	Lollos 7: Laat jou bene bewel	Weltevreden	45min	R75	R85	85
12 Mrt 10:30	Skrwyersfees	Alexander Strachan: Brandwaterkom	ATKV-Boektent	60min	R50	R60	1
12 Mrt 11:00	Filmfees	Melusine van Arcadia	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		98
12 Mrt 11:00	Sanlam Musiek	Kleur – my lewe, my lied	Laer as laag	60min	R120	R140	64
12 Mrt 11:00	Toneel	Orgie	Hoërskool Lückhoff	60min	R10	R130	40
12 Mrt 11:00	Visuele Kuns	Kunsklets: Opwindende jong kunstenaars	Hofmeyr-saal	60min	R30	R40	109

CHRONOLOGIESE DAGPROGRAM

Datum en tyd	Afdeling	Produkstietitel	Venue	Tydsduur	Prys	By die deur	Bl
12 Mrt 12:00	Diskors	Naweek Akteel	Die Plataan	60min	Gratis		21
12 Mrt 12:00	Sanlam Musiek	Liewe Heksie: Flower Power	Stadsaal	90min	R120, R80	R140	66
12 Mrt 12:00	Skrwersfees	Alex van Tonder: This One Time	HB Thom-Foyer	60min	R50	R60	1
12 Mrt 12:00	Woordkuns	Praat van die duiwel	Oude Libertas-ouditorium	55min	R100	R120	53
12 Mrt 12:00	Filmfees	Vrnyslag	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		99
12 Mrt 12:00	Skrwersfees	Dana Snyman: In die blou kamp	ATKV-Boektent	60min	R50	R60	3
12 Mrt 12:30	Filmfees	Hartloop	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		97
12 Mrt 12:45	Toneel	Broodlyn	Pulp Cinema Neelsie	65min	R120	R140	33
12 Mrt 12:45	WOW	Die song wil my nie los nie	Bloemhof Hoërskool	75min	Gratis		88
12 Mrt 13:00	Filmfees	Jan Umkhwetha	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		97
12 Mrt 13:00	Klassieke Musiek	Tocatta	kyKNET Endler	70min	R120	R140	82
12 Mrt 13:00	Toneel	Søsken	kyKNET Hoërskool Stellenbosch	80min	R110	R130	43
12 Mrt 13:00	Woordkuns	Jammer, Ma	kyKNET Fismer	60min	R100	R120	53
12 Mrt 13:00	Leefstyl	Alternatiewe proe	Die Khaya	120min	R100	R120	113
12 Mrt 13:30	Filmfees	Kleingeld	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		97
12 Mrt 14:00	Filmfees	My queen Karo	Pulp Cinema Neelsie	105min	R30	R40	93
12 Mrt 14:00	Skrwersfees	Kuier met Bennie Boekwurm en maats	ATKV-Boektent	60min	R50	R60	7
12 Mrt 14:00	Skrwersfees	Koos Kombuis: Ver in die wêreld, sushi!	HB Thom-Foyer	60min	R50	R60	9
12 Mrt 14:30	Woordkuns	Liegendes – en ander waarhede	Laer as laag	60min	R120	R140	53
12 Mrt 15:00	Toneel	Amper, Vrystaat	Hoërskool Lückhoff	60min	R110	R130	32
12 Mrt 15:00	Toneel	Piet se optelgoed	Die Breughel Theater	60min	R60	R70	40
12 Mrt 15:30	Skrwersfees	Misdaadskrywers: feit of fiksie?	ATKV-Boektent	60min	R50	R60	14
12 Mrt 15:30	Diskors	met bier en bloed en dans en trom	HB Thom-Foyer	70min	Gratis		26
12 Mrt 16:00	Filmfees	Tekkie vir Trevor	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		99
12 Mrt 16:30	Filmfees	Van lyn af	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		99
12 Mrt 17:00	Filmfees	Sweisbril	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		98
12 Mrt 17:00	Leefstyl	Argitektoniese wandeling	Vertrek vanaf Erfurthuis	60min	R40	R50	113
12 Mrt 17:00	Toneel	A Doll's House	Rhenish Girls' High School	115min	R120	R140	31
12 Mrt 17:30	Filmfees	Skewe reënboog	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		98
12 Mrt 17:30	Woordkuns	Chriskras	kyKNET Fismer	70min	R100	R120	51
12 Mrt 17:30	Sanlam Musiek	Slegs vir almal	kyKNET Hoërskool Stellenbosch	80min	R100	R120	70
12 Mrt 18:00	Filmfees	In Search of Our Own	Pulp Cinema Neelsie	76min	Gratis		102
12 Mrt 18:00	Deurbraak	StH	Oude Libertas-ouditorium	60 min	R80	R90	49
12 Mrt 18:00	Diskors	As Megaboere Braai	De Vette Mossel	180min	R220	R240	24
12 Mrt 18:30	Toneel	Orgie	Hoërskool Lückhoff	60min	R110	R130	40
12 Mrt 18:30	Sanlam Musiek	Die Heuwels Fantashies	Neethlingshof	70min	R100, R60	R120	61
12 Mrt 18:30	Woordkuns	InZync Poetry Slam	ATKV-Boektent	100min	R50, R20	R60	52
12 Mrt 20:00	Klassieke Musiek	Tea with Puccini	kyKNET Fismer	75min	R100	R120	82

CHRONOLOGIESE DAGPROGRAM


Datum en tyd	Afdeling	Produkstietitel	Venue	Tydsduur	Prys	By die deur	Bl
12 Mrt 20:00	Filmfees	Lost Persons Area	Pulp Cinema Neelsie	110min	R30	R40	92
12 Mrt 20:00	Klassieke Musiek	Afrikaanse lied	kykNET Endler	100min	R110, R80	R130	75
12 Mrt 20:30	Sanlam Musiek	Hensop!	kykNET Hoërskool Stellenbosch	80min	R120	R140	61
12 Mrt 20:30	Sanlam Musiek	Yvonne Chaka Chaka – The Princess of Africa	Spier-arniteater	75min	R200, R150, R120	R220, R170, R140	73
12 Mrt 20:30	Toneel	Santa Gamka	Die Breughel Teater	70min	R100	R120	42
12 Mrt 21:00	Sanlam Musiek	Nhoza Sisholwana	De Vette Mossel	120min	R50	R60	60
12 Mrt 9:00	Sanlam Musiek	Liewe Heksie: Flower Power	Stadsaal	90min	R120, R80	R140	66
SONDAG 13 MAART							
13 Mrt 09:00	Kinderteater	Die reëngodin	kykNET Fisser	60min	R60	R70	84
13 Mrt 09:00	Visuele Kuns	Kunsrondeleiding met Alex Hamilton	Hofmeyr-saal (vertrekpunt)	90min	R25	R35	109
13 Mrt 09:00	Diskoers	Ruimte en spiritualiteit	Wallenbergsentrum @ STIAS	60min	Gratis		29
13 Mrt 09:00	Kinderteater	Spekkies en die drie varkies	Weitvreden	55min	R65	R75	85
13 Mrt 09:30	Toneel	Pret se opteigoed	Die Breughel Teater	45min	R60	R70	40
13 Mrt 10:00	Spesiale Projekte	Stories uit die Skurweberg	US Museum-lesinglokaal	60min	Gratis		118
13 Mrt 10:00	Spesiale Projekte	WOW Op die spel	ATKV-Boektent	120min	Gratis		119
13 Mrt 10:00	Woordkuns	Liegendes – en ander waarhede	Laer as laag	60min	R120	R140	53
13 Mrt 10:00	Woordkuns	Praat van die duiwel	Oude Libertas-ouditorium	55min	R100	R120	53
13 Mrt 10:00	Toneel	Amper, Vrystaat	Hoërskool Lückhoff	60min	R110	R130	32
13 Mrt 10:00	Toneel	Son. Maan. Sterre.	kykNET Hoërskool Stellenbosch	65min	R120	R140	43
13 Mrt 10:30	Filmfees	Foto	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		97
13 Mrt 11:00	Filmfees	Van lyn af	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		99
13 Mrt 11:00	Klassieke Musiek	Life is Beautiful	kykNET Endler	90min	R120	R140	78
13 Mrt 11:00	Sanlam Musiek	Liewe Heksie: Flower Power	Stadsaal	90min	R120, R80	R140	66
13 Mrt 11:00	Toneel	A Doll's House	Rhenish Girls' High School	115min	R120	R140	31
13 Mrt 12:00	Leefstyl	Nog 'n VOORSKOOT en lipstiek	Oude Libertas-ouditorium	60min	R100	R120	115
13 Mrt 12:30	Sanlam Musiek	Laurinda Hofmeyr – wat ek wou sê	Laer as laag	60min	R110	R130	65
13 Mrt 12:30	Woordkuns	Chriskras	kykNET Fisser	70min	R100	R120	51
13 Mrt 13:00	Leefstyl	Merino-skaapboudproe	Die Khaya	120min	R160	R180	114
13 Mrt 13:00	Sanlam Musiek	Hensop!	kykNET Hoërskool Stellenbosch	80min	R120	R140	63
13 Mrt 13:30	Filmfees	Van agter die deur	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		99
13 Mrt 14:00	Filmfees	Beurtkrag	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		96
13 Mrt 14:00	Sanlam Musiek	Leon en Rocco – en ander instrumente	kykNET Endler	60min	R130	R150	96
13 Mrt 14:30	Filmfees	Dominee-truiks	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		96
13 Mrt 15:00	Filmfees	LIVING IT UBUNTU YOUTH FILM FESTIVAL	Oude Libertas-ouditorium	90min	Gratis		100
13 Mrt 15:00	Spesiale Projekte	Khayamandi Senior Narrative: Identities Unedited	Amazink	90min	Gratis		117
13 Mrt 15:00	Toneel	Plant vir my 'n boom, André	Hoërskool Lückhoff	70min	R130	R150	40
13 Mrt 15:00	Filmfees	Sweisbril	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		98
13 Mrt 15:00	Toneel	As	Die Breughel Teater	60min	R80	R90	32

CHRONOLOGIESE DAGPROGRAM

Datum en tyd	Afdeling	Produkstittel	Venue	Tydsduur	Prys	By die deur	Bl
13 Mrt 15:30	Filmfees	Kleingeld	Pulp Cinema Neelsie	24min	Gratis		97
13 Mrt 16:00	Filmfees	Bettie	Pulp Cinema Neelsie	90min	Gratis		91
13 Mrt 16:00	Toneel	Hond se gedagte	Stadsaal	135min	R120	R140	36
13 Mrt 17:30	Toneel	Weg	kykNET Hoërskool Stellenbosch	65min	R120	R140	44
13 Mrt 18:00	Sanlam Musiek	All Buttons In	Laer as laag	60min	R100	R120	58
13 Mrt 18:30	Sanlam Musiek	Bra Tete	Neethlingshof	100min	R100, R80	R120	60
13 Mrt 19:00	Sanlam Musiek	Akoestiese talentkamer	De Vette Mossel	180min	R20	R20	58
13 Mrt 20:00	Filmfees	LIVINGIT UBUNTU YOUTH FILM FESTIVAL	Oude Libertas Amfiteater	120min	Gratis		100
13 Mrt 20:00	Woordkuns	Jammer, Ma	kykNET Fisser	60min	R100	R120	53
13 Mrt 20:00	Filmfees	In Search of Our Own	Pulp Cinema Neelsie	76min	Gratis		102
13 Mrt 20:00	Klassieke Musiek	Stellenbosch University Camerata	kykNET Endler	120min	R125, R90	R145	81
13 Mrt 20:30	Sanlam Musiek	Kyk haar oë	Laer as laag	60min	R120	R140	65
13 Mrt 20:30	Toneel	Orgie	Hoërskool Lückhoff	60min	R110	R130	40
13 Mrt 20:30	Sanlam Musiek	Brylcreem, Mozart & Hendrik Susan	Spier-amfiteater	75min	R200, R150, R120	R220, R170, R140	61
13 Mrt 20:30	Toneel	Søsken	kykNET Hoërskool Stellenbosch	80min	R110	R130	43

Die ATKV by die

US Woordfees



'n Huis sonder boeke is soos 'n kamer sonder vensters.

- Heinrich Mann



In die Plataankafee

Ons omvangryke boekwinkel is terug met 'n fees van boeke vir boekeliefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die Woordfees.



Die Boektent is gewis die kern van die US Woordfees. Ons is net agter die Plataankafee geleë met 'n opwindende skrywersprogram en talle boekbekenstellings. Bespreek nou om teleurstelling te voorkom.



Philida van die Delta

Moontlik gemaak deur die ATKV, in samewerking met Solms-Delta, Babylonstoren en die Breytenbach Sentrum. 'n Musiekblyspel, eg aan die wynland - vol liefde, hartseer, korrupsie, onderdrukking en bemagtiging. Geïnspireer deur geskiedkundige dokumentasie en André P. Brink se roman, Philida.

4 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 80 min

Samestelling: Adriaan Brand, Nick Turner, Leonore Bredekamp, Jervis Pennington en die Delta Soetstemme

Musikale verwerking: Adriaan Brand, Carlo Fabe en die Delta Langbroek-orkes

Regie: Bongile Mantsai | **Spelleier:** Amelda Brand | **Teksontwikkeling:** Ameld Brand, Sanna Malgas, Elsie Cupido, Linda Farmer, Sarie Pietersen en Gershwin Cloete



WOORDtroFEES

Die WOORDtroFEES prysuitdeling
ondersteun deur die ATKV

Uitwinners tydens die US Woordfees
word woorde hier bekroon en vere.



ATKV



SKRYWERSPROGRAM

Aandpraatjies en askoek

Kom kuier saam met storievertellers Johan Bakkes, Louis Janse van Vuuren, Marietta Kruger en Hanlie Retief. En luister na die musiek van Valiant Swart. Jou kaartjie sluit ook 'n lekker ete in sodat jy tot laataand aandpraatjies kan maak.

9 Maart 18:00 | De Vette Mossel | 180min | R220 | R240 by die deur

Alexander Strachan: Brandwaterkom

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Brandwaterkom, wanner van die derde prys in NB-Uitgewers se Groot Romanwedstryd, is die onderwerp van Elmari Rautenbach se gesprek met woordkuns-veteraan Alexander Strachan. Hulle praat o.a. oor die skrywer as historiograaf, en hoekom oorlogsgeweld en liefdesintrige geloofwaardig uit te beeld.

12 Maart 10:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Alex van Tonder: This One Time

Presented by Pan Macmillan

Blogger Jacob Lynch flees to an isolated hunting lodge in Alaska so he can focus on finishing his manuscript. But then he wakes up chained to a bed... Book reviewer and blogger Karin Schimke chats with Alex van Tonder about keeping a finger on the pulse of pop culture.

12 March 12:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 at the door

Amore Bekker: Hartstories

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Daar's stories oor taximanne, kalfies, padpiepies, sagopoeding, en veral oor liefde en onverwagse medemenslikheid. Die geliefde en gewilde Amore Bekker praat oor *Hartstories: Huis toe met 'n ligter tred*, haar keuse van die beste goedvoelstories uit haar gewilde RSG-program, "Tjailatyd".

5 Maart 10:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Beneuk en verlief

Aangebied deur Lapa

Sophia Kapp (*Honderd en een oorlewingswenke vir 'n bedonnerde diva*), Alta Cloete (*Opdrag van oorkant*) en Santie van der Merwe (*Vandat jy weg is*) gesels met Elmari Rautenbach oor sterk vrouekarakters wat bedonnerd, beneuk en verlief is.

9 Maart 10:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Bettina Wyngaard: Slaafs

Aangebied deur Penguin Random House

Vuilspel was die eerste roman in Afrikaans wat fokus op lesbiese karakters uit die bruin gemeenskap. Haar nuwe roman, *Slaafs*, breek grond in Afrikaanse fiksie met sy fokus op mensehandel. Melt Myburgh gesels met die bekroonde krimi-skrywer.

10 Maart 15:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Bravo! Bekende akteurs se gunstelingresepte

Aangebied deur Human & Rousseau,

'n druknaam van NB-Uitgewers en die Distell-stigting

Van Suid-Afrika se bekendste en beste akteurs, dié wat die afgelope 50 jaar 'n Fleur du Cap-teatertoekenning ontvang het, deel hul gunstelingresepte en kosstories met Johan van Lill. Glans en kos vir die fynproewer.

7 Maart 15:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Bybelvertaling is nie speletjies nie

Sedert die verskyning van die 1933-vertaling het agt ander vertalings van die Bybel die lig gesien. Hoe en deur wie is die onderskeie vertalings gemaak? Watter uitdagings staar vertalers in die gesig, veral wanneer daar met 'n antiekeheilige teks gewerk word? Prof. Christo van der Merwe bespreek die waarde van die verskillende Bybelvertalings.


5 Maart 17:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Carel van der Merwe: Donker stroom

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Was Eugène Marais 'n onkreukbare patriot en joernalis, soos wat sy biograwe aangevoer het, of is dié Afrikaner-ikoon ook deur die donker stroom van die tydsgees meegesleur? Kerneels Breytenbach gesels met Carel van der Merwe oor sy aangrypende debuut, *Donker stroom*.

5 Maart 14:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Cass Abrahams: 'n Lewe met kos

Aangebied deur Lapa

Marike Bekker gesels met Cass Abrahams oor haar lewe, haar liefde vir kos en die paaie waarop dit haar laat loop het. 'n Watertand-gesprek met een van die land se grootste kulinêre geeste.

9 Maart 17:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur





Chris Schoeman: Die onbekende Van Gogh

Aangebied deur Penguin Random House

Chris Schoeman gesels met Albert Grundling oor die derde Van Gogh-broer, Cornelis, wat in Nederland grootgeword het, maar in Suid-Afrika gewerk, getrou en gesterf het. Sy boek steun op briewe en argiefstukke wat lig werp op Cornelis se verhouding met sy beroemde broer Vincent.

10 Maart 15:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Christine Barkhuizen le Roux: Skynskadu

Aangebied deur Naledi

Skynskadu is Christine Barkhuizen le Roux se derde digbundel. Herinnering, skilderkuns, ontslape en lewende mentors, en nostalgie is van die temas waaroor die digter met Ingrid Glorie gesels. Met 'n optrede van Babette Viljoen en Olga Leonard wat van die gedigte getoonset het.

5 Maart 14:30 | Laer as laag | 60min | R50 | R60 by die deur



Claire Robertson: The Magistrate of Gower

Presented by Penguin Random House

Claire Robertson's *The Spiral House* won the the 2014 *Sunday Times* Fiction Prize. She talks to Michiel Heyns about her arresting new novel, *The Magistrate of Gower*, which is set in 1930 and explores the courage to choose love over fear.

8 March 14:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 at the door

Dana Snyman: In die bloukamp

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

In sy nuutste boek, *In die blou kamp*, boekstaaf Dana Snyman 100 van sy ware ontmoetings: ontmoetings met mense, maar soms ook met dinge soos die vleispastei of tuisgemaakte braai-apparate. Die stories is aanvanklik op Facebook gepos, en dié wat die grootste reaksie gekry het, is nou hierin verwerk.

12 Maart 12:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Danny Fourie: Vir ewig en altyd saam

Aangebied deur Lux Verbi, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Adri-Louise was die redakteur van *LiG* en die eerste vroulike redakteur van *Kerkbode*. Danny werk as vryskut in die mediabedryf. Hulle het laat in hulle lewe verloof geraak, maar kort daarna is Adri-Louise gediagnoseer met fase 4 kanker. Milanie Vosloo vra Danny uit oor dié roerende verhaal van ware liefde in die skadu van die dood.


10 Maart 10:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Die disfunksionele en ongewone huisgesin as wegspringplek vir jou debuut

Aangebied deur Penguin Random House en Queillerie, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Dalena Theron (*Huisies van papier*) en Debbie Loots (*Split*) gesels met Madri Victor oor hulle debuutromans. *Split* handel oor 'n gebroke huisgesin en die nuwe lewens wat hulle probeer bou met die stukke wat oorgebly het, en *Huisies van papier* vier die liefde en gesin in al sy kleurryke gedaantes.

12 Maart 09:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Die naweë van die Anglo-Boereoorlog en die rol van die Kaapse Rebelle

Aangebied deur die Anglo-Boereoorlog Monument

Dorothea van Zyl gesels met Bertus Steenkamp en Fransjohan Pretorius oor die naweë van die Anglo-Boereoorlog op die psige van Afrikaners, en die rol wat die Kaapse Rebelle gespeel het. Argitek Andries Domburg praat ook oor die die Anglo-Boereoorlog monument by Laborie in die Paarl.

11 Maart 10:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Die speling tussen spanning- en ontspanningsfiksie

Aangebied deur Lapa

Gaan die spanningsverhaal nog oor die herstel van orde? Madri Victor hoor by Wilna Adriaanse (*Eindspel*), Chanette Paul (*Labirint, Offerlam*) en Madelein Rust (*Monstersaad*) of spanningsfiksie 'n "feel good" einde moet hê. En wat dink hulle van die nuwe "noir"-neiging by vroueskrywers?

7 Maart 14:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Digtersparadys

Aangebied deur NB-Uitgewers

Jaarliks 'n hoogtepunt in die skrywersprogram! Petra Müller, Lina Spies, Ronelda Kamfer en die Belgiese digter, Maud Vanhauwaert, lees hul gedigte voor. Moenie dié sonderlinge geleentheid misloop nie. Bly gerus langer vir die InZync Poetry Slam na afloop van die paradys.

12 Maart 17:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Dirk Mudge: Enduit vir 'n onafhanklike Namibië

Aangebied deur Protea

Op 87 publiseer Dirk Mudge sy langverwagte outobiografie oor sy betrokkenheid by die politiek van Suidwes-Afrika, en later Namibië. Hy verduidelik aan Willie Breytenbach waarom dit Namibië so lank geneem het om onafhanklikheid te verkry en watter rol Suid-Afrika daarin gespeel het.

8 Maart 15:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur





Elize Parker en Magriet Smit:

Een cappuccino en 'n cream soda, asseblief

Aangebied deur CUM

Daai eerste ramspoedige afspraak, onbekende rampe met huisonderhoud, asook ander verwarrende verrassings – hierdie twee enkelma's ken die bitter en die soet van die lewe. Elize Parker en Magriet Smit gesels oor dié oorwinningsgids vir dae wanneer die lagie sekerheid maar dun is en geloof, hoop en humor die deurslag gee.

7 Maart 12:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Emerging Voices: Mandla Langa and Ingrid Winterbach

Mandla Langa (*The Texture of Shadows*) and Ingrid Winterbach (*It Might Get Loud*) were both longlisted for the Financial Times / Oppenheimer Funds Emerging Voices awards. They talk to Michiel Heyns about literary prizes and how they feel about being labelled “emerging voices” after receiving numerous other awards during their prolific careers.

10 March 12:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 at the door

Ena Jansen: Soos familie

Aangebied deur Protea

Ena Jansen het jare lank ondersoek ingestel na die uitbeelding van huiswerkers in Suid-Afrikaanse boeke en hoe die huiswerker en werkgewer mekaar ervaar en teenoor mekaar optree. Sy tree in gesprek met Ingrid Winterbach oor haar aangrypende boek, *Soos familie*, wat uit dié studie voortgespruit het.

10 Maart 17:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



François Verster: Omega, oor en uit

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

François Verster vertel aan Dana Snyman van sy avonture tydens basiese opleiding en sy dienspligtyd as onderwyser vir Boesmankinders op die basis Omega. Dit lewer etlike humoristiese oomblikke op weens die “siekverveelde uitdrukking” op sy gesig en sy rebelse streep. 'n Tweede storielyn wat in die hede afspeel vertel van Verster se lewe as staatsamptenaar waar hy voel hy 'n tweede keer diensplig moet verrig.

7 Maart 09:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Fransie sjarmer en Suid-Afrikaanse gasvryheid met Marita van der Vyver

Marita van der Vyver is een van ons mees gewilde en geliefde skrywers. Kom swig onder dié Afrikaanse nooi se Fransie sjarmer, en geniet 'n feestelike ete wat spesiaal voorberei is vir hierdie swierige kuier.

6 Maart 12:00 | xxx | 180min | R300

Frans Rautenbach –Verkyker, grondpad en kaart: Jou Krugerwildtuin gids

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Frans Rautenbach vertel aan Toast Coetzer presies hoe lekker die Krugerwildtuin kan wees: Wat om te doen, wat om te verwag, waar om te bly en wat om te eet. *Verkyker, grondpad en kaart* is deurspek met persoonlike ervarings en praktiese raad oor hoe om die beste uit die Wildtuin-ervaring te haal.

5 Maart 10:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Hanlie Retief: Anderkant uit

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

In *Anderkant uit* kom beroemdes sowel as gewone mense aan die woord. Hanlie Retief, een van die bekendste Afrikaanse joernaliste, skryf oor Suid-Afrikaners se uitsonderlike vermoë om trauma te oorkom. Sy deel die openhartige verhale van mense wat ongekende trauma beleef het met Lise Swart en Louis Awerbuck.

7 Maart 12:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Hein Kruger: Jou geldsake

Aangebied deur Lux Verbi, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Hein Kruger gee 'n Bybelse perspektief op begroting, besteding, skuld en beleggings. Hy gesels met Stephan Joubert oor hoe jy jou geld kan bestuur.

8 Maart 09:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Herontdek: Jans Rautenbach

Die rolprentbedryf vereis iemand met besondere geloof in homself, iemand met 'n visie wat bereid is om dit tot op die laaste te koester– iemand soos Jans Rautenbach. Ons vier sy tagtigste verjaardig saam met hom en vereer hom vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse filmbedryf. Gert Rautenbach, sy seun, lei die gesprek.

5 Maart 17:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Huldigingsgesprek: Ena Murray

Sy het die meeste boeke in Afrikaans verkoop, boer steeds op topverkoperlyste en het onderwerpe soos huishoudelike geweld aangespreek toe dit nog taboe was. Uitgewers Etienne Bloemhof, Nèlleke de Jager en Ettie Williams bing hulde aan Ena Murray, die skrywer wat as die doyenne van die Afrikaanse romanse beskou word.

8 Maart 17:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Huldigingsgesprek: T.T. Cloete

Heilna du Plooy, Joan Hambidge en Bernard Odendaal gesels oor die werk en lewe van die geliefde digter T.T. Cloete. Hulle deel staaltjies oor hulle vriendskap met hom, sy lewe en die groot skat wat hy met sy digkuns vir ons agterlaat.

11 Maart 17:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Immergewilde kinderkaraktars: 'n Nostalgie se kuier met Bennie Boekwurm en maats

Aangebied deur NB-Uitgewers

Karaktars soos Bennie Boekwurm, Liewe Heksie, Haas Das, Karel Kraai en Sarel Seemonster is volksbesit en bly geliefd. Louise Smit, Hannes van Wyk en Margrit Meyer-Rödenbeck gesels oor die sukses van 'n Liewe Heksie-pantomime, die nostalgie van dié kinderkaraktars en hoe om hulle lewend en vars te hou. Vir grootmense.

12 Maart 14:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Ingrid Jonker-prysuitdelingsfunksie

Die *Ingrid Jonker-prys* is 'n gesogte poësieprys wat jaarliks beurtelings aan die beste debuutwerk in Afrikaans en Engels toegeken word. Vanjaar word vir die toekenning vir eerste keer tydens die Woordfees oorhandig aan Nathan Trantraal vir *Chokers* en *Survivors*. 'n Kuiergeleentheid waar finaliste uit hul werk voorlees.

6 Maart 12:30 | Die Plataan | 60min | R100 | R120 by die deur

Ingrid Winterbach: Vlakwater

Aangebied deur Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

'n Vriendskap ontstaan tussen die kunstenaar Niek Steyn en Marthinus Scheepers wanneer een van Marthinus se varke in Niek se tuin beland. Dan verdwyn Charelle, Niek se losseerder, en 'n welaaf kunstenaar maak 'n verdagte aanbod op sy huis. Moenie dié gesprek tussen Ingrid Winterbach en Louise Viljoen misloop nie.

11 Maart 10:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Irma Joubert: Immer wes

Aangebied deur LAPA

Irma Joubert gesels met Helene de Kock (*Debora en seuns*) oor haar nuutste roman, *Immer wes*, en hoe die skrywer van historiese romans as brugbouer tussen generasies en kultuurgroepe optree. Twee formidabele skrywers aan die woord!

9 Maart 15:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Jack Parow: Die ou met die snor by die bar

Aangebied deur Penguin Random House

Jack Parow het meer as 7 miljoen aanhangers op YouTube, cd-verkope van oor die 100 000, en sy lirieke word as van die bestes in Afrikaans beskou. Skrywer en joernalis Herman Lategan kuier saam met Parow. Kom ervaar Parow soos jy hom nog nooit gesien het nie.

8 Maart 17:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Jackie Grobler: Oorlog-Beeld

Aangebied deur Jonathan Ball

Oorlog-Beeld volg die verloop van die Anglo-Boereoorlog in koerantformaat. Daar word nie net oor militêre konfrontasies berig nie, maar ook oor die kommandolewe, ervaringe van krygsgevangenes, vroue in konsentrasiekampe en Boere-afgevaardigdes in die buiteland, asook mense soos president Paul Kruger en Emily Hobhouse. Jackie Grobler in gesprek met Fransjohan Pretorius.

9 Maart 10:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Jacqui L'Ange: The Seed Thief

Presented by Penguin Random House

The Seed Thief is a modern love story with an ancient history, a tale that moves from flora of Table Mountain to the heart of Afro-Brazilian spiritualism. Author and editor Helen Moffett talks to Jacqui L'Ange, former editor of *The Oprah Magazine*, about this entrancing and richly imagined novel.

10 Maart 09:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 at the door

Johan Bakkes: Openbaring

Aangebied deur Queillerie, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Openbaring is 'n reis storie wat wiplank ry tussen twee uiterstes – die skrywer en sy reisgenote besoek die koudste en warmste plekke op aarde waar mense nog leef en 'n bestaan maak, onderskeidelik die Danakil-depressie en die Siberiese dorpie Oymyakon. Kom reis saam met dié supergewilde skrywer-storieverteller tydens sy gesprek met Ernst Grundling.

11 Maart 14:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



John Hanks: Operation Lock and the War on Rhino Poaching

Presented by Penguin Random House

John Hanks talks to Dave Pepler about Operation Lock, a secret initiative funded by Prince Bernhard of the Netherlands and staffed by former SAS operatives, and the explosive events surrounding it. In this revealing talk, the author takes a critical look at some of the current policies to curb poaching.

5 Maart 12:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 at the door



Joyce Kotzè: The Runaway Horses

Presented by Jonathan Ball

From Transvaal to Victorian England, two sets of cousins, Boer and Brit, form strong bonds which are tested on the battlefields of South Africa during the Anglo Boer War. Jonathan Amid in conversation with novelist Joyce Kotzè.

11 Maart 09:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 at the door



Karien Basson: 'n Boodskap van hoop

Aangebied deur CUM

Verskeie sportsterre kom deel hulle boodskap van hoop vir Suid-Afrika met Karien Basson. 'n Inspirerende gesprek oor God se seën en liefde vir ons land en sy mense.

10 Maart 17:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Kerneels Breytenbach: Om te bly in woorde

Aangebied deur die Dokumentesentrum, JS Gericke Biblioteek

Suzette Kotzé-Myburgh gesels met Kerneels Breytenbach oor sy lewe en werk. Na die interessante gesprek kan items uit die Kerneels Breytenbach-versameling in die Dokumentesentrum besigtig word.

4 Maart 12:00 | JS Gericke Ouditorium | 120min | R50 | R60 by die deur

Koos Kombuis: Ver in die wêreld, sushi!

Aangebied deur Penguin Random House

Stommiteite van politici, irrasionele vrese van Afrikaners wat nog in die laer skuil, die sensitiewe ego's van plaaslike musikante – Koos Kombuis se humorsin, eerlikheid en meevoerende styl maak *Ver in die wêreld, sushi!* 'n móét-lees vir elkeen van sy bewonderaars. Hy praat met Dana Snyman oor sy jongste rubrieke.

12 Maart 14:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Koos van der Merwe: Rympies in die vliet

Waar word gedigte gaan haal? Die bēreplekke is gewoonlik daar waar die hart diep voel. Waar gejubel en getreur word. Waar verwondering en verwonding is. Koos van der Merwe lees voor uit sy digbundel, *Rympies in die vliet*, sing toonsettings en neem jou saam na die geheimsinnige uithoeke waarheen die hart reis om poësie te oes.

8 Maart 14:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Kosdemo: Brekfis met Derrich en Adelle

Aangebied deur Naledi

Brekfis met Derrich en Adelle bevat al die gunstelingresepte van Derrich Gardner en Adelle Ludik, soos gehoor op *Brekfis met Derrich*, Saterdag op RSG. Nou kan jy wegskuif voor die radio en in persoon saam met hulle kuier.

7 Maart 09:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur



Kosdemo: Carmen Niehaus se beste resepte

Aangebied deur Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Carmen Niehaus is een van die land se mees geliefde en bekendste kosredakteurs. Niemand ken kos soos Carmen nie en dan is sy ook nog 'n bekwame huiskok. Vir die eerste keer is al haar gunsteling nou in een boek saam. Moenie hierdie demo saam met die koslegende misloop nie.

12 Maart 09:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur

Kosdemo: De Vette Mossel-kookboek

Aangebied deur Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

De Vette Mossel is nie net 'n seekos-resepteboek nie. Dit is 'n boek propvol humoristiese staaltjies en vertellings oor kosgeheime eie aan die Weskus, met beproefde raad en praktiese voorbereidingswenke. Kom kuier en proe saam met die gewilde Niël du Bois.

9 Maart 14:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur

Kosdemo: Le-Stoof, die tweekatstofie-rewolusie

Aangebied deur Publishing World SA

Le-Stoof is 'n kookboek vir die student met 'n tweekatstofie, of die huisgesin wat tydens beurtkrag op daardie klein tweekatgasbrandertjies moet kook. Freddie Kritzinger wys in dié prettige demo hoe jy klassieke geregte op 'n tweekatstofie tot ster van die eettafel kan omtower.

7 Maart 14:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur

Kosdemo: Herman Lensing

Aangebied deur Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Herman is in 2009 op 22-jarige ouderdom aangestel as *SARIE* se jongste kosredakteur ooit. *Nog 'n voorskoot* is ingedeel in tien hoofstukke volgens sy gunstelingbestanddele – dinge soos appels en pere, sampioene, hoender, lam en sjokolade. Nie een van sy resepte bevat meer as tien bestanddele nie.

9 Maart 09:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur



Kosdemo: Jan Braai – Die Demokratiese Republiek van Braai
Aangebied deur Human & Rousseau,
’n druknaam van NB-Uitgewers

Viva die Demokratiese Republiek van Braai! Jan Braai se braaidemo beloop om ’n groot gekuier af te gee. Kom geniet die goeie geselskap en kry wenke by die braaimeester wat die land op sleeptou geneem het met sy vindingrykheid langs die vuur.

5 Maart 12:00 | De Vette Mossel | 60min | R50 | R60 by die deur



Kosdemo: Johnny Hamman
Aangebied deur Human & Rousseau,
’n druknaam van NB-Uitgewers

Hy beskryf homself as ’n kreatiewe karakter met ’n groot passie vir parties. Johnny Hamman trakteer die gehoor met geregte uit sy splinternuwe resepteboek, *Een maal*. Sien jou daar – met jou partytjieskoene aan.

10 Maart 09:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur



Kosdemo: Koekedor
Aangebied deur Human & Rousseau,
’n druknaam van NB-Uitgewers

Mareli Visser, Martjie Malan en Gerda Swanepoel gesels met Errieda du Toit; hulle deel koekgeheime en wenke in hierdie heerlike *Koekedor*-kosdemonstrasie. Jou mond sal water!

8 Maart 09:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur



Kosdemo: Kook saam Kaaps
Aangebied deur Lapa

Kulsum Kamalie en Flori Schrikker het op RSG bekend geword as die twee anties wat wéét hoe om te skep. Hulle kook Kaaps: gesinskos, huiskos. By hierdie demo kan jy jou verkneukel aan die lekkerste spysse, opgetower uit speseryevulde potte.

8 Maart 14:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur

Kosdemo – Kostalgie: Geure van my lewe
Aangebied deur Quivertree

Kostalgie: Geure van my lewe is een van die pragtigste kookboeke wat jy op jou rak kan hê. Barbara Joubert se heerlike kosstories en resepte word aangevul deur asemrowende foto’s van Micky Hoyle, toevallig ook die uitgewer van die boek. Laat Barbara jou verlei met haar demonstrasie.

11 Maart 14:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur



Kosdemo: Niël Stemmet

*Aangebied deur Human & Rousseau,
’n druknaam van NB-Uitgewers*

Bitter+soet is die verhaal van Mietha Klaaste, wat op die plaas Langverwacht in die Robertson-omgewing grootgeword het, soos oortertel deur Niël Stemmet. Dit bevat meer as 90 resepte, wat wissel van vetkoek, braaiboud, hoenderpastei, snoektert en tamatiebredie, tot melktert en sagopoeding. Niël kook Mietha se resepte.

**10 Maart 14:00 | Die Khaya | 60min | R50 |
R60 by die deur**



Kosdemo: Suid-Afrikaanse vis- en seekoskookboek

Aangebied deur Lapa

Susina Jooste, die direkteur van The Private Hotel School in Stellenbosch, en Henk Stander, ’n baie ywerige visserman en die algemene bestuurder van Maties se akwakultuureenheid, demonstreer maklike en smaaklike maniere om seekos voor te berei.

11 Maart 09:00 | Die Khaya | 60min | R50 | R60 by die deur

Kos vir kwale

Aangebied deur Tafelberg, ’n druknaam van NB-Uitgewers
Adele van der Merwe en Jeske Wellman (*Eet gesond, voel gesond: Beveg kanker met voeding*), Arien van der Merwe (*Hanteer diabetes*) en Hilda Lategan (*SA kookboek vir allergieë en voedselsensitiwiteit*) gesels met Carmen Niehaus oor hoe die regte voeding ons gesondheid beïnvloed en verbeter.

**10 Maart 12:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 |
R60 by die deur**



Kryt, koffie en koek: Kleur Stellenbosch in saam met Tanya O’Connor

Aangebied deur Naledi en Stellenbosch 360

Kom geniet koffie en heerlike koek, kleur in en kuier saam met Tanya O’Connor. Tanya gesels oor hoe belangrik kunstherapie is in die heling van trauma en emosionele letsels, en vertel hoe sy Kleur Stellenbosch in saamgestel en geteken het. Kaartjies sluit jou inkleurboek en -potlode in.

4 Maart 15:00 | Batavia Boutique Hotel | 120min | R180 | R200 by die deur

Leon van Nierop: Daar doer in die flielc

Aangebied deur Protea

Leon van Nierop vertel staaltjies uit vergange dae en gesels oor die wonderlike geskiedenis van die Suid-Afrikaanse filmbedryf, soos uiteengesit in sy nuwe boek, *Daar doer in die flielc*.

**5 Maart 14:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 |
R60 by die deur**





Lien Botha: Wonderboom

Aangebied deur Queillerie, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Lien Botha is 'n kunstenaar-fotograaf wat bekend is om haar talle nasionale en internasionale tentoonstellings. Haar debuutroman, *Wonderboom*, speel af in 'n postapokaliptiese Suid-Afrika en is deur resensente beskryf as een van die belowendste en opwindendste debute in 'n lang tyd. Saartjie Botha gesels met die skrywer.

10 Maart 14:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Louis Janse van Vuuren en Hardy Olivier:

Die storie van 'n huis

Aangebied deur Quivertree

Kookboek, storieboek, fotografieboek – *Die storie van 'n huis* vertel van die streek se fabels en sprokies, en die geskiedenis van La Creuzette in die Franse platteland. Met pragtige foto's van die huis, omgewing en feestafels, en leplekker resepte. Nanette van Rooyen praat met Louis en Hardy oor hulle lewe in die idille.

8 Maart 10:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Mandalas-werkswinkel met Lize Beekman

Kom geniet 'n *high tea* van Batavia Hotel saam met sanger en kunstenaar Lize Beekman (*Colouring for adults: Mandala Art*). Lize gesels oor die terapeutiese waarde van haar mandalas en bied 'n kort werkswinkel aan oor dié kuns. Kaartjies sluit een mandala en jou stel kleurpotlode in.

8 Maart 10:30 | Batavia Boutique Hotel | 120min | R250 | R270 by die deur

Marinda van Zyl: Amraal

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

In 2015 haal Marinda van Zyl se manuskrip *Amraal* die kortlys van NB-Uitgewers se Groot Afrikaanse romanwedstryd. Dié verhaal vertel van Amraal Lambert se strewe rondom 1800 om sy kinders buite bereik van die inboekstelsel te hou. Want Khoi-khoi is tot hulle 25ste jaar by blanke koloniste ingeboek. Elna van der Merwe in gesprek met die skrywer.

5 Maart 15:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Maud Vanhauwaert: Wij zijn evenwijdig

Moontlik gemaak deur die Nederlandse Taalunie,

Kaapse Forum vir Neerlandistiek, Fonds

Neerlandistiek en Van Ewijck-stigting

Maud Vanhauwaert, Belgiese digter en aktrise, wen in 2015 die Publikesprijs Herman de Coninckprijs vir haar bundel, *Wij zijn evenwijdig*. Digter en dosent Alfred Schaffer gesels met haar. Met 'n voorlesing deur die digter. Prima-poësie uit die Lae Lande.

11 Maart 12:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Misdaadskrywers: feit of fiksie?

Aangebied deur Lapa

Hoe hanteer skrywers navorsing rondom misdaad? Is die grense wat jy nie mag oorstee nie dieselfde vir skrywers van nie-fiksie en fiksie? Krimi-skrywers Martin Steyn en Henk Breytenbach gesels met joernaliste Riette Rust en Carla van der Spuy oor feit vs. fiksie wanneer dit my misdaad-skryf kom.

12 Maart 15:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

My kind, my memoire

Aangebied deur Lapa, Jonathan Ball en Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Hoe skryf 'n ma oor die trauma wat haar kind beleef? Is dit 'n manier om sin te gee aan jou kind se lewe en jou struweling? Taalpraktisyn en oud-redakteur Mandi Botha stel dié vrae, en meer, aan Marga van Rooy (*My kind is 'n skisofreen*), Juliana Coetzer (*Bloedvreemd*) en Douwleen Bredenhann (*'n Hemelhoë hekkie*).

7 Maart 15:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Nicol Stassen: Die Dorslandtrek

Aangebied deur Protea

Van Nicol Stassen se boek sê André Wessels dit is “so omvattend en ensiklopedies van aard, dat die legkaart van die Dorslandtrek van 1874 tot 1881 vir alle praktiese doeleindes nou voltooi is”. Stassen tree in gesprek met Fransjohan Pretorius en Andries Bezuidenhout oor hierdie kragtoer.

11 Maart 17:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Nicola Hanekom: Land van skedels

Aangebied deur Protea

Land van skedels fokus op die ervaring van vroue in konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog en het verskeie toekennings ontvang, onder andere die Fiësta vir teaterontwerp en beste nuwe Afrikaanse produksie. Wim Vorster gesels met die dramaturg, vervaardiger en aktrise Nicola Hanekom.

5 Maart 15:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Paige Nick: Death by Carbs

Presented by N&B Books

When someone kills dieting guru Professor Tim Noakes, Detective Bennie September has more suspects than solutions. In this hilarious novel, Paige Nick prods and pokes at both the fans and the detractors of South Africa's biggest dieting craze. Don't miss this talk between Paige Nick and Helen Moffett.

11 Maart 15:30 | HB Thom Foyer | 60min | R50 | R60 at the door





Rachelle Greeff: Die naaimasjien en ander verhale

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Rachelle Greeff gesels met Hennie van Greunen oor haar nuwe kortverhaalbundel, *Die naaimasjien en ander verhale*. Rachelle se stories vertel van stukkende mense en hulle stiltes, maar ook hulle vermoë tot liefde anderkant stereotipes en vooropgestelde verwagtings.

9 Maart 14:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Randall Wicomb: Kleur – my lewe, my lied

Aangebied deur Naledi

In hierdie biografiese verhaal vertel Randall Wicomb vir Amos van der Merwe van die humor, suksesse en mislukkings wat van hom 'n huishoudelike naam gemaak het. Hy gesels openhartig oor sy familie, die duur prys van roem, en hy onthou die besondere mense wat sy loopbaan beïnvloed het.

8 Maart 15:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Regardt van den Bergh

Aangebied deur Lux Verbi, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Bekende akteur en regisseur Regardt van den Bergh gesels met Danny Fourie oor sy lewe, sy suksesse en teleurstellings, die Suid-Afrikaanse filmbedryf en die onvergeetlike ontmoeting met God wat sy hele lewe vir goed verander het.

9 Maart 12:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Reisverhale-slypskool

Aangebied deur LitNet en Sanlam

Kom leer by skrywers Johan Bakkes, Gerrit Rautenbach en Nanette van Rooyen hoe 'n goeie reisverhaal moet lyk, hoe om lesers se aandag enduit te hou en waar om jou verhale te publiseer. Hulle bespreek deelnemers se reisverhale en gee praktiese raad. Middagete ingesluit.

5 Maart 09:00 | Weltevreden | 360min | R500

Riekert Botha en Albert Theron: Wanneer seerkry en God se koninkryk ontmoet

Aangebied deur CUM

Gemeenteleiers spartel om te keer dat kerke nie ontvolk nie en kom soms vorendag met eenaardige maniere om die kerk meer "relevant" te maak. Ander mymer weer dat die kerk hulle teleurstel en seermaak. Riekert Botha en Albert Theron gesels met Theo Geyser oor *Wanneer seerkry en God se koninkryk ontmoet*.

7 Maart 14:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Robin Brown: The Secret Society

Presented by Penguin Random House

Robin Brown is in conversation with Bill Nasson about Cecil John Rhodes's secret society. The society was set up to establish a new world order and played a key role in the governance of Britain during the Great War. It shows how Rhodes's powerful influence persists in institutions such as the Rhodes Scholarships and the Mandela Rhodes Foundation.

10 March 10:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 at the door

Ronelda Kamfer: Hammie

Aangebied deur Kwela, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Die verse in Ronelda S. Kamfer se jongste bundel, *Hammie*, eggo temas uit haar vorige werk, maar ondersoek veral die komplekse en intieme verhouding tussen ma en dogter. Dit gaan oor verlies, oor dinge wat ongesê bly, oor die woorde tussen woorde. Ronelda op haar beste – in gesprek met Annemarie van Niekerk.

7 Maart 17:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Sjef Snoekie laat die potte sing

Aangebied deur Lapa

Marlise Scheepers se treffer "Beige Ford Cortina" is al diep in die 90 000 keer op YouTube gekyk. Sy deel haar resepte en staaltjies met Mariëtta Kruger. En sing later wanneer die kuiery lekker raak.

4 Maart 18:00 | De Vette Mossel | 180min | R220 | R240 by die deur

Storievuur met Johan Bakkes

Kom kuier om die vuur saam met storievertellers Johan Bakkes, Lien Botha, Wilna Adriaanse en Regardt van der Bergh. Piet Botha sorg vir die musiek. Jou kaartjie sluit ook 'n lekker ete in. Elke jaar 'n onbetwiste hoogtepunt op die Woordfees-program.

11 Maart 18:00 | De Vette Mossel | 180min | R220 | R240 by die deur

Sugar Man: The Birth, Death and Resurrection of Sixto Rodriguez

Presented by Penguin Random House

Craig Bartholomew Strydom and Stephen Segerman's book explores the life and career of an iconic but elusive musician, as well as the odyssey of two Rodriguez fans to find out what had happened to their hero. They also reflect on the pursuit of die-hard filmmaker Malik Bendjelloul to bring the story to Oscar-winning celluloid. The authors talk to Danie Marais.

7 March 10:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 at the door



Theuns Eloff: Wat nou, Suid-Afrika?

Aangebied deur Tafelberg, 'n druknaam van NB-Uitgewers

Om braaivleisvure vlam kommer amper net so hoog op soos die vonke. In *Wat nou, Suid-Afrika?* Kyk die oudrektor Theuns Eloff na die kwessies op almal se lippe – armoede, die swak ekonomie, die oppergesag van die wet, onderwys, taal en kultuur – en hy wys hoekom die glas nog half vol is. Hy praat met Max du Preez.

7 Maart 17:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Tinus Horn: Boas Mei is verward

Aangebied deur Penguin Random House

Wat is normaal? Joan Hambidge gesels met Tinus Horn oor die unieke en bizarre uitkyk wat sy hoofkarakter, Boas Mei, op die lewe het, asook die spel wat die skrywer met sy leser speel. Dié boek is volgens Hambidge “vaartbelyng geskryf met duiwels wat ondergronds dans”.

7 Maart 10:30 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

Tom Lanoye en Daniel Hugo: Gelukkige slawe

Aangebied deur Protea

Die immergewilde Belgiese skrywer Tom Lanoye, wat in 2013 die Constantijn Huygens-prijs vir sy oeuvre ontvang het, gesels met sy Afrikaanse vertaler, Daniel Hugo, oor sy roman *Gelukkige slawe*. Literêre pitkos uit die boonste rakke.

5 Maart 12:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Vlam in die sneeu: Die briewe van André P. Brink en Ingrid Jonker

Aangebied deur Penguin Random House

André P. Brink en Ingrid Jonker se liefdesverhouding het die verbeelding van bewonderaars aangegryp. Hul korrespondensie het van April 1963 tot April 1965 geduur. *Vlam in die sneeu* is 'n roerende boekstaving van hulle liefde. Francis Galloway, Kerneels Breytenbach en Karin Schimke gesels oor dié belangrike boek.

8 Maart 12:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Wêrelde weg, wêrelde naby

Moontlik gemaak deur die Nederlandse Taalunie,

Kaapse Forum vir Neerlandistiek, Fonds

Neerlandistiek en Van Ewijck-stigting

Ons mag dalk wêrelde weg van mekaar woon, maar ons taal is na aan mekaar. Kom hou piekniek saam met 'n verskeidenheid Nederlandse, Belgiese en Afrikaanse digters en skrywers, musikante en taalliefhebbers. Met voorlesings, musiek en kos uit die Lae Lande en Suid-Afrika. Hierdie belof om 'n makietie vir jonk en oud te wees wat jy nie wil misloop nie!

6 Maart 15:00 | Weltevreden | 180min | R100 | R120 by die deur

Willem Anker: Samsa-masjien

Aangebied deur Protea

Soos Gregor van die Kafka-verhaal, ondervind Gregor Samsa 'n stelselmatige insekwording, wat deur sielkundiges, psigiaters en dokters toegeskryf word aan die ouditiewe en taktiele hallusinasies van dementia-lyers. *Samsa-masjien* het verskeie Kanna- en Fiësta-toekennings ontvang. Tertius Kapp gesels met die bekroonde drama-turg.

5 Maart 09:00 | HB Thom-Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur



Willie Esterhuysen: Geagte Jahwe

Aangebied deur Naledi

In opvolg tot *God en die gode van Egipte* en *Die God van Genesis*, sluit Willie Esterhuysen dié trilogie af met *Geagte Jahwe*, elf briewe gerig aan God. Chris Jones gesels met die skrywer oor die stryd tussen gelowe, die ineenstorting van samelewings en hoe om na die wêreld te kyk in 'n gees van omgee.

11 Maart 15:30 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Yolande Korkie: 558 dae in Yemen

Aangebied deur CUM

558 dae in Yemen is die aangrypende ware verhaal van Yolande en Pierre Korkie, wat in 2013 deur Al Kaïda aangehou is in Jemen. Yolande is later vrygelaat maar Pierre is na 558 dae oorlede. Monique Strydom gesels met Yolande en Maretha Maartens oor dié uitsonderlike boek.

9 Maart 14:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur



Anne-Gine Goemans: Honolulu King

Moontlik gemaak deur die Nederlandse Taalunie, Kaapse Forum vir Neerlandistiek, Fonds Neerlandistiek en Van Ewijck-stigting

Anne-Gine Goemans is bekend van haar romans *Glijvlucht* en *Ziekzoekers*. Met *Ziekzoekers* wen sy die Anton Wachterprijs. *Glijvlucht* word beloond met die Dioraphte Jongeren Literatuur Prijs. Haar nuutste literêre spanningsroman, *Honolulu King* is op ware gebeure gebaseer. Hardy Hardy, oorlogslagoffer uit Nederlands-Indië, loop met 'n verskriklike geheim. Mag Vrymesselaars met hulle geheimhoudingsplig 'n misdadig verswyg? Alfred Schaffer in gesprek met die bekroonde skrywer.

12 Maart 10:30 | HB Thom Foyer | 60min | R50 | R60 by die deur

TAFELBERG MEUBELS

Die Grootste Keuse is ons Leuse !

www.tafelberg.co.za

ALTYD 'N BETER TRANSAKSIE !

- 'n Maatskappy van Wes-Kaapse oorsprong wat die gemeenskap al vir meer as 50 jaar dien
- Grootste reeks klein en groot kombuistoestelle, meubels, beddens, linne en oudiovisuele produkte
- Al die top handelsname en eksklusiewe reekse
- Oop 7 dae 'n week en voldoende parking
- Vriendelike diens en deskundige advies
- Voorraad en afleweringdiens geredelik beskikbaar
- 9 Takke gerieflik geleë in die Wes-Kaap en Boland areas
- 2 Takke nou ook in Gauteng: Alberton (langs Alberton City) & Roodepoort (Hillfox Value Centre)
- Ons aanvaar alle Kredietkaarte, RCS-en Kaapse Verbruikers-kaarte



bsmart
OPEN MERKINGS

eBucks
eBucks is 'n elektroniese bonusprogram wat u toelaat om te koop te doen en te bespaar op die Tafelberg Meubels se webwerf.



BELLVILLE - 021 944 3330

CAPEGATE • DIEPRIVIER • GROENPUNT • SOMERSET-WES • PAARL

PARKLANDS • N1-NORTHGATE ESTATE • TOKAI

ROODEPOORT • ALBERTON

info@tafelberg.co.za

Sluit aan
by ons



&



**Kom *Praat Saam* by RSG
daagliks tussen 08:00 - 09:00,
ondersteun deur USB-BO**

Volhoubaarheid
Bemarking **AFRIKA**
Entrepreneurskap Wysheid
Leierskap **Projek**
Bestuursontwikkeling **Aanlyn**

Kontak ons: +27 21 918 4488 | info@usb-ed.com



Bestuursontwikkeling Bpk
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

www.usb-ed.com

Wes-Kaap,
Suid Afrika
t: +27 (0)21 918 4488
e: info@usb-ed.com

Gauteng,
Suid Afrika
t: +27 (0)11 460 6980
e: info@usb-ed.com

KwaZulu – Natal,
Suid Afrika
t: +27 (0)31 535 7117
e: info@usb-ed.com

Dar Es Salaam,
Tanzania
t: +255 757 252 533
e: africa@usb-ed.com

Res van Afrika
t: +27 (0)82 415 8484 /
+27 (0)11 460 6988
e: africa@usb-ed.com



DISKOERS

RSG Nuus en RSG bied weer opwindende regstreekse uitsendings aan vanuit die Plataan agter die US Kunsmuseum. Kom luister gerus gratis na:

Monitor, 7 – 11 Maart, 06:00 tot 08:00.

Praat Saam, 7 – 11 Maart, 08:00 tot 09:00: 'n Boeiende reeks gesprekke onder die vaandel van RSG en USB-ED – kom stel gerus jou vrae!

Spektrum, 7 – 11 Maart, 13:00 tot 14:00: Die RSG-span voer interessante onderhoude met 'n verskeidenheid gaste – brandend en aktueel.

Naweek Aktueel, Saterdag 12 Maart, 12:00 tot 13:00: Die aktualiteitsprogram met 'n verskil. Vir mense wat wil wegbreek en anders na die lewe kyk.

Kom geniet elke dag 'n heerlike ontbyt en middagete in Die Plataan (vir eie rekening).

ATKV Debat-finaal – Stellenbosch-uitdunne

Aangebied deur die ATKV en die SR

Ongeveer 20 spanne van verskillende koshuise en PSO's redeneer sake uit in die finale US rondte van die ATKV Universiteite-debatkompetisie.

Vir meer inligting, skakel Marike Madsen-Leibold: 18248624@sun.ac.za, 078 353 7080

10 Maart 18:00 | Die Plataan | 120min | Gratis

BESTE PROFESSOR

Andreas van Wyk lei hierdie gewilde reeks waarin hy vriende vanuit die akademie nooi om oor aktuele kwessies te gesels.

Demokrasie en die regstaat – het dit 'n toekoms in Afrika?

Willie Breytenbach (politieke wetenskaplike) laat hom uit oor die pad vorentoe vir demokrasie op ons kontinent.

7 Maart 12:00 | Die Khaya | 50min | R30 | R40 by die deur

Die Suid-Afrikaanse staat en ekonomie vóór en ná 1994 – het die luiperd sy kolle verander?

Simon Bekker (sosioloog) hou sy lyf ekoloog en probeer hierdie vraag beantwoord.

8 Maart 12:00 | Die Khaya | 50min | R30 | R40 by die deur

Grondhervorming – waar staan ons?

Nick Vink (landbou-ekonomiese) gesels oor 'n onderwerp wat maar net nie wil gaan lê nie: grondhervorming in Suid-Afrika. Die gesprek fokus op die spanning tussen politiek en ekonomie.

9 Maart 12:00 | Die Khaya | 50min | R30 | R40 by die deur

Suid-Afrika en die wêreld ekonomie

Ben Smit (ekonoom) gee sy opinie oor Suid-Afrika se toekoms – al dan nie – as ’n internasionale ekonomiese rolspeler.

10 Maart 12:00 | Die Khaya | 50min | R30 | R40 by die deur

Staatskas – is ons op ’n glybaan?

Estian Calitz (ekonoom) besin oor Suid-Afrika se staatsfinansies.

11 Maart 12:00 | Die Khaya | 50min | R30 | R40 by die deur

Die Grondwet – wat is die rol van jeugleierskap?

Met: Christo van Rheede, Flip Buys, Theuns Eloff en Sias Mostert as die moderator
Op 8 Mei 1996 het Suid-Afrika se geskiedenis ’n buigpunt beleef met die indiening van die grondwet in Afrikaans by die Grondwethof. Die gebeurtenis het verder wêreld-geskiedenis gemaak deur ’n voorbeeld te stel van versoening en samewerking. Elke jaar word meer as miljoen jongmense mondig; hoe lyk die bydrae van jeugleierskap tot die bereiking van die beginsels in die grondwet? Wat is die rol van jeugleierskap? Hoe sou kriteria lyk wat mense as bakens kan gebruik om te weet of hulle op koers is met aksies ter belyning van die beginsels? Die diskoers gaan spesifiek reflekteer op die inhoud van die grondwet en hoe dit gebruik kan word as ’n basis vir die jeugleierskap-toekennings wat in 2016 deur e’Bosch Erfenisprojek gemaak word.

7 Maart 18:30 | Die Plataan | 50min | Gratis

Etiese mediese navorsing in Afrika: Is dit moontlik?

Moontlik gemaak deur Edwin Hertzog en Mediclinic

Met: Mariana Kruger, Hoof aan die US Pediatrie en Kindergesondheid, Lyn Horn, US Navorsingsetiekdeskundige en Navorsingsintegriteitbeampte, met Anton van Niekerk, direkteur: US Sentrum vir Toegepaste Etiek, as die gespreksleier.

Die Afrika-kontinent dra baie swaar aan siektes en epidemies. Heelwat mediese navorsing, veral deur oorsese agente, word in Afrika gedoen. Die vraag is of Afrika werklik voordeel daaruit trek, en of die Weste meer bevoordeel word deur navorsing in Afrika. Kom luister hoe deskundiges wat pas ’n boek hieroor gepubliseer het, hierdie aktuele morele vraagstuk bespreek.

9 Maart 15:30 | ATKV-Boektent | 60min | Gratis

Filosofiekafee

Filosowe kop-aan-kop met ander woordsmouse en wysgere. Kom kyk hoe hulle mekaar mislei, bedrieg en woorde ryg en trek soos tande. Jy kry ook oudergewoonte die geleentheid om te stem vir jou gunsteling bogprater. Maak gou – hierdie gewilde kafee is altyd eerste tjok-en-blok bespreek.

7 Maart 19:00 | De Vette Mossel | 120min | R60 | R70 by die deur



FNB MEGABOERE

Kom ontmoet 'n paar van Suid-Afrika se grootste boere wanneer hulle in gesprek tree met die politieke wetenskaplike dr. Piet Croucamp van die UJ en Stellenbosse landboukundige, prof. Mohammad Karaan.

Phillip Retief – Van Loveren

In 1939 maak Hennie Retief Sr sy eerste wyn ('n muscadel) op die Van Loveren-familieplaas in die Robertsonvallei. Saam met sy seuns, Nico en Wynand, bottel hulle die eerste wyne onder die Van Loveren-etiket in 1980. Uiteindelik sluit vier kleinseuns ook aan by die boerdery, vandag bekend as die vier neefs in die bedryf (handelsnaam Four Cousins). Van Loveren is Suid-Afrika se grootste familie-wynmakery.

7 Maart 09:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Jean Engelbrecht – Rust en Vrede

Rust en Vrede, die eerste wynlandgoed in privaatbesit wat spesialiseer in die eksklusiewe produksie van rooiwyn, produseer in 1980 die eerste Cabernet Sauvignon-Shiraz-Merlot-versnit. Rugbylegende Jannie Engelbrecht gee in 1998 die leisels oor aan sy seun, Jean, wat die spoglandgoed verder uitbou. Hoewel Rust en Vrede tegnologie, wetenskap, idees en geleenthede tot hul beskikking het, meen Jean mense met passie en 'n respek vir die omgewing is deurslaggewend.

8 Maart 09:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Kallie Schoeman – Schoeman Boerdery

Schoeman Boerdery bestaan al vanaf 1919 en Kallie is reeds vir 37 jaar aan stuur van sake. Die familieboerdery staan hoofsaaklik op twee bene: akkerbou in die distrik Delmas en sitrus op die bekende plaas Moosrivier by Marble Hall. Mense is hul grootste bate en Kallie streef daarna om goeie verhoudings te handhaaf. Kallie was in 1991 Boer van die Jaar en dien tans op verskeie direksies van landboubesighede.

9 Maart 09:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Francis Visagie – Nanibees

Op die plaas Nanibees naby Kakamas in die Boesmanland boer Francis Visagie reeds dekades lank met sy gunsteling skaapas, die Dorper. Vir Francis is dit belangrik dat die ras waarmee 'n mens boer, in die omgewing kan aanpas. Hierdie beleid het hom in 1989 en in 1991 die titel van Meesterbewaringsboer in Kenhardt besorg. Visagie is een van die grootste Dorperboere in die land.

10 Maart 09:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

Louis en Cora de Kock – WildeKlaver

Louis en Cora de Kock van WildeKlaver by Barkley-Wes in die NoordKaap, is Suid-Afrika se grootste uie-producent vir sowel die plaaslike as die internasionale mark. Binne seisoen pak die maatskappy meer as 2,4 miljoen uie per dag. Hulle lewer 'n aansienlike bydrae tot die land se aartappelproduksie en verskaf omtrent 5% van Suid-Afrika se aartappels. Wildeklaver verbou ook pitlose waatlemoene.

11 Maart 09:00 | ATKV-Boektent | 60min | R50 | R60 by die deur

As Megaboere braai...

Kom kuier saam met Stellenbosser Jan-Boland Coetzee wanneer hy en 'n klompie van die boere uit die kykNET FNB Megaboere-reeks doen waarmee boere die beste is: op die stoep sit en stories vertel! Tussendeur sal daar gebraai word om enige ongemaklike stiltes te vul.

12 Maart 18:00 | De Vette Mossel | 180min | R220 | R240 by die deur

FREDERIK VAN ZYL SLABBERT-GESPREEKREEKS

Ondersteun deur die Frederik Van Zyl Slabbert Stigting

Henry Jeffreys, voormalige redakteur van *Die Burger*, is die gespreksleier.

Vakbonde en die dekade vorentoe

Vakbonde sê hulle is pleitbesorgers vir maatskaplike en ekonomiese geregtigheid in Suid-Afrika, maar word beskuldig dat hulle ekonomiese groei en werkskepping kniehalter. Hoe lyk 'n relevante, verantwoordelike vakbond in die Suid-Afrika van die toekoms? Moet vakbonde nie meer doen om hul lede op te lei en só te bemagtig, eerder as om net die ou stakingsresepte te volg nie?

7 Maart 19:00 | Die Khaya | 50min | Gratis

Nasionale Ontwikkelingsplan – gedoem tot papier?

Is die nasionale ontwikkelingsplan net nog 'n papiertjie? Uit verskillende sektore in Suid-Afrika is die NOP verwelkom as 'n werkbare plan om Suid-Afrika op 'n suksesvolle koers te plaas. Tog lyk dit of die regering se aptyt om die plan in werking te stel, nie daar is nie. Waarheen nou?

8 Maart 19:00 | Die Khaya | 50min | Gratis

Stembus 2016

Suid-Afrikaners stem binnekort in die plaaslike regeringsverkiesings. Hoe wil die ANC en die DA, die twee sterkste partye, vir ons die soort plaaslike regering en dienslewering gee wat ons verdien?

9 Maart 19:00 | Die Khaya | 50min | Gratis



GELOOF OP DIE MARKPLEIN-GESPREKSREEKS

Hierdie reeks word aangebied deur die Moederkerk. Johan van der Merwe is die gespreksleier.

Wat maak mens bly? Oor geluk en geloof

Met: Nadia Marais, Marius Ungerer en Jannie le Roux

Die wetenskap van geluk is deesdae 'n lewendige interdisciplinêre diskoers. Wat laat 'n mens se hart sing? Gelowiges sou dalk wou sê "God"? Maar wat bepaal geluk ... en help God?

8 Maart 10:30 | ATKV-Boektent | 50min | Gratis

Bly of gly? Oor emigrasie na binne of na ver

Wat het geword van 'n gelowige se "roeping" en dat God jou op 'n plek en tyd geplaas het om daar 'n verskil te maak? As 'n gelowige die tentpenne optrek en groener weivelde in ander lande gaan soek, of na binne emigreer en apaties staan teenoor gebeure in Suid-Afrika, is dit nie 'n mosie van wantroue in God nie? En het materialisme, en in sommige gevalle rassisme, nie dan die oorhand gekry nie?

9 Maart 12:00 | ATKV-Boektent | 50min | Gratis

Wat is vandag nog "bly" aan die "Blye Boodskap"?

Met: Stephan Joubert, Piet Naude en Julie Claassens

Die woord "evangelie" kom van die Grieks "euangellion" en dit beteken die goeie of blye boodskap. 'n Mens wonder egter of die nuus wat eng'lekore eens oor herdersvelde uitgesing het, vandag nog ter sake is. En met soveel vrae oor die gesag van die Bybel, wat is nog "goed" en "bly" aan hierdie boodskap?

10 Maart 14:00 | ATKV-Boektent | 50min | Gratis

In watter kerk bly God? Oor kerk-kompetisie en Godsverbruik

Met: o.a. Amos Petersen, Daleen Myburgh en Sias le Roux

Soos 'n supermark - daar is 'n kerk vir elke smaak. Kan ons van die McDonaldisering van geloof begin praat? Is kerk net nog een van die vermaaklikheidsopsies van ons dag? Mag 'n kerk bemark en wie wen hierdie resies?

11 Maart 12:00 | ATKV-Boektent | 50min | Gratis

Genealogie – Hoe, waar en wie is ek?

Aangebied deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA)

Wat is die genealogie en hoe haal jy jou eie voorsate uit die geskiedenisboek? Kom kyk na GISA se genealogiese bronne en begin dadelik met jou eie navorsing! Al hoe meer mense doen dit. Daar is elke oggend 'n lesing oor hoe om met navorsing te begin, watter bronne om te gebruik en hoe om probleme te oorkom. Bespreek vinnig by 021 887 5070 – beperkte sitplekke.

**7 – 11 Maart 09:00 | Banhoekweg 115 | 60min |
Gratis (besprekings noodsaaklik)**

Kan 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika meertaligheid bekostig?

Aangebied deur die Vriende van Afrikaans / ATKV; ondersteun deur Ed en Barbara Coombe

Met: Mbulungeni Madiba, mede-professor en koördineerder van die Meertalige Opvoedkundige projek aan die Universiteit van Kaapstad en voorsitter van Pansat, Karien Brits, taalbestuurder by die ATKV, Mamokgethi Phakeng, betrokke aan UNISA, asook Maylene Basson, leerondersteuningsadviseur van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, en ander. Leon de Stadler, direkteur van die Taalsentrum aan die Universiteit van Stellenbosch, is die gespreksleier.

Waarom word alles in Suid-Afrika nie maar net Engels nie? Is dit nie in elk geval wat besig is om te gebeur nie? Wie lê watter skuld voor wie se taaldeer? In hierdie broodnodige gesprek oor meertaligheid in onderwys, praat verskillende rolspelers in die onderwys kaalvuis. Daar word verder gesoek na praktiese voorstelle vir die implementering van meertaligheid in ons skole en gemeenskap.

5 Maart 12:00 | Die Khaya | 120min | Gratis



MAX DU PREEZ-GESPREKSREEKS

Historici en die publieke domein: hoe word die publiek ingelig oor die verlede?

Met: Max du Preez en prof. Albert Grundlingh

7 Maart 17:00 | Die Khaya | 50min | Gratis

Die media: meer inligting maar minder kennis en wysheid?

Met: Max du Preez en prof. Lizette Rabe

8 Maart 17:00 | Die Khaya | 50min | Gratis

Met bier en bloed en dans en trom

Afrikaanse kunstefeeste en Van Wyk Louw se kultuurkritiek

In die gees van N.P. van Wyk Louw se 'oop gesprek' tree Tertius Kapp (2015 se Hertzogpryswenner vir drama) op as fasiliteerder vir 'n dialoog tussen twee omvattende stelle idees. Aan die een kant is Van Wyk Louw se kultuurkritiek, sedert die 1930s 'n roer en weerspieëling van Afrikanerdenke. Aan die ander kant is die kunstefeeste as 'n ontlukende, grootliks ongeformuleerde kultuurverskynsel wat oor die afgelope twintig jaar die grootste platform vir Afrikaanse kultuur geword het. *Hierdie lesing is oorspronklik aangebied as 'n voordrag by die Universiteit van Johannesburg by geleentheid van die jaarlikse NP van Wyk Louw-gedenklesing op 10 September 2015.*

12 Maart 15:30 | HB Thom-Foyer | 70min | Gratis



Minstens drie tale vir staatsinstansies: Laksheid of onwilligheid?

Met: Anne-Marie Beukes van die Departement Linguïstiek (Universiteit van Johannesburg) en voorsitter van die Afrikaanse Taalraad en Cerneels Lourens, prokureur en taalaktivis van Brits.

Die Taalwet van 2012 vereis dat die 207 staatsdepartemente, openbare entiteite soos Eskom en openbare onderneming soos die nasionale lugdiens 'n taalbeleid opstel waarin onder meer met minstens drie tale rekening gehou moet word. Die Afrikaanse Taalraad het in samewerking met die Departement Linguïstiek van die Universiteit van Johannesburg vasgestel dat in November 2015 nog geen 30 persent van die instellings die Taalwet se verpligtings opgevolg het nie en dat die res dit miskien maar bloot as 'n lastigheid beskou. Gaan dit hier om laksheid of onwilligheid en 'n toegee aan die maklike uitweg van Engels ten koste van die publiek se taalregte? Of word daar nie oor die kundigheid beskik om 'n billike taalbeleid op te stel nie? Hoe moet opgetree word teenoor onwillige staatsinstansies? Wat is die konsekwensies van die huidige situasie vir Afrikaans? Die twee deelnemers bespreek al die moontlikhede van optrede: positief of negatief.

11 Maart 14:00 | HB Thom-Foyer | 50min | Gratis

PRAAT SAAM



Ondersteun deur USB-ED

Weens die aktuele aard van die onderwerpe en die onvoorspelbare dagboeke van die sprekers sal die volledige program met sprekers vir Praat Saam en die Woordfees-gesprekreeks op 1 Februarie 2016 op die US Woordfees se webwerf, www.sun.ac.za/woordfees, aangekondig word.

Praat Saam word, soos in die verlede, regstreeks op RSG uitgesaai. Die politieke kommentator Max du Preez is die gesprekleier.

Nasiebou en 'n gedeelde geskiedenis

Kenia het 'n kommissie vir nasionale kohesie en integrasie. Is nasiebou werklik 'n proses wat van bo af aan mense geleer kan word? Maar hoe gemaak om dit van onder te leef?

7 Maart 08:00 | Die Plataan | 50min | Gratis

Besigheid en burgerskap

Is 'n besigheid se enigste doel om geld te maak? Hoe kan 'n besigheid bydra tot goeie burgerskap? En wat is hul maatskaplike verantwoordelikheid?

8 Maart 08:00 | Die Plataan | 50min | Gratis

Afrika se armoede – alles die politici se skuld?

Sub-Sahara Afrika is al beskryf as die wêreld se armste deel. Sommige meen dit is deels te wyte aan die gebrek aan insentief vir politici om goeie dienslewering na te streef. Maar wat is nodig om hierdie insentief te skep? En is die antwoord werklik so eenvoudig?

9 Maart 08:00 | Die Plataan | 50min | Gratis

Die twee kante van ervaring

Ons sit met 'n groot aantal ouer mense wie se kennis en ervaring weens verpligte aftrede verlore gaan. Terselfdertyd het byna 'n kwart van SA se jeug nie werk nie. Hoe maak 'n mens die meeste van die ouer geslag se vernuf en vaardighede sonder om die jonges 'n werkgeleentheid te ontnem?

10 Maart 08:00 | Die Plataan | 50min | Gratis

Die Westerse bril waardeur ons kyk

Die Westerse wêreldbeskouing is die bril waardeur die meeste van ons gebeure waarneem, verstaan en verwerk. Hoe gaan die toenemende migrasie van mense – uit eie keuse of weens oorloë – hierdie Eurosentriese vertrekpunt beïnvloed in die volgende twee of drie dekades?

11 Maart 08:00 | Die Plataan | 50min | Gratis

SCIENCE CAFÉ STELLENBOSCH

Dave Pepler is die gespreksleier van hierdie gewilde gespreksreeks, onder die vaandel van die Fakulteit Natuurwetenskappe, waar die nuutste idees uit die wetenskap en tegnologie onder die mikroskoop kom.

Die mikrobies maak die mens

Met: Gideon Wolfaardt, direkteur van die SU Water Instituut en professor in mikrobiologie aan die Universiteit Stellenbosch

Daar leef tien keer meer mikrobies op en binne jou, as die totale aantal selle waaruit jy bestaan. Tog het die wetenskap eers onlangs begin om die verband tussen jou unieke mikrobiële ekosisteem (die vele bakterieë, gisse, parasiete, virusse en enkelsellige eukariote wat binne in en buite op jou leef) en jou gesondheid te ondersoek.

8 Maart 18:30 | Die Plataan | 50min | Gratis



Wat maak ons lewendig?

Met: Jannie Hofmeyr, uitgelese professor in biokompleksiteit en biochemie en mede-direkteur van die Stellenbosch Sentrum vir Komplekse Sisteme in Transisie. Hoe is dit moontlik dat ons as mense groei, metaboliseer, voortplant, ontwikkel, aanpas en selfs evolueer? In sekere vakgebiede begin wetenskaplikes na selle kyk as outonome, self-vervaardigende fabriek wat ons liggame bou en in stand hou. As ons dus die lewe self – of die oorsprong daarvan – wil verstaan, moet ons eers hierdie proses verstaan.

9 Maart 18:30 | Die Plataan | 50min | Gratis



Die evolusie van velkleur

Met: Dr Lester Davids, 'n molekulêre selbioloog en hoof van die Redox Laboratorium aan die Universiteit van Kaapstad

Watter velkleur was ons oer-voorouers toe hulle meer as twee miljoen jaar gelede uit ekwatoriale Afrika weg getrek het om die res van die wêreld te bevolk – wit, donker, bruin, swart? Wat is die verband tussen verskillende klimate, vlakke van ultraviolet-bestraling en die kleur van ons velle? En wat gebeur wanneer ons van een klimaatstreek na 'n ander beweeg?

11 Maart 18:30 | Die Plataan | 50min | Gratis

STIAS-GESPREEKKE

Ikone as vensters op genade

Met: John De Gruchy en Barry van der Merwe in gesprek met Theo Geysler

Kan jy genade ervaar deur middel van ikone? Die Ortodokse kerk het deur die eeue heen die ikoonrykdom bewaar. Kan hierdie ikone iets beteken vir die huidige vercharismatiseerde kerkwêreld (vernuwingskerke), en kan jy God werklik ervaar deur middel van 'n ikoon? Die gesprek word vervleg met musiek, die visuele kunste en poësie. 'n Aparte byeenkoms vir kinders word tydens die sessie aangebied, *Ikone in kindertaal*.



6 Maart 09:00 | Wallenbergsentrum @ STIAS, Maraisstraat 10 | 60min | Gratis

Die rol wat ruimte en spiritualiteit in 'n postmoderne samelewing speel

Met: Strijdom Van Der Merwe en Barry van der Merwe in gesprek met Theo Geysler

Hoe beïnvloed ruimte spiritualiteit en hoe beïnvloed spiritualiteit die ruimte waarbinne ons vandag leef? Hoe gaan toekomstige ruimtes lyk waarbinne mense spiritualiteit ervaar? Die gesprek word vervleg met musiek, die visuele kunste en poësie. 'n Aparte byeenkoms vir kinders word tydens die sessie aangebied, *Kreatiwiteit in kindertaal*.



13 Maart 09:00 | Wallenbergsentrum @ STIAS, Maraisstraat 10 | 60min | Gratis

STELLENBOSCH 360

Wat maak Stellenbosch uniek?

Fasiliteerder: Prof Andreas van Wyk

Deelnemers: Prof Wim de Villiers (US-rektor en vise-kanselier), Raadsheer Conrad Sidego (Burgemeester), Hilton Mandela Andries, Porchia Adams, Alayne Reesberg en Annemarie Ferns

Dit word dikwels beweer dat Stellenbosch 'n unieke plek is. Is dit inderdaad so? En wat beteken dit?

12 Maart 09:00 | ATKV-Boektent | 50min | Gratis

The South Africa I want

Met: o.a. Nico Koopman en Robert Vosloo (gespreksleier)

Op 3 Junie 1976 – kort voor die Soweto-opstand – lewer Beyers Naudé ’n toespraak op uitnodiging van studente by die Universiteit van Kaapstad met die tema: “The South Africa I Want”. In hierdie toespraak deel hy te midde van ’n onstuimige tyd iets van sy visie van hoe hy graag sou wou hê Suid-Afrika in die toekoms moet lyk. Dit is nou 40 jaar later en in hierdie gespreksgeleentheid word aan ’n paar openbare figure gevra na hulle visie vir Suid-Afrika vandag, ook in die lig van Beyers Naudé se toespraak en nalatenskap.

11 Maart 16:00 | Die Khaya | 50min | Gratis

WAT-GESPREEKSREEKS

Alhoewel die gespreksreeks gratis aangebied word, is dit noodsaaklik om jou plek te bespreek by Cecile of Tanja: 021 887 3113 of wat@sun.ac.za

Humor in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

Met: Frikkie Lombard

Snaakse woorde, uitdrukkings en segswyses. Daar word ’n blik gegee op Afrikaans se unieke streektale en die informele gebruik van Afrikaans. Verder word daar ook ’n kykie gegee van wat soms agter die skerms van ’n woordeboekprojek gebeur.

7 Maart 11:00 | Banhoekweg 115 | 40min | Gratis

Afrikaanse uitdrukkings: kosbaar of argaïes en dus irrelevant?

Met: Willem Botha

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* is die mees omvattende bron van Afrikaanse uitdrukkings. Daar is egter die persepsie dat “fossiele”, soos *agteros kom ook in die kraal*, betekenisloos en dus irrelevant vir die huidige geslag Afrikaanssprekendes is. Is dit werklik so en wat is die situasie in ander tale? En ontstaan daar nog nuwe uitdrukkings in Afrikaans?

9 Maart 11:00 | Banhoekweg 115 | 40min | Gratis

Woordeboek van die Afrikaanse Taal: verlede, hede en toekoms

Met: Willem Botha en Hanelle Fourie Blair

Werk aan die WAT het in 1926 begin toe daar geen verklarende Afrikaanse woordeboeke of ensiklopedieë bestaan het nie. Die WAT moes dus alles vir almal wees en soveel as moontlik inligting is in die definisies verstrek. Geld hierdie uitgangspunt nog? Hoe word die WAT vandag saamgestel en watter opwindende vooruitsigte is daar vir die nabye toekoms?

11 Maart 11:00 | Banhoekweg 115 | 40min | Gratis

TONEEL

Aartappels en *Ammo!*

Drama

Afr. OB (T)

Teks: Chris Vorster

Regie: Walter Strydom

Vervaardiger: GZ Produksies

Met: Chris Vorster

Aartappels en ammunisie – dís wat jy moet opgaan voor die Groot Ramp ons tref. Só glo 'n groep “regmakers”, ons eie *Doomsday Preppers*. 'n Desperate televisiejoernalis dokumenteer dié klomp. Hoe sal jy optree in 'n wêreld waarvoor jy nie mal óf mans genoeg is nie? Is jy reg vir die einde? Koop 'n kaartjie en kom vind uit.

5 Maart 16:00, 6 Maart 15:00, 7 Maart 20:30 | Hoërskool Lückhoff | 70min | R120 | R140 by die deur



A Doll's House

Drama

US Woordfees / National Arts Festival co-production

Eng. No u/16 PG

Script: Henrik Ibsen

Director and adaptation: Christiaan Olwagen

Choreographer: Ina Wichterich

Set design: Rocco Pool

Costume design: Birrie le Roux


Lighting design: Wolf Britz

Producer: Roelof Storm

With: Jennifer Steyn, Martin le Maitre, Anthea Thompson and Rob van Vuuren

In giving *A Doll's House* a contemporary setting, Christiaan Olwagen's acclaimed production shows why the play became a classic and why it is still one of the world's most performed pieces. A psychological thriller about partnership and power, marriage and money, love and lies. A play with strong feminist resonances that presents a woman's dilemma as a human dilemma.

12 March 11:00, 12 March 17:00, 13 March 11:00 | Rhenish Girls' High School | 115min | R120 | R140 at the door



After Dark in the Groot Marico

Drama

Eng. PG

Script: Stories by Herman Charles Bosman, adapted for the stage

Director and costumes: Tara Notcutt

With: Andrew Laubscher and Sive Gubangxa

The creative team of the award-winning *Mafeking Road* invites you on another trip through the Groot Marico. Oom Schalk Lourens introduces you to his world of love, music and a little bit of magic. "...A spectacular performance by Andrew Laubscher and Sive Gubangxa in which they bring life to the Groot Marico in a charming and poignant series of tales." – *Cue*.

7 March 15:00, 8 March 15:00, 13 March 12:30 | The Breughel Theatre | 60min | R90, R70 (students) | R100, R80 (students) at the door



Amper, Vrystaat

Drama

Afr. Geen o/16 (T)

Teks: Nico Scheepers, Cintaine Schutte, Milan Murray en Antoinette Louw

Regie: Nico Scheepers

Vervaardiger: Antoinette Louw

Met: Antoinette Louw, Milan Murray en Cintaine Schutte

Mense sê die Vrystaat is waar geheime die emmer skop, waar die aarde so plat is dat jy jou toekoms kan sien van 'n windpomp af. Drie vervreemde susters ontmoet vir Ma se begrafnis in Amper, 'n dorpie duskant nêrens. Daarby het die vreemde omstandighede rondom hulle ma se dood die hele kontrei aan die gons... Beste debuutproduksie, Vrystaat Kunstefees, 2015.

9 Maart 20:30, 12 Maart 15:00, 13 Maart 10:00 | Hoërskool Lückhoff | 60min | R110 | R130 by die deur



As

DEBUUT

Drama

Afr. Geen o/16 (T)


Teks en regie: Philip Rademeyer

Vervaardiger: Rust Co-Operative

Met: Stefan Erasmus en Jason Jacobs

Ses karakters skets die verhaal van 'n jong man: sy kinderdae in die Boland, sy verhouding met sy ouers, sy mensword in Kaapstad, die opwinding van eerste liefde. As is geïnspireer deur drie gewelddadige aanvalle op gay mans in die Wes-Kaap. Wenner (in Engels), Standard Bank Ovation Award, Nasionale Kunstefees 2015.

7 Maart 20:30, 11 Maart 20:30, 13 Maart 15:00 | Die Breughel Teater | 60min | R80 | R90 by die deur



Broodlyn

DEBUUT

Drama

Afr. Geen o/14 (T)

Teks: Hein Poole

Regie: Gaerin Hauptfleisch

Met: Maurice Paige, Kim Syster en Hein Poole

Frank worstel met sy besluit om sy familie se verdagte sakebelange te probeer bestuur. En om vrede te maak met sy swartskaap-broer wat sy eie verwagtinge oor die familiebesigheid het. Kan mens aan jou lot en jou agtergrond ontsnap, en sal ander jou toelaat om weg te stap van wat hulle beskou as jou verpligtinge teenoor hulle, selfs al is dit onwettig?

8 Maart 11:00, 10 Maart 18:00, 12 Maart 12:30 | Die Breughel Teater | 65min | R120 | R140 by die deur



Buite blaf die honde swart

'n KKNK- en US Woordfees-koproduksie

Drama

Afrikaans/Nederlands/Engels/Dagota

Geen o/16 (T) (N)

Teks: Bernard-Marie Loltès

Vertaling: Tertius Kapp

Musiek: Pierre-Henri Wicomb

Regie: Jaco Bouwer

Met: Dawid Minnaar, Tinarie van Wyk Loots, Albert Pretorius, Owen Manamela-Mogane

Uit die wagtoringe sing sekuriteitswagte vir mekaar om wakker te bly. Agter doringdraad staan ingenieurs die nag in. Desperaatheid hang in die soelte. 'n Geheimsinnige man kom soek na die lyk van sy broer en ontketen 'n stryd van wisselende grootte-orde. 'n Klassieke eietydse drama uit die pen van Bernard-Marie Loltès, die bekendste Franse dramaturg van die moderne era. *Combat de nègre et de chiens* (in Engels aangebied as *Black Battles with Dogs*) is al in sewentien tale vertaal.

7 Maart 20:30, 8 Maart 16:00, 8 Maart 20:00 | Rhenish Girls' High School | 90min | R120 | R140 by die deur



Die gangsters

'n US Woordfees- en US Drama Departement-koproduksie

DEBUUT

Drama

Afr. Geen o/13

Teks: Benoni Dehaeck

Met: June van Merch, Basil Appollis, Stian Bam, Keanen Engel, Dean Smith, Jurgen McEwan, Jodecee Solomons, Melanie Scholtz, Vashti Prins, Dean Olivier, Destiny Reed, Adeline Lamohr en Arlin Bantam

Gangsters nooi vier gesagdraers van die Reënboognasie – die swart Biskop, die wit Polisiekommissaris, die fanatiese Moslem en die bruin Minister van Welsyn – na 'n herdenking van die lewe en dood van Joe Jesus, 'n gangster-heilige wat vermoor is. Voorveronderstellings oor goed en kwaad word bevaagteken. Dié produksie van die 1993 internasionale treffer word op die planke gebring om Dr. Benoni Dehaeck en sy Breughel-projek se reusebydrae in Cloeteville te vereer.

4 Maart 17:30, 5 Maart 09:00 en 14:00, 6 Maart 20:30, 9 Maart 20:30 |

Die Breughel Teater | 90min | R100 |

R60 (studente en Die Breughel Teater-lede) | R120 by die deur |

R70 by die deur (studente en Die Breughel Teater-lede)



Fiela se kind

'n US Woordfees-produksie in samewerking met die Nasionale Toneelspelkompetisie

DEBUUT

Drama

Afr.

Produksievenoot: Kunstekaap

Teks: Dalene Matthee

Teksverwerking: Suzanne van Wyk

Teksaanpassing: Waldemar Schultz

Regie: Juanita Swanepoel

Met: o.a. Lee-Ann van Rooy, Charlton George, Waldemar Schultz, Nicole Holm, Luke White, Carla Smith, Wian Taljaard, Cantona James, Tomley van Vuuren, Patricia Baadjies en Chanté Plaattjies

In 1999 word *Fiela se kind*, ná 'n meningsopname by biblioteke landswyd om die 100 gewildste boeke aan te wys, as die Afrikaanse boek van die eeu bekroon. Benjamin was 'n kind van die ooptes, die Lange Kloof, waar hy omring was deur mense wat hom liefgehad het. Skielik word hy van alles weggeruk en bevind hy hom in die ewigdurende skemerte van die Knysnawoud, omring deur mense wat min liefde vir hom het en hom Lukas noem. Beide Fiela en haar grootmaakkind Benjamin loop 'n traumatiese pad – Fiela om haar kind terug te kry en Benjamin/Lukas om homself weer te vind, totdat hy teen die einde weet: “Ek is Benjamin Komoetie, Fiela se kind.”

7 Maart 15:00, 8 Maart 15:00, 10 Maart 15:00, 11 Maart 10:00 en 16:00 |

Stadsaal | 90min | R120 | R60 (skoliere – groepsbesprekings) | R140 by die deur



Hemelruim

'n Clover Aardklop- en US Woordfees-koproduksie

Drama

Afr.

Teks: Nick Payne

Vertaling, regie, ontwerp en oorspronklike musiek: Nico Scheepers

Verhoogbestuurder: Stefan Benade

Met: Tinarie van Wyk Loots en Paul du Toit

Mariaan en Roelof ontmoet by 'n braai. Hy is 'n sukkelende byeboer, sy 'n lektor in Kosmologie aan die Universiteit van Kaapstad. Keuses en toeval stuur hierdie twee mense in verskillende rigtings en al die weergawes van hulle bestaan word in 'n magdom heelal uitgespeel. 'n Verhaal oor die heelal, liefde en heuning. *Tinarie van Wyk Loots wen die Beste Aktrise-toekenning hiervoor by Clover Aardklop 2015.*

9 Maart 16:00, 10 Maart 18:00, 11 Maart 18:30 | Hoërskool Lückhoff | 90min | R110 | R130 by die deur



Home Love

Sizimisele Technical High School is overall winner of the Buya School Theatre Festival with their play, *Home Love*. The play is the brain child of four learners: Asavela Nyandeni, Tina Gege, Masixole Mlokoti and Siphamandla Mathenjwa. The story is being told through music and dance, with dialogue intervals, great harmonic vocals and enthusiastic characters using dialects of township lingo, mixed with English. A young, vibrant and energetic cast.

5 March 11:00, 5 March 15:00 | Amazink | 60min | R40 | R50 at the door

Hond se gedagte

DEBUUT

Klug

Afr. OB

Ondersteun deur Die Dagbreek Trust

Teks: Georges Feydeau

Vertaling: Nerina Ferreira

Regie: Christiaan Olwagen

Stelontwerp: Rocco Pool

Kostuumontwerp: Birrie le Roux

Klankbaan: Charl-Johan Lingenfelder

Met: Louw Venter, Sandra Prinsloo, Neels van Jaarsveld, Albert Pretorius, Martelize Kolver, Wikus du Toit, Pierre Breytenbach, June van Merch, Oscar Petersen, De Klerk Oelofse, Hannah Borthwick

Na 'n lang, gelukkige huwelik begin Raymonde aan haar man se getrouheid twyfel as hy skielik belangstelling in seks verloor. Met 'n vriendin se bystand bedink sy 'n skelmstreek om hom te toets by 'n hotel met 'n bedenklike reputasie. Die stuk is 'n wilde reis van verkeerde aannames, noue ontkomings, geheime eskapades, gekke toeval en wit leuentjies wat kleur kry. *Hond se gedagte* word allerweë beskou as die grootste klug van alle tye.

4 Maart 20:30, 5 Maart 17:00, 6 Maart 11:00 en 17:00, 12 Maart 20:00, 13 Maart 16:00 | Stadsaal | 135min (met pouse) | R120 | R140 by die deur



In ongenade

DEBUUT

Drama

Afr. OB

Teks: J.M. Coetzee

Verwerkings: Josse de Pauw en Luk Perceval

Vertaling en verwerking: Saartjie Botha

Regie en ontwerp: Jaco Bouwer

Klankbaan: Pierre-Henri Wicomb

Verhoogbestuurder: Jeanne Steenkamp

Met: Gerben Kamper, Jerry Mofokeng, Nicole Holm, Tinarie van Wyk Loots, Charlton George en ander

'n Verwerking van Nobelpryswenner J.M. Coetzee se Booker-prys-meesterstuk, *Disgrace*. David Lurie, 'n geskeide dosent, raak romanties betrokke by 'n student en hy word voor 'n dissiplinêre komitee gedaag, skuldig bevind en afgedank. Hy vlug na sy dogter Lucy se plaas. Maar hulle word die slagoffers van 'n wrede plaasaanval. Die trauma kataliseer die spanning tussen twee generasies se omgang met hedendaagse Suid-Afrika.

**4 Maart 16:00 en 20:30, 5 Maart 16:00, 6 Maart 11:00 |
Rhenish Girls' High School | 120min | R120 | R140 by die deur**



Innie rof

Komedie

Afr. OB (T)

Teks: Leon Kruger

Regie: Leon Kruger

Vervaardiger: 3 Bal Produksies

Met: Neels van Jaarsveld

Hy is so plein soos gras, so oninteressant dat geen hond vir hom blaf nie. Hy is Jan Alleman. Maar toe begin hy gholf speel ... Ontmoet die bleeksiel, Janneman; die oorlamse *caddy*, Girlie; die grootbek Daan die Haan en Divot de Witt, die Mulah Mulah-gholfklub se getrekte president. Al weet jy net mooi niks van gholf nie, sal jy jou steeds vrek lag. Neels van Jaarsveld is bekend vir sy rolle in Binnelanders, Getroud met Rugby, Bloedbroers en Knysna, en die immergewilde Eish!-man

**8 Maart 17:30, 10 Maart 21:00 | Hoërskool Lückhoff | 65min | R120 |
R140 by die deur**



Klein jakkalsies

Komedie

Afr. Geen o/14 (T)

Teks en regie: Leon Kruger

Vervaardiger: Nou ja toe Produksies en Jester Produksies

Met: Diaan Lawrenson en Jody Abrahams

Julle ontmoet, raak smoorverlief, raak verloof en maak reg vir 'n idilliese

lewe. Die eerste drie jaar is een lang wittebrood, tot die voordeurklokkie lui en 'n gros klein jakkalsies ongenooi opdaag. Dinge begin jeuk en krap en spoedig is die huweliksvlammetjie in fase drie beurtkrag. Getroudes sal die jakkalsies herken. Indien jy daaraan dink om te trou, sal die komedie jou baie goed voorberei.

5 Maart 20:30, 6 Maart 11:00, 8 Maart 20:30 | Die Breughel Teater | 70min | R120 | R140 by die deur



Mis

A Baxter | US Woordfees co-production

Drama

Eng. PG

Script: Reza de Wet

Translation: Stephen Stead

Direction: Mdu Kweyama

With: Faniswa Yisa, Clyde Berning, Daneel van der Walt and Sonia Buqwana

Mdu Kweyama's reinterpretation of Reza de Wet's Hertzog Prize winner *Mis* takes the play from its traditional Afrikaans idiom and setting into a universal realm, bringing greater physicality to the poetic writing. The magical-realist story about a young daughter's escape from her dysfunctional rural family puts the spotlight on women who are trapped and scared. How far will fear take them?

7 March 15:00, 7 March 19:00, 8 March 15:00, 8 March 19:00 | Amazink | 85min | R100 | R120 at the door



Moeder Moed en haar kinders

'n KKNK- en PACOFS-koproduksie

Afr. Geen o/14 (T)(G)

Teks: Bertolt Brecht

Vertaling en verwerking: Saartjie Botha

Regie: Jerry Mofokeng

Musikale regisseur: Grethe van der Merwe

Komposisie: Janine Neethling

Met: Aletta Bezuidenhout, Deon Lotz, André Roothman,

Nicole Holm, Juliana Venter, Jacques Theron, Cintaine Schutte, Gerben Kamper, De Klerk Oelofse en Geon Nel. Musikante: Grethe van der Merwe, Altus Moolman en Wilken Calitz

Moeder Moed, 'n rondreisende handelaar, swerf met haar kinders en wa vol drank en rantsoene van veldslag na veldslag. 'n Lewe van opoffering en aflegging, van oorlewing en vooruitgang. In 'n wêreld waar korrupsie en gierigheid hoogty vier, is die teks – een van die belangrikste werke van die vorige eeu – steeds relevant.

Bekroon met drie Kanna-pryse. "Grootse teater wat jy nie durf misloop nie." By Clover Aardklop 2015 aangewys as die beste produksie, met Jerry Mofokeng as beste regisseur.

Bring warm klere saam.

5 Maart 20:00, 6 Maart 20:00, 7 Maart 20:00, 8 Maart 20:00 | Klein Libertas Teater Ruïne | 140min | R120 | R140 by die deur



My briljante egskeiding

DEBUUT

Afr.

Komedie

Met: Anthea Thompson

Teks: Geraldine Aron

Vertaling en regie: Hennie van Greunen

Musiek: Pedro Kruger

Vervaardiger: Wordsmith's Theatre Factory

Dit wás bietjie vreemd toe Manie van sy besigheidstrippie terugkeer en sy tas eerder *in-* as *uit*pak. Voordat Engela van Tonder-Strydom beseft wat aangaan, verdwyn hy deur die voordeur en uit haar lewe. Eers later hoor sy van Rosa, die kaktusbloeiseltjie wat Manie op sy besigheidstrippie ontmoet het. En dinge verander. Geraldine Aron se wêreldtreffer uit die stal van *Lyf*, *Die naaimasjien* en *Shirley Valentyn*.

6 Maart 20:30, 9 Maart 20:30, 11 Maart 20:30 | kykNET Hoërskool Stellenbosch | 110min | R95 | R105 by die deur



Orgie

Drama

Afr. Geen o/16

'n US Woordfees en Klein Libertas Teater-produksie

Teks: André P. Brink

Regie en verwerking: Juanita Swanepoel

Met: Stian Bam en Tinarie van Wyk Loots

André P. Brink is een van die mees prominente en kontroversiële Afrikaanse literêre figure van Sestig en daarna. *Orgie* (1965) bevestig sy rol as Afrikaanse prosa se voorste eksperimenteerder en taboebreker. Hierdie grensoorskrydende liefdesverhaal van “hy” en “sy”, deur misverstand vervreem, word “gewys” op ’n manier wat die gehoor dwing om gelyktydig te probeer waarneem wat “hy” en “sy” binne die ondeelbare moment dink en ervaar.

12 Maart 11:00 en 18:30, 13 Maart 20:30 | Hoërskool Lückhoff | 60min | R110 | R130 by die deur



Piet se optelgoed

Drama

Afr. Geen o/16 (G)


Teks en stelontwerp: Liezl de Kock

Regie: Rob Murray

Met: Liezl de Kock en Lexi Meier

Piet is ’n grensbewoner, ’n hedendaagse Antjie Somers uit ’n donker feëverhaal. Huis-op-die-rug reis sy van dorp tot dorp aan die donker, onsigbare kant van die gemeenskap en versamel optelgoed, weggooienders en verlate asemes. Mink is die enigste getuie van Piet se nimmereindigende rituele in ’n magies-realistiese soomgebied van die lewe.

9 Maart 16:00, 12 Maart 15:00, 13 Maart 09:30 | Die Breughel Teater | 45min | R60 | R70 by die deur



Plant vir my ’n boom, André

Drama

Afr. Geen o/13 (T)

Teks: Deborah Steinmair

Regie: Jan Groenewald

Musiek: Magdalene Minnaar

Met: Erik Holm en Tinarie van Wyk Loots

Plant vir my ’n boom, André handel oor die aand voordat André Brink sy eredoktorsgraad in Leuven gaan ontvang. Hy sit in ’n rolstoel en Ingrid Jonker verskyn aan hom, die elwekoningin wat hom oorwink na die ander kant. ’n Tweespraak oor die Sestigters, verlange, berou, hunkering, ambisie en verydeling.

10 Maart 15:00, 11 Maart 15:00, 13 Maart 15:00 | Hoërskool Lückhoff | 70min | R130 | R150 by die deur

Pruimboom

Drama

Afr.

Teks: Jan Groenewald

Regie: Erik Holm

Vervaardiger: Foxwood-teater

Klankontwerp & verhoogbestuurder: Izel Smuts

Produksie-assistent: Moshe Tlaatlan

Met: Jan Groenewald

Kindermolestering is 'n onderwerp wat, tragies soos dit is, gewoonlik voorgehou word as 'n sielkundige en sosiale ramp. In *Pruimboom* volg Jan Groenewald 'n ander roete: hy omskep 'n persoonlike ervaring in 'n verhaal van wraak en verlossing. Die teks is treffend en hartseer, maar met komiese elemente wat wys hoe hy as kind sy trauma verwerk het. 'n Ou-ou tema word met 'n verrassende nuwe aanslag benader. Erik Holm, wat debuteer as regisseur, laat die klem sensitief op die alleenreis van slagoffers val.

8 Maart 11:00, 11 Maart 20:30, 12 Maart 10:00 | kykNET Fismer | 60min | R100 | R120 by die deur



Rainbow Scars

Drama

Eng. No u/12

Script: Mike van Graan

Designer: Mari Borstlap

Director: Lara Bye

Producer: Artscape

With: Jennifer Steyn, Mbulelo Grootboom and Kertrice Maitisa

Ellen Robinson, a suburban mum, adopts Lindiwe, a born-free orphan who loses her parents in the New South Africa. In 2012, Lindiwe's matric year, her estranged cousin, Sicelo, re-enters her life after a 14 year absence. The mother-daughter relationship is challenged as the wounds and scars of a country still struggling to heal itself, surface. Winner of the Standard Bank Ovation Award, National Arts Festival, 2013.

4 March 18:30, 5 March 20:30, 6 March 11:00 | Lückhoff High School | 65min | R120 | R140 at the door

Raka
DEBUUT
Drama
Afr.

Teks: N.P. van Wyk Louw

Regie, verhoogverwerking en ontwerp: Deon Opperman

Met: Franci Swanepoel en Neels van Jaarsveld

Vir sommige is N.P. van Wyk Louw se meesterstuk, *Raka*, die kroonjuweel van die Afrikaanse verhalende poësie. Vir Deon Opperman het die verhaal se dramatiese krag dit 'n perfekte keuse vir verwerking vir die verhoog gemaak. Hierdie produksie kombineer die talente van Opperman, Swanepoel en Van Jaarsveld om 'n klassieke literêre werk in 'n nuwe, komtemporêre baadjie na die verhoog te bring.

5 Maart 11:00, 6 Maart 20:30, 7 Maart 17:30, 8 Maart 20:30 |
Hoërskool Lückhoff | 90min | R120 | R140 by die deur



Rooivalk
DEBUUT
Drama

Afr. Geen o/13 (T)

Teks en regie: Nico Scheepers

Met: Richard September

Rooivalk word groot op 'n plaas in Limpopo, tussen heinings wat lank voor sy geboorte al vir hom gespan is. Met Richard September, die Fiësta-, Fleur du Cap- en Kannawenner vir sy vertolking in *Rondmskrik*, beloop *Rooivalk* om 'n unieke ervaring vir die oë, ore en hart te wees.

6 Maart 17:00, 8 Maart 18:00, 12 Maart 09:30 | Die Breughel Teater | 65min |
R100 | R120 by die deur



Santa Gamka

'n Absa KKNK- en Suidoosterfees-koproduksie

Drama

Afr. Geen o/16 (T) (N) (V)

Teks: Eben Venter

Regie en ontwerp: Jaco Bouwer

Verhoogbestuurder: Dian Marcovecchio

Verwerking en vervaardiging: Marlo Minnaar

Met: Marlo Minnaar

Die Karoo het té warm geword vir Lucky Marais. Nóg sy gevatheid, nóg sy lekker lyf gaan hom uit die moeilikheid kry. Hierdie Karoo-boorling se geluk is uitgedien. Die dorp het teen hom gedraai. Dat opsluiting in 'n pottebakkersoond nou sy laaste aardse avontuur moet wees! Net sewe minute en als is verby. *Santa Gamka* is in 2015 bekroon met die Kanna vir Beste Debuutwerk en Kopverskuiwende werk.

10 Maart 15:00, 11 Maart 11:00, 12 Maart 20:30 | Die Breughel Teater |
70min | R100 | R120 by die deur



Son. Maan. Sterre.

'n US Woordfees-produksie

Drama

Afr. Geen o/16

Teks: Alice Birch

Vertaling: Saartjie Botha

Regie en stelontwerp: Christiaan Olwagen

Beligtingsontwerp: Wolf Britz

Verhoogbestuurder: Carine Bothma

Assistent-verhoogbestuurder: De Klerk Oelofse

Met: Louis van Niekerk, Lida Botha, Tinarie van Wyk Loots, Wilhelm van der Walt en Greta Pietersen

Liefde: een soek daarna; 'n ander probeer dit vermy; nóg een verskans haarself daarteen. Almal is soos mane wat onherroeplik van hul wentelbane ontspoor. Totdat alles kandel en uitgeslinger word in 'n kosmos van gevaarlike geheime. 'n Onthutsende drama – uitverkoop by alle vorige speelvakke – wat handel oor patologie, foute en vergifnis wat jou hard in die maag tref.

Laetitia Pople gee dit vyf sterre in *Die Burger*: “As jy by net een produksie kan uitkom, sorg dat dit *Son. Maan. Sterre* is.”

Tinarie van Wyk Loots word aangewys as beste aktrise en Wilhelm van der Walt as beste akteur vir hul spel tydens Clover Aardklop 2015.

**7 Maart 16:00, 9 Maart 11:00, 10 Maart 21:00, 13 Maart 10:00 |
kykNET Hoërskool Stellenbosch | 65min | R120 | R140 by die deur**



Søsken

DEBUUT

Drama

Afr. Geen o/12

Teks en regie: Marí Borstlap

Klankbaanontwerp: Wilken Calitz

Met: Odelle de Wet en Ben Albertyn

Minya woon en werk al vir nege jaar in Amsterdam. Luca, haar broer, is in matriek en droom daarvan om sterrekundige te word. Hul ouers sterf in 'n motorongeluk en Minya moet inderhaas terug na Suid-Afrika om na haar laatlamboetie om te sien – iets waarop hulle glad nie voorbereid is nie. 'n Drama oor, onder meer, verlies, verhoudings, nuut-begin en die hemelruim.

**8 Maart 20:30, 12 Maart 13:00, 13 Maart 20:30 |
kykNET Hoërskool Stellenbosch | 80min | R110 | R130 by die deur**



Tobacco, and the Harmful Effects Thereof

Drama

Eng. PG

Writer: William Harding (in collaboration with Anton Chekhov, Franz Kafka, Andre Breton, H.W. Longfellow and many others)

Director: Sylvaine Strike

With: Andrew Buckland and Toni Morkel

Take a fly, put him in a snuff box. It will die ... probably from nervous exhaustion. Ivan, who is not a professor, is instructed by his wife to give a lecture on the harmful effects of tobacco, even though he himself is only a small smoker. The hilarious and deeply poignant journey of a man trying to be heard for the first time.

Following sold-out, critically acclaimed seasons at both the Baxter Theatre, and the Grahamstown National Arts Festival (2014 and 2015), *Tobacco and the Harmful Effects Thereof* has just returned from a highly successful run at the Amsterdam Fringe Festival 2015, as part of the Best of Fringe programme.

9 March 20:00, 10 March 11:00, 10 March 20:00 | Rhenish Girls' High School | 68min | R90, R60 (students) | R100, R70 (students) at the door



Twee susters

DEBUUT

Komedie

Afr. OB (T)

Teks en regie: Chris Vorster

Met: Chris Vorster en Hennie Jacobs

Hulle was drie susters ... nou is daar slegs twee. Die seemeeue pik die kersieboord kaal en Oom Wanja ... is óók kaal. Hartseer. Daar was toe géén huweliksaansoek vir die twee susters nie. Droewig. Die ou buffel het langs die grootpad inmekaar gesak ... treurig. 'n Somber tragedie. Dis nié snaaks nie.

7 Maart 11:00, 8 Maart 15:00, 11 Maart 17:30 | kykNET Hoërskool Stellenbosch | 70min | R120 | R140 by die deur

Weg

DEBUUT

Drama

Afr. OB

Teks: Harry Kalmer

Regie en ontwerp: Christine Truter

Met: Marcel van Heerden en Nicola Hanekom

Ons het 'n valse Godin gekies ... Die kerk van applous en ander se opinie ... Wie is ek? Laertes of Hamlet? Raka of Koki? Die vroue het hom die eerste gewaar. Jy het my eerste gewaar.

Die verhaal van 'n akteur en sy muse. 'n Hedendaagse Pierrot en Columbine. 'n Requiem vir 'n geliefde en 'n besinning oor 'n lewe op die verhoog.

11 Maart 12:30, 12 Maart 10:00, 13 Maart 17:30 | kykNET Hoërskool Stellenbosch | 65min | R120 | R140 by die deur

Woestynland

DEBUUT

Drama & dans

Afr.

Musiek: Braam du Toit

Regie: Ignatius van Heerden

Met: Martin van Heerden

Diep in die woestyn word die reënengel gebore. Hy vertrek op 'n soektog na 'n hoër doel en beleef vele avonture. Gevierde multi-genre danser en akteur Martin van Heerden se eerste selfgeskepte eenmanvertoning wat gehore gaan aangryp, ontroer en inspireer. 'n Opwindende talent kom tot sy reg in 'n aangrypende verhaal.

10 Maart 20:30, 12 Maart 17:00 | Die Breughel Teater | 50min | R110 | R130 by die deur



Die Breughel Teater word ondersteun deur die Distell-stigting

STAND-UP

Die flying Dutchmen

Met: Melt Sieberhagen en Hannes Brummer

Twee komediant, een verhoog, 'n magdom moontlikhede. Stand-up en improvisasie-komedie verpak in 'n hoë-energie-vertoning wat sal sorg vir lekker lag, skaam lag, proes, giggel en selfs 'n snork. Hannes is bekend vir *Kompleks 1* en *2* en Melt vir *Proesstraat*. In *Die flying Dutchmen* is die twee op hulle snaaksste, skerpste en gevaarlikste. Elke vertoning is uniek want die gehoor sorg vir temas en inhoud. Die fokus val beslis meer op inhoud as aantreklikheid, meer op gravitas as gewig.

7 Maart 20:30 | Laer as laag | 45min | R80, R60 (studente) | R90, R70 (studente) by die deur

Schalk Bezuidenhout

Jy sal lag tot jy huil. In 2015 het Schalk Bezuidenhout 'n Slurpie Kanna vir Beste Opkomende Kuntenaar verower, asook die Comics Choice Award For Best Intermediate Comedian. Hy het saam met Trevor Noah opgetree en is vinnig besig om een van die gewildste komediant in die land te word. Hy gaan jou mis as jy hom mis, so moet hom nie mis nie.

“Bezuidenhout is known for his quirky dress sense and the way he lets the audience in on what it’s like to be an Afrikaans-speaking young person ... His unique material and delivery allow him to stand out in a sea of stand-up comedians” – Helen Herimbi.

8 Maart 20:30 | Laer as laag | 45min | R80, R60 (studente) | R90, R70 (studente) by die deur

Rob van Vuuren – Stand-up Live

The brand new stand-up comedy show from multi-award winning comedian Rob van Vuuren. Following the runaway success of his previous Standard Bank Ovation Award winning stand-up show, *WhatWhat*, which enjoyed sold out shows around the country as well as his very own Comedy Central special, the comedian is back at it again in this rollercoaster ride of mirth and madness. The guy who rose to fame as the hilarious Twakkie from *The Most Amazing Show*, has become one of the country's most progressive stand-up artists.

9 March 20:30 | Laer as laag | 45min | R80, R60 (students) | R90, R70 (students) at the door

Who's your daddy?

Director: Bevan Cullinan

With: Chris Forrest

Who's Your Daddy? is the clueless dad's guide to fatherhood. From pregnancy to birth to looking after an infant and everything in between, the show is a hilarious look at what really happens and how to deal with it. A must for anyone hoping to become a parent or who is a parent or who knows a parent!

10 March 20:30 | Laer as laag | 45min | R80, R60 (students) | R90, R70 (students) at the door

Shimmy Isaacs – Kom huis toe

Stand-up Shimmy Isaacs het die vermaaklikheidsbedryf soos 'n stormwind getref met haar spitsvondige komedies. Van Worcester tot die strate van Europa en New York laat sy mense lag tot hulle lê. Nou bring sy haar komedie huis toe. Sy ontleed haar reise en al die veranderinge wat dit meebring. Toe Shimmy haar paspoort in Italië verloor het, was sy meer angsvangende dat sy vir die res van haar lewe koolhidrate gaan eet as wat dit was om nooit weer die huis te sien nie.

11 Maart 20:30 | Laer as laag | 35min | R80, R60 studente | R90, R70 (studente) by die deur



DEURBRAAKFEES BY DIE OUDE LIBERTAS-LOUDITORIUM

Ondersteun deur die Distell-stigting

Auto: 'n reeks fragmente

DEBUUT

Ruimtelike drama

Afr. Geen o/16 (T) (S)

Teks: Louis Roux

Scenografie en regie: Stefan Benadé

Klankontwerp: Louis Roux

Vervaardiger: Die bende (Stefan Benadé)

Met: Karli Heine, Nèna Butler en Elaine Grobler

Op die snelweg sien jy 'n ongeluk gebeur. Rubber skel, metaal buig, glas breek, 'n liggaam sweef deur die lug en kom tot rus in die middel van die teer. Die kar se ingewande peul uit, maar die liggaam blyk nog heel te wees. Dit laat 'n indruk: dit kon jy gewees het; dit kan jy wees. Jy trap die petrol en los die stuurwiel net om te kyk wat gebeur. Wat gebeur, is onvermydelik – soos dit maar is met mense.

5 Maart 20:00, 8 Maart 20:00 | Weltevreden: Parkeerarea | 60min | R80 | R90 by die deur



Jakkals-song

DEBUUT

Musiekteater

Afr. Geen

Teks en musiek: JJ Brits

Met: Anushka Life, Dirk Joubert, Petra Mans en Jaen Brits

Die sanger-liedjieskrywer JJ Brits debuteer met hierdie oorspronklike en meesleurende musiekteaterproduksie. Kom luister na twaalf oorspronklike werke uit sy pen – met 'n spesiale en eiesoortige huldeblyk aan Johannes Kerkorrel, die sonvanger van Afrikaanse musiek.

9 Maart 18:00 | Oude Libertas-ouditorium | 60min | R80 | R90 by die deur



Moedersmelk

Ontwikkel deur die US Drama Departement

DEBUUT

Woordkuns

Afr. Geen


Samestelling en regie: Eghard Basson

Met: Elandré Bosch, Des-Lee McKenzie, Anelma Meiring,

Mikyla Passerini, Dené Vorster en Rozanne Vos

Moedersmelk is 'n Afrikaanse woordkunsprogram wat draai om die tema van vrouwees. Werke van onder andere D.J. Opperman, Lina Spies, Antjie Krog, Dalene Matthee, Marita van der Vyver en Joan Hambidge word vertolk.

8 Maart 18:00 | Oude Libertas-ouditorium | 60min | R80 | R90 by die deur



Onthou

Krekvars-wenner 2015

Afr. Geen

Teks en regie: Duan Craffert

Met: Debré Rossouw en Phillip Schnetler

Wanneer 'n jong en sorgelose hippie begin werk as verpleër by 'n puntenerige, bejaarde dame, is daar spanning vanaf die eerste woordewisseling. Tog ontwikkel hulle mettertyd 'n dieper vriendskapsverhouding en leer hulle uiteindelik om mekaar onvoorwaardelik te aanvaar.

4 Maart 18:00, 6 Maart 12:00 | Oude Libertas-ouditorium | 60min | R80 | R90 by die deur



Sien ek jou, sien ek my

DEBUUT

Afr. Geen

Teks en regie: Emilé Hager

Musiek: Lucas Heinen

Lirieke: Emilé Hager en Elana Heyns

Met: Emilé Hager en Ilse-Lee van Niekerk

ABBA in Afrikaans! Die tydlose klanke van dié groot, immergroen popgroep word vervleg met 'n universele storie van liefde en verlies. Nuutverwerkte Afrikaanse lirieke in kombinasie met die wêreldbekende, aansteeklike melodieë, sorg vir 'n musiekteater-ervaring soos min.

10 Maart 18:00 | Oude Libertas-ouditorium | 60min | R80 | R90 by die deur

Skadu

DEBUUT

Afr. Geen

Teks: Esmé de Wet

Met: Daniël Wolmarans

Wolmarans, 'n afgetrede fisikus, ondersoek en bestudeer die lig en donker in sy lewe. Hy voer gesprekke met sy intieme vriend én vyand: sy skaduwee. Wie is jy, donker? Hoekom jaag jy my so?

7 Maart 18:00 | Oude Libertas-ouditorium | 60min | R80 | R90 by die deur



Skerm

DEBUUT

Afr. Geen o/14

Teks: Sean van Noordwyk en Martin Krüger

Regie: François Maree en Sean van Noordwyk

Mentor: François Bloemhof

Met: Sean van Noordwyk

Hulle sê vanaf jou geboorte begin jou lewe soos 'n tydbom tik. Maar bestaan jou wêreld dalk slegs uit die vier mure van jou kamer en boodskappe op 'n reghoekige skerm? Hoe ver moet jy gaan om geloof, vriendskap, liefde en die lewe te vind? En indien jy 'n fout maak, gaan jy jouself moet *delete* of sal jou skerm jou kan beskerm?

6 Maart 15:00 | Oude Libertas-ouditorium | 60min | R80 | R90 by die deur



Stil

Drama

Afr. Geen o/13: Taal

Teks, regie, klank en stelontwerp: Jannes Erasmus

Vervaardiger: Abstr(ACT)Productions

Met: Jannes Erasmus en Blyde Smit

Was jy al op die verkeerde oomblik op die verkeerde plek? Mensehandel is die misdaad wat wêreldwyd die vinnigste toeneem. In *Stil* ontwikkel 'n fotograaf meer as net foto's – sy ontwikkel 'n obsessie daarmee om haar vermiste boetie te vind. Ná 'n ongeluk in haar laboratorium onttrek sy haarself aan die samelewing. 'n Foutiewe antwoordmasjien, 'n model en die hoofskrifte in koerante het een ding gemeen: Hulle is als behalwe stil...

12 Maart 18:00 | Oude Libertas-ouditorium | 60min | R80 | R90 by die deur

The Banquet: The Room of Dreams

Afr. & Eng.

Met: Juanita-Juliet (Juju) en Lucas Heinen (pianis)

The Room of Dreams is a journey through the strange mists of dreamscapes. In our dreams we are more beautiful, more capable. We can even talk to loved ones who have passed on. Sometimes the only remedy for deep depression is sleeping. This show explores the experiences of our darkest hours as well as some of the ridiculous moments we contend with between sleep and wakefulness.

11 March 18:00 | Oude Libertas Auditorium | 60min | R80 | R90 at the door



Verplaas

Ontwikkel deur die US Drama Departement

DEBUUT

Kabaret

Begeleiding: Leonore Bredekamp

Met: Anja van den Berg, Loané van Sandwyk en Madelein Joubert

Afrikaners is plesierig – dit wil hulle glo. Hulle koop graag groot slotte en bid met oop oë. 'n Begrafnis of twee, dié ken hulle wel. Van verversings kan hulle jou baie vertel. En nou is dit basaartyd op die dorp. Die son staan stil en die hele gemeente verskyn. Hessie is besope, Dominee probeer almal naderhark en Suzie Verster wen die prys vir die stalletjie van die jaar. Ja, Afrikaners is plesierig. Dit wil hulle glo. Oor 'n week weer 'n aanval en dan maak hulle só: Eers sterf die ou vroujie en dan sterf haar ou man; 'n dag lank die hoofnuus en dan gaan al maar weer aan.

6 Maart 18:00 | Oude Libertas-ouditorium | 60min | R80 | R90 by die deur



Clavinova

With its beautiful curves and delicate styling accents,
the CVP-609GP has a presence that will take your breath away.

The NW (Natural Wood) keyboard is finished with synthetic
ivory keytops for an outstanding tactile touch response.



PHOTO: HOLLY CLIFFORD

Its sound is impressive too, thanks to an
exclusive acoustic design that achieves
grand piano-like tonal resonance. With all
creative features of the CVP range, this
instrument sets new standards of
performance from a digital piano.



FEEL IT EVERYWHERE



WOORDKUNS

BCUC

BCUC (Bantu Continua Uhuru Consciousness) van Soweto is 'n groep wat moeiteloos tradisionele Afrika-musiek met hip-hop vermeng om 'n veeltalige lipleklekke klankbredie voor te sit.

10 Maart 18:00 | Laer as laag | 60min | R50, R30 (studente) | R60, R40 (studente) by die deur

By monde van

Afr. Geen

Samestelling en regie: Mareli Hattingh Pretorius

Met: Herschelle Benjamin, Elandré Bosch, Des-Lee McKenzie, Mar-li van der Merwe, Ian van der Westhuizen en Magdaleen van Zyl

By monde van beloof 'n nostalgiese woordreis saam met geliefde stemme uit die Afrikaanse literêre kanon. Humoristiese vertellings en ou bekendes soos *Op Hartebeesfontein* (Pikkedel), *Met apologie* (DJ Opperman) en *Die dag op nuweland* (Jeanne Goosen) kry opnuut gestalte binne hierdie tong-in-die-kies woordkunsproduksie.

4 Maart 15:00, 5 Maart 12:30, 9 Maart 17:30 | kykNET Fisser | 60min | R90 | R100 by die deur

Chriskras

Afr. Geen

Teks: Chris Barnard

Musiek: Steffie le Roux en Werner Ferreira

Verwerking, regie en vervaardiging: Steffie le Roux

Met: Paul Eilers, Steffie le Roux, Werner Ferreira en Pieter Ganswyk Nel

In 1967 het Chris Barnard as joernalis by *Die Huisgenoot* begin werk, en kort daarna was sy "Chriskras"-rubrieke volksbesit. Nou word van die vertellings uit die drie bundels wat daaruit gespruit het, deur Eilers vertolk terwyl Le Roux die woorde sing. Kom luister saam en verlustig jou opnuut in die kuns van storievertel. Le Roux en Eilers het voorheen saamgewerk aan *Verraaiers* en *Stuur groete aan Mannetjies Roux*.

12 Maart 17:30, 13 Maart 12:30 | kykNET Fisser | 70min | R100 | R120 by die deur



Die hartseerkind

Moontlik gemaak deur die Vlaams-Zuidafrikaanse Cultuurstichting

Met: Sabine Goethals, Jonas Vanthielen en Divan Hermitage

Die aktrise en voordragkustenaar Sabine Goethals, bring hulde aan Ingrid Jonker; die akteur en verteller Jonas Vanthielen, vertel haar verhaal; en die sanger-liedjieskrywer Divan Hermitage, laat toonsettings van Jonker-verse opklink. 'n Unieke blik van buite op een van die geliefte digters in Afrikaans, deur 'n drieluik van topgehalte Vlaamse kunstenaars.

4 Maart 20:30, 5 Maart 20:00, 6 Maart 11:00 | kykNET Fisser | 60min | R120, R80 (studente) | R140, R90 (studente) by die deur

In die omtes van die hart

Afr. Geen

DEBUUT

'n US Woordfees-produksie

Met: Jana Cilliers

Regie, samestelling en verwerking: Juanita Swanepoel

'n Samestelling uit die verhale, vertellings en poësie van Petra Müller – 'n skrywer wat met soveel oorgawe haar herkoms en geborgenheid in eie bodem met ons deel. Met haar poëtiese inslag het sy die vermoë om aan die eenvoudigste verhaal onverwagse nuanses te verleen. Madeleine van Biljon noem haar "'n pêrel in onse skrywerskroon".

5 Maart 18:00, 7 Maart 11:00, 9 Maart 11:00 | Oude Libertas-ouditorium | 60min | R120 | R140 by die deur

InZync Poetry Celebration feat. BCUC

Samestellers: Pieter Odendaal en Adrian van Wyk

Met: Ronelda Kamfer, Shirmoney Rhode, Pieter Odendaal, Lingua Franca en die witwarm Soweto-gebaseerde groep, BCUC (Bantu Continua Uhuru Consciousness)

Moenie hierdie kragtoer deur die diverse landskap van ons voorste kontemporêre woordkunstenaars misloop nie.

11 Maart 19:30 | Amazink | 120min | R50, R30 (studente) | R60, R40 (studente) by die deur |

Gratis vervoer vanaf die Lettere A-gebou om 18:00 (in Ryneveldstraat)



InZyncPoësie / MusiekMashup

Samestellers: Pieter Odendaal en Adrian van Wyk

Met: Toni Stuart, Koleka Putuma, Danie Marais, Adrian van Wyk en Kyle Shepherd
Hierdie digters span kragte saam met die bemaamde jazz-pianis, Kyle Shepherd en groep, om hierdie woord- en-musiek *mashup* moontlik te maak. Musici improviseer klankbane vir die digters se werke.

6 Maart 17:00 | Amazink | 90min | R40, R20 (studente) | R50, R30 (studente) by die deur |

Gratis vervoer vanaf die Lettere A-gebou om 16:00 (in Ryneveldstraat)

InZync Poetry Slam

Aanbieder: Adrian "Diff" Van Wyk

Kom kyk in watter rigting die digkuns beweeg by die immergewilde, veeltalige *InZync Poetry Slam*. Digters kompeteer teen mekaar en word deur beoordelaars en gehoorlede geëvalueer. Hou ons Facebook dop vir verdere reëlings.

12 Maart 18:30 | ATKV-Boektent | 100min | R50, R20 (studente) | R60, R30 (studente) by die deur





Jammer, Ma

Geen o/16 (T)

Regie: Corné Koegelenberg

Vervaardiger: Corné Koegelenberg

Met: Jakus Eloff, Phillip Berg en Wortel Strydom

Soos 'n mens ouer word besef jy dat jy as kind meer gereeld verkeerd was as wat jy aanvanklik gedink het. Al wat jy dan kan sê is: "Jammer, Ma". Drie storievertellers deel hul eie interpretasies van hierdie tema en dra hul skryfwerk op hul eie unieke manier oor.

9 Maart 11:00, 12 Maart 13:00, 13 Maart 20:00 | kykNET Fismer | 60min | R100 | R120 by die deur

Liegendes – en ander waarhede

Afr. Geen o/13 (Onderwerpe/beskrywings in van die stories)

Met: Lochner de Kock

'n Allegaartjie van gedigte en verhale, asook 'n goeie skeut biografiese materiaal: Bietjie lag, bietjie huil, bietjie dink en baie om aan te herkou. In Lochner se 40 jaar van betrokkenheid by drama, musiekmaak, kosmaak en vermaak, was stories nog altyd teenwoordig – hier bied hy nou 'n hele program vol daarvan.

12 Maart 14:30, 13 Maart 10:00 | Laer as laag | 60min | R120 | R140 by die deur

Praat van die duiwel

Regisseur: Juanita Swanepoel

Met: Johann Nel

Sedert die sukses in 1999 van *Praat van die Duiwel*, het MM Walters min gerus en die teks aangepas en bygewerk om tred met die tye te hou. Kom luister hoe hy sy vlymskerp pen subtiel en elegant in gal doop en die duiwel kommentaar laat lewer oor die mens en ál sy geite, glipse en gelowe.

10 Maart 13:00, 12 Maart 12:00 en 13 Maart 10:00 | Oude Libertas-ouditorium | 55min | R100 | R120 by die deur

Rasende ryme

DEBUUT

Met: Elsabé Daneel (voorleser) en Wilken Calitz (kitaar, viool en elektronika)

Hierdie twee uitsonderlike kunstenaars lewer 'n unieke musiek-en-verstoer deur die bekendste Afrikaanse gedigte, beide oud en nuut. Klanke word op die verhoog opgedis, opgeneem, verwerk en dan vermeng met voordrag om gedigte tot op die been te ontgin. Hier ontmoet musiek tegnologie. Woordkuns soos selde beleef word.

7 Maart 18:00 | kykNET Fismer | 60min | R100 | R120 by die deur



Skynskadu

DEBUUT

Ondersteun deur Naledi-uitgewers

Vervaardiger: BO Produksies

Met: Olga Leonard, Babette Viljoen en Trudie Leonard Prinsloo

Christine Barkhuizen le Roux stel in 2015 haar derde digbundel, *Skynskadu*, bekend. In dié produksie kry die digbundel lewe deur voorlesings en 'n gesprek met die digter, asook met die voortreflike toonsettings deur dieselfde span wat 'n *Eeu van Eybers* en *God die digter* se musiek behartig het.

5 Maart 14:30 | Laer as laag | 60min | R100 | R120 by die deur

Terug na die Kombuis

Afr. OB

Met: Koos Kombuis en Andries Bezuidenhout

Krisistye inspireer dikwels die mooiste kuns. In April 2015 het twee ou vriende, Koos Kombuis en Andries Bezuidenhout, 'n verhoog in Oudtshoorn bestyg en die deels geïmproviseerde kabaret, *Terug na die Kombuis*, opgekook te midde van beurtkrag, vreemdelinge-haat, ekonomiese verval en kulturele polarisasie. Die bebaarde eks-aktivis en die ewe bebaarde dog meer bedaarde vakbond-deskundige, het uitgepak oor alles wat hulle pla: ontnugtering oor korrupsie, klimaatsverandering, oorlog, plaë en hulle loopbane. Geen doekies is omgedraai nie. Geen boodskap van hoop is uitgedra nie. Tog was gehore gaande daarvoor. Die twee digter-sangers is nou terug op die planke met ekstra rampe en ontnugterings ingeroer, maar ook selfs 'n knippie hoop.

5 Maart 11:00, 7 Maart 14:30, 11 Maart 18:00 | Laer as laag | 90min | R100 | R120 by die deur

Totius: Die rus is elders

Teks en regie: Pierre-André Viviers

Met: Olga Leonard (klavier), Babette Viljoen (stem en trekklavier) en Izelle Claassen (viool)

Verteller: Franco Loots

Met die 90ste viering van Afrikaans as amptelike landstaal vars in die geheue, word die lewe en werk van Totius – bykans sinoniem met Afrikaans – in die kollig geplaas met getoonsette gedigte en vertellings uit die digter se lewe. 'n Onopgesmukte terugblik na 'n formidabele figuur.

6 Maart 16:30, 10 Maart 11:00 | kykNET Fismer | 60min | R120 | R140 by die deur





DIE BEITELTJIE

Aangebied deur RSG

Die vakmanskap van die dramaturg en die letterkundige en die gebeitel van die hoorbeeldmaker klink vanjaar vir die eerste keer op in die US Museum se lesinglokaal. Kom luister na bekroonde radiodramas en poesië uit die SAUK se klankargief. Skop jou skoene uit, sit agteroor en verlustig jou in die drama, komedie en tragedie van die radioteater.

Vryslag

Wenner: RSG/Sanlam Radiodrama-skryfkompetisie 2013

Deur: Marcel van Heerden

Met: Marcel van Heerden, Jaco Snyman, Johny Klein, Luan Jacobs, Corné Stemmet, Louise Eksteen en Julie Strijdom

Hierdie wendrama handel oor 'n enkelpa en vryskut-akteur, Paul van Niekerk, wat sukkel om in die vermaakbedryf te oorleef en sy tienerseun se skoolgeld te betaal. Hy jaag na die soveelste oudisie, die opname van 'nradioverhaal en -flitse, ensukkel om net betyds te wees om sy seun by die skool se atletiekkompetisie te ondersteun. Maar dan ontvang hy 'n ontstellende brief... 'nPa-en-seun-storie wat die hartsnare sal roer.

7 Maart 09:00 | US Museum-lesinglokaal | 60min | Gratis

Die Gewildste Afrikaanse Gedigte

Met: Juanita Swanepoel

Luister na die top tien verse uit die bundel *Die Gewildste Afrikaanse Gedigte*, met musiek.

7 Maart 11:00 | US Museum-lesinglokaal | 30min | Gratis

Nataniël vertel...

Met: Nataniël

Agt van Nataniël se heel beste stories uit sy skatkis van die afgelope 27 jaar. Kom lag – en huil – saam. Humor op sy heel beste!

7 Maart 14:00 | US Museum-lesinglokaal | 90min | Gratis

Die Webley

Derde prys: RSG/Sanlam Radiodrama- skryfkompetisie 2013

Deur: Piet Steyn

Met: Eloise Cupido, Johny Klein, Duncan Johnson, Bronwyn van Graan, Louise Eksteen en Corné Stemmet.

'n Volwasse jeugverhaal oor die invloed van 'n boelie op 'n jong meisie en haar lewe. Die skokkende gevolge van 'n enkele nag se pret raak verskeie mense se lewens. Gevaarlik en dinamies met uitstekende dialoog.

7 Maart 16:00 | US Museum-lesinglokaal | 45min | Gratis

Die euwels van tabak

Deur: Anton Tsjechov

Met: Tobie Cronjé

’n Middeljarige man word deur sy dominerende vrou aangesê om ’n lesing oor die euwels van tabak aan te bied. Die lesing verloop egter nie soos beplan nie...

Moet ook nie Andrew Buckland se uitmuntende fisieke teater-weergawe van hierdie klassiek teks misloop nie. Sien *Tobacco, and the harmful effects thereof* in die Toneel-afdeling.

7 Maart 17:00 | US Museum-lesinglokaal | 25min | Gratis

Slang in die gras

Tweede prys: RSG/Sanlam Radiodrama-skryfkompetisie 2013

Deur: Chris Majiedt

Met: Chris Majiedt, Charlton George, Marlo Minnaar, Keenan Herman, Royston Stoffels en André Samuels.

’n Groep oudgevangenes voer ’n sukkelbestaan op ’n Kaapse stortingsterrein waar hulle weksdae werk, saans buite hulle plakkershut kosmaak en om ’n vuurtjie ontspan, en naweke die plaaslike sjebien besoek. Hulle is almal in Slang se ystergreep, totdat verraad en bedrog dinge skielik verander...

8 Maart 09:00 | US Museum-lesinglokaal | 75min | Gratis

Ella se perde

Deur: Charles J. Fourie

Met: Juanita Swanepoel, Johann Nel en André Samuels.

Dié bekroonde toneelstuk is spesiaal vir die radio verwerk, en handel oor die ‘perdevrou van die Overberg’, Ella Gordon Dove Colston. ’n Legende van die Hemel-en-Aarde-vallei kry hier roerend nuwe lewe met onvergeetlike spel en regie.

8 Maart 11:00 | US Museum-lesinglokaal | 65min | Gratis

Die toringkelder

Derde prys: RSG/Sanlam Radiodrama-skryfkompetisie 2013

Deur: André Kotzé

Met: Nic de Jager, Pietie Beyers, Elanza Swart en De Klerk Oelofse.

’n Pa, sy tienerseun en -dogter woon in die vuurtoring waarvoor hy verantwoordelik is. Hy maak hulle alleen groot en is besonder streng. Dan verskyn ’n jong, geheimsinninge seun op ’n stormagtige nag. Sy teenwoordigheid verander hul lewens onherroeplik.

8 Maart 14:00 | US Museum-lesinglokaal | 45min | Gratis



Die Man met die 13 Kinders

Deur: Harry Kalmer

Met: Anrich Herbst en Frieda van den Heever.

Jos (39) en Mathilde (33) het mekaar in Griekeland ontmoet. Hoe het dit gebeur dat hulle 13 kinders het? Hoe is hulle lewens daardeur geraak? Hierdie eietydse, aweregse liefdesverhaal is nie vir sensitiewes nie, en het volwasse inhoud.

8 Maart 15:30 | US Museum-lesinglokaal | 70min | Gratis

'n Verslag aan 'n Akademie

Deur: Franz Kafka

Met: Marius Weyers

'n Sjimpansee wat deur 'n berugte wildvanger aan die Goudkus gevang en per skip na Hamburg geneem is, ontdek een aand tydens 'n partytjie aan boord van die skip – tot groot vermaak en die verstomming van die bemanning – dat hy kan praat nadat hy 'n bottel brandewyn gedrink het. Hierdie deurbraak veroorsaak dat die aap bekend word en Europa deurkruis en voor groot gehore optree. Een van hierdie optredes is 'n verslag aan 'n akademie oor sy nuwe lewe nadat hy sy dierlike aard oorwin het. Soos die meeste van Kafka se kortverhale lewer hierdie stuk kommentaar op die samelewing en medemenslikheid. Marius Weyers was vir die eerste keer in 1979 in die Markteteater te sien in die Engelse solostuk. Dit is die heel eerste keer dat Weyers dit in Afrikaans én vir radio aanpak. Ook met Petrus du Preez en Marlo Minnaar.

8 Maart 17:00 | US Museum-lesinglokaal | 30min | Gratis



Leer ken jouself, Maak vriende,
Bereik Nuwe
Hoogtes



Kultuur – Avontuur – Natuur
...vir jou beter self.

www.voortrekkers.co.za
Tel: 0861223423

SANLAM MUSIEKFEES

Akoestiese talentkamer

Met: Stellenbosch Universiteitskoor

Die Stellenbosch Universiteitskoor (USK) bestaan uit van die musikaal begaafdste mense in Suid-Afrika. Die USK se *Akoestiese talentkamer* gee dié individue die geleentheid om hul talente ten toon te stel. Kom ervaar hierdie geskakeerde fees vir die ore in 'n warm en vriendelike atmosfeer.

13 Maart 19:00 | De Vette Mossel | 180min | R20 by die deur

All Buttons In

Met: Grethe van der Merwe, Jo Ellis en Christian Burgess

All Buttons In se storie begin in Ladismith, Klein-Karoo, waar Grethe van der Merwe, Jo Ellis en Christian Burgess begin eksperimenteer het met musiek waarvoor hulle lief is, maar sonder enige reëls. Met 'n kombinasie van pop, rock, blues, country en folk tower hulle iets heeltemal vars op in liedjies wat geen perke ken nie.

11 Maart 14:30, 13 Maart 18:00 | Laer as laag | 60min | R100 | R120 by die deur

Amanda loop die pad nou 60 jaar

DEBUUT

Afr./Eng.

Musiekregie: Janine Neethling

Vervaardiger: Ingrid Howard (Tale Be Told Productions)

Met: Amanda Strydom, Anna Davel, Brandon October, Coenie de Villiers, Gloria Bosman, Joshua na die Reën, Stef Bos, Die Libertaskoor, onder leiding van Johan de Villiers.

Orkes: Janine Neethling (klavier), David Klassen (tromme), Juan Oosthuizen (kitaar) en Schalk Joubert (baskitaar).

As vertellers: Coenie de Villiers en Marion Holm

Amanda Strydom het op 23 Julie 1956 in Port Elizabeth die wêreld betree, die pad gevat en sedertdien plaaslik en internasionaal haar merk gemaak as gevierde aktrise, ikoniese sangeres, komponis en skrywer van poëtiese liedtekste en sketse. Amanda loop vanjaar die pad al 60 jaar. Met hierdie produksie klink die land, die gehoor en haar musiek- en teatervriende 'n glasje vonkel op dié besonderse mens en teaterlegende.

8 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 90min | R200, R150, R120 | R220, R170, R140 by die deur





Anton Goosen – Die liedjieboer

DEBUUT

Afr.

Musikale regie: Schalk Joubert

Vervaardiger: Alexa Strachan

Met: o.a. Anton Goosen, David Kramer, Sonja Heroldt, Gert Vlok Nel en Gian Groen

Vra vir enige jong Afrikaanse liedjieskrywer watter kunstenaars 'n invloed was en een naam gaan beslis opduik: Anton Goosen – die onmiskenbare vader van Afrikaanse rock; die liedjieboer wat Afrikaans *cool* gemaak het, die establishment ontstig het, die sensuurraad laat kop krap het en die musiek laat praat het. Anton word op 5 Maart 70 en ons bring hulde aan hom en sy musiek saam met verskeie ander musieklegendes. Hierdie is 'n verjaardag wat ons saam met Anton vier – ordentlik!

5 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 90min | R200, R150, R120 | R220, R170, R140 by die deur



BLUES

Jack plug and the leads

Met: Dale Collins (tromme), Rob Stemmet (baskitaar), Simon Orange (klavier) en Wayne Pauli (kitaar)

Vir een week in die jaar verander Wilgenhof se grasperk in 'n blues bonanza. *Jack plug and the leads* is die ruggraat van die week se musiek. Kom geniet 'n koue drankie waar die musiek heel week kook!

8 Maart 21:00 | De Vette Mossel | 120min | R50 | R60 by die deur

Natasha Meister en Gerald Clark

In 'n genre wat gedomineer word deur mans, staan Natasha Meister nie terug nie! Na 'n lang tydperk in Kanada is sy terug in haar geboorteland en wys sy hoekom sy die eerste vrou is wat 'n Fender-borgskap ontvang het. Gerald Clark is al beskryf as "die man met die goue stem". Schalk van der Merwe sluit met sy baskitaar by hulle aan.

9 Maart 21:00 | De Vette Mossel | 120min | R50 | R60 by die deur

Guy Collins en Gerhard Coetzee

Hierdie twee manne is meesters in kitaarspel en sang. Verwag 'n swaargewig blues-vertoning wat jou drankie 'n bietjie soeter sal laat proe!

10 Maart 21:00 | De Vette Mossel | 120min | R50 | R60 by die deur

Piet Botha en Bertie Coetzee

Piet Botha word beskryf as die burgemeester van meeste plekke wat hy besoek het. Bertie is die Bo-Karoo-Bonsmara-en-bekkie-man. Hy het bekendheid verwerf as sanger van Zinkplaat maar is deesdae 'n meliemagnaat in die Noord-Kaap.

11 Maart 21:00 | De Vette Mossel | 120min | R50 | R60 by die deur

Nhoza Sisholwana

Die talentvolle Nhoza Sisholwana sing die blues soos min ander. Sy tree op saam met die *Jack Plug and the Leads* en dit belooft om 'n vertoning te wees wat jy nie mag nie misloop nie.

12 Maart 21:00 | De Vette Mossel | 120min | R50 | R60 by die deur

Blye galme

Gospel-musiek

Vervaardiger: Christine Duvenage Falck

Musikale regisseur: Lucas Heinen

Met: Randall Wicomb, Koos van der Merwe, Deidré Jooste, Danie Niehaus, Dupisani, Juanita-Juliet Domingo en The Mustard Seed-koor van Kayamandi
Kom geniet 'n aand van lofliedere, Griekwa-psalms en koormusiek in die pragtige natuurskoon.

5 Maart 18:30 | Neethlingshof | 120min | R60, R30 (kinders) | R80, R40 (kinders) by die deur

Bra Tete

Met: Bra Tete Mbambisa en die US Jazz band

Die US Jazz Band, onder leiding van Felicia Lesch, is 'n jong, dinamiese groep musikante wat gereken word as van die belangrikste rolspelers in die plaaslike jazz-bedryf. Hulle open Bra Tete se konsert. Bra Tete Mbambisa staan bekend as die stil held van Suid-Afrikaanse jazz. Dié kunstenaar, wat homself leer klavier speel het, laat die klawers die praatwerk doen. Hy het saam met al wat groot jazz-musikant is gespeel – Basil 'Manenberg' Coetzee, Early Mabuza, Duke Makasi, Hugh Masekela, noem maar op. En nou kom hy Woordfees toe om Stellenbosch aan die brand te tokkel. Ervaar die ou gees van Sophiatown in die Eikestad.

13 Maart 18:30 | Neethlingshof | 100min | R100, R80 (studente en pensioenarisse) | R120, R90 (studente en pensioenarisse) by die deur





Brylcreem, Mozart & Hendrik Susan – ’n musikale kykie na die 50’s

DEBUUT

Musiekregie: Eddie Clayton

Vervaardiger: Ilse Schürmann, namens die US Woordfees

Met: Corlea Botha, Jannie Moolman, Timothy Moloi, Noluvuyiso Mpofo

(ATKV-Muziqanto 2015-wenner), Nadia Beukes (Boer soek ’n vrou)

en Hannes van Wyk (Kwêla-aanbieder)

Die 50’s was ’n interessante musikale era wat die klanke van die Crooners, Elvis Presley se rock ’n roll, Maria Callas se opera-arias, asook die kwêla-klanke van Sophiatown ingesluit het. In Afrikaans is daar in die vyftigerjare onder meer geluister na Hendrik Susan, Chris Blignault, Nico Carstens en Al Debbo, asook Onse Mimi. Dié produksie voer jou mee op ’n nostalgiese tog na die musiek van daardie era.

13 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 75min | R200, R150, R120 | R220, R170, R140 by die deur



Chris Chameleon in Africana – (dis)seksie!

In hierdie opwindende nuwe produksie neem Chris Chameleon gehore op ’n reis deur Africana. Die giere, gewoontes, heilige koeie en tradisies van Afrikaners word gedissekteer om lig te werp op dié merkwaardige groep mense. Saam met die soms gevoelige, soms uitbundige musiek waarvoor Chris alombekend is, en sy magnetiese verhoogpersoonlikheid, kan gehore seker wees van lekker lag, lekker luister en ’n bietjie nadink oor onse mense en hul maniere.

6 Maart 18:30 | Neethlingshof | 70min | R120, R80 (studente) | R140, R90 (studente) by die deur

Die Heuwels Fantasties

Die Heuwels Fantasties is geen vreemdelinge by die Woordfees nie. In hierdie vertoning reis ons deur hulle arsenaal van treffers soos “Klein Tambotieboom”, “Lea” en “Ballade vir ’n enkeling”.

12 Maart 18:30 | Neethlingshof | 70min | R100, R60 (studente) | R120, R70 (studente) by die deur

Die sideboard – die musical

Musiekblyspel

Afr. Geen o/13 (V)

Teks: Simon Bruinders

Regie: Albert Maritz

Klankontwerp: Camillo Lombard

Vervaardiger: Lifeskills & Leadership Co-op

Met: Duncan Johnson, Chantal Stanfield, Zak Hendricks, André Terblanche, Karlé Briedenham, Marlo Minnaar, Simon Bruinders en Vanessa Lee

'n Ongeletterde Abraham de Bruin leer skryf om met sy "Tietser" Stella te trou. Abraham begin sy reis deur die lewe met sy gesin en die sideboard wat hy as huweliksgeskenk gemaak het. Deur die jare word die sideboard, soos Abraham en sy familie self, gereeld bedreig – eers deur die vuur wanneer sy huis afbrand en daarna deur magte wat teen hom werk. Die storie handel ook oor Abraham se stryd om grond van sy eie te bekom en sy lewenslange vriendskap met Kobus Venter, die Afrikaner-jongman wat self probleme met sy familie het.

4 Maart 16:00, 5 Maart 15:00, 7 Maart 20:30 |

kykNET Hoërskool Stellenbosch | 150min |

R110, R80 (pensioenarisse), R60 (kinders) |

R130, R90 (pensioenarisse), R70 (kinders) by die deur

Francois van Coke

Francois van Coke het kultusstatus verwerf as die voorsanger van Fokofpolisiekar. Intussen het hy ook die baie suksesvolle Van Coke Kartel gestig en het onlangs sy eerste solo-album opgeneem. Die ouer en wyser Francois neem ons op 'n musikale verkenningstog.

9 Maart 18:30 | Neethlingshof | 70min | R100, R60 (studente) |

R120, R70 (studente) by die deur

Gereformeerde Blues Band

Die bekende Voëlvry-toer in 1989 wat Suid-Afrika se musieklandskap verander het, se Gereformeerde Blues Band is terug! Kom luister na liedjies soos "Sit dit af", "Snor City", "Energie" en vele meer.

6 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 90min | R100, R70 (studente) | R120,

R90 (studente) by die deur

Grethe van der Merwe – Hierdie plek

As jy wil weet hoekom Grethe van der Merwe by Woordfees 2015 as beste solo-kunstenaar genomineer is, moet jy nie haar splinternuwe vertoning propvol nuwe musiek misloop nie. "Egtheid is die fondament van Van der Merwe se lirieke en dien dan ook as die onmiskenbare rigtingwyser vir haar klank." – Rozaan Els, *Die Burger*.

7 Maart 18:00, 9 Maart 18:00 | Laer as laag | 60min | R100 | R120 by die deur



Hensop!

'n US Woordfees | Absa KKNK-koproduksie

DEBUUT

Kabaret

Afr. Geen o/14 (V)

Teks: Francois Toerien

Regie en ontwerp: Wolf Britz

Met: o.a. Grethe van der Merwe (musiek) Nicole Holm, Leanna Dreyer, Kyle Seconna, Karli Heine en André Terblanché

Kêns Ouma lees teeblare en bokdrolle en voorspel die toekoms verbasend akkuraat. Moeder Magdalena is die baasbrein agter elke mislukte ontsnappingspoging. Nig Susanna, die bywoner, verlei die kakies op die maat van volksliedjies. Poenskop Gertruidatjie (haar hare die onderdeel van 'n seintoestel) moet keer of Ouma se lus vir vleis laat haar been-af. Met sang en dans trotseer drie geslagte boervroue (en 'n bywoner) 'n konsentrasiekamp tydens die Anglo-Boereoorlog. Só sneuvel mites oor dié tydperk en word 'n paar nuwes geskep.

10 Maart 17:30, 12 Maart 20:30, 13 Maart 13:00 |

kykNET Hoërskool Stellenbosch | 80min | R120 | R140 by die deur

In die grond van die wind

Spaans/Afr.

Musiekregie: Awie van Wyk

Regie: Elize Cawood

Visuele ontwerp: Naomi van Niekerk

Met: Drikus Volschenk (stem), CH2 (kitare), Kobus van der Walt (baskitaar), Sergio Zampolli (trekklavier), Matthys Coetzee (tjello), Awie van Wyk en Coenraad Rall (klaviere), en die mannekoor: Zaan Strydom, Matthys Coetzee, Simon Korb, Ruan Bronkhorst, Johannes Fourie, Johan le Grange, Adriaan Jacobs, Stefan Venter, Barend Mathey en Lönngren Prinsloo.

Op 'n stormagtige dag in April 1903 kom 'n skip vol Afrikaner-bittereinders, wat geweier het om onder die Britse vlag te staan, in Patagonië aan. 'n Grenslose en ongenaakbare hinterland wag op hulle. Hoe ver sal die mens gaan vir vryheid? Dié produksie neem jou op 'n pelgrimstog van geluk en hartseer – van Suid-Afrika se konsentrasiekampe tot Argentinië se Pampas-vlaktes.

7 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 70min | R130 | R150 by die deur



Jak de Priester – Bo blink

Met: Jak de Priester en Altus Muller

Jak de Priester se splinternuwe vertoning is belaaï met humor, nostalgie, trane en trots. Sewe nuwe komposisies, twee ou treffers, twee nommers wat nooit op radio gespeel sal word nie, 'n nuwe temalied, 'n alternatiewe sportliedjie en 'n ballade wat groot impak maak by sy onlangse konserte – "Boervrou". En dan is daar ook nog "Bo blink" om na uit te sien.

8 Maart 18:00, 9 Maart 14:30 | Laer as laag | 90min | R120 | R140 by die deur

Kiekies – Lucas se liedjies

Musiekteater

Afr.

Musiek: Lucas Maree

Regie: Jopie Koen

Vervaardiger: JNS Musiek

Met: Jannie du Toit (sang en kitaar), Thean Kotze (sang en kitaar) en Susan Mouton (tjello)

Lucas Maree het as sanger-liedjieskrywer min gelyke in Afrikaans. Hierdie program is vol anekdotes van vriende. Hy het Afrikaans meesterlik gebruik en sy tekste en musiek is ryk geskakeer. Vir diegene wat net 'n paar van sy treffers ken, wag daar 'n uiters aangename verrassing.

5 Maart 20:30, 6 Maart 14:30 | Laer as laag | 70min | R120 | R140 by die deur

Kitaarkonings

DEBUUT

Musikale regie: Schalk van der Merwe

Met: Albert Frost, Madala Kunene, Tony Cox en James Grace

Vier kitaarkonings op een verhoog! Albert Frost is die goue seun van die Blues; Madala Kunene se musiek word beskryf as 'n mengsel tussen Nguni Folk Blues en jazz. Tony Cox se kitaarspel het hom al drie SAMA's vir beste instrumentele albums besorg, terwyl James Grace vir 'n hele paar aangename verrassings behoort te sorg.

8 Maart 18:30 | Neethlingshof | 70min | R100, R60 (studente) | R120, R70 (studente) by die deur

Kleur – my lewe, my lied

Musiek en filosofie

Vervaardiger: Christine Duvenage Falck

Musikale regisseur: Frikkie Marais

Met: Randall Wicomb en Pieter Duvenage

Musiek en filosofie loop hand aan hand, en in hierdie produksie sing Randall Wicomb terwyl Pieter Duvenage saam met hom filosofer oor kleur, Randall se lewe en sy lied.

10 Maart 11:00, 12 Maart 11:00 | 60min | Laer as laag | R120 | R140 by die deur



Kô, lat ons sing!

DEBUUT

Musikale regie: Adriaan Brand

Produksiebestuurder: Grethe van der Merwe

Met: Koos Kombuis, Natalia Da Rocha, June van Merch, Wessel Pretorius en die Solms Delta Musiekprojek

In hierdie 80ste verjaardag huldeblyk aan Adam Small word die

digter en dramaturg se legendariese woorde gevier in sang en musiek, en in gesproke vorm. Sangers en akteurs span saam om die gehoor te bekoor met bekende liederes en opwindende nuwe toonsettings onder leiding van Adriaan Brand. Beslis 'n aand om nie mis te loop nie.

10 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 70min | R160, R120, R100 | R180, R140, R120 by die deur



Korreltjie kandel

DEBUUT

Musiekteater en Woordkuns

Geen o/14

Bindingstek: Luna Paige

Teks: Gedigte van Ingrid Jonker en die liefdesbriewe van Ingrid Jonker en André P. Brink uit *Vlam in die sneeu*

Musiek: Luna Paige, Hatchetman, Nick Turner en Medicine Boy

Met: Luna Paige, Hatchetman, Nick Turner, Lucy Kruger en André Leo

Vier uiteenlopende musiekgroepe kom byeen om Ingrid Jonker se liefdesgedigte nuut te verwerk. Jonker se poësie word verweef met dramatiese en musikale vertolkings van haar en André P. Brink se liefdesbriewe aan mekaar in die sestigerjare. 'n Hartroerende en intieme weergawe van verlange, verbode vrugte, vernietiging en die vreeslose verrukking van die liefde.

6 Maart 12:30, 12 Maart 18:00 | Laer as laag | 80min | R130 | R150 by die deur

Kyk haar oë

Met: Annalise Wiid, Chris van Niekerk en musiekgroep

Sy het in die somer gekom. Sy't ons op reis geneem, die ooptes in. Ons ook vasekeer in klowe. Ons kon nie omdraai nie. Daar was nooit weer uitkomkans nie.

6 Maart 10:00, 13 Maart 20:30 | Laer as laag | 60min | R120 | R140 by die deur

Laurinda Hofmeyr – wat ek wou sê

Met: Laurinda Hofmeyr (sang, klavier), Schalk Joubert (baskitaar), Kevin Gibson (tromme) en Mabet van Wyk (agtergrondsang)

Vir die eerste keer in sewe jaar loop Laurinda weer met 'n nuwe CD in die hand. Die produksie vier dié gebeurtenis met vars musiek deur Laurinda en haar span gesoute musikante. Van haar toonsettings sê Breyten Breytenbach: "Sy sorg vir die teks soos 'n Boeddhis na 'n gewonde soldaat of 'n blinde vrou sou omsien."

4 Maart 18:00, 13 Maart 12:30 | Laer as laag | 60min | R110 | R130 by die deur

Laurie Levine en die Radio Kalahari Orkes

Die immergewilde Radio Kalahari Orkes het al die land plat getoer en is terug by die Woordfees om kragte saam te span met die helder nuwe ster, Laurie Levine. 'n Vertoning wat jou voete gaan laat jeuk!

10 Maart 18:30 | Neethlingshof | 70min | R100, R60 (studente) | R120, R70 (studente) by die deur

Leon en Rocco – en ander instrumente

DEBUUT

Kontemporêre musiek en komedie

Geen o/16

Teks: Leon van Nierop en Rocco de Villiers

Vervaardiger: Rocco Rocco Music

Met: Leon van Nierop en Rocco de Villiers

Leon van Nierop en Rocco de Villiers, bekendes in die vermaaklikheidswêreld, doen in dié produksie wat hulle glo hulle kan doen, wat hulle goed kan doen, wat hulle nie so goed kan doen nie, wat hulle wil doen, maar ook wat hulle nie wil doen nie én wat hulle nou vir die eerste keer wil waag om te doen. Dit bring lighartigheid, erns en 'n draakstekery met mekaar – maar dit bly altyd vermaaklik en verrassend.

13 Maart 14:00 | kykNET Endler | 60min | R130 | R150 by die deur

Liewe Heksie: Flower Power – 'n amperse pantomime

'n KKNK Produksie

Afr.

Teks: Francois Toerien, Margit Meyer-Rödenbeck, na Verna Vels se karakters

Musiekregie en verwerking: Emile Minnie

Lirieke: Francois Toerien, Jurgen Human en Margit Meyer-Rödenbeck

Regie: Lizz Meiring

Met: Margit Meyer-Rödenbeck, Chris van Niekerk, Loukmaan Adams, Anna Davel, De Klerk Oelofse, Dean Balie, Carel Nel, Emile Minnie en Luca Human

Levinia is 'n dollatjie wat oud en jonk al langer as 50 jaar betower. Daar is min teaterstyle wat kinders én volwassenes so vermaak soos 'n goeie pantomime. Blommeland se energieke, stuitige manewales gaan jou nog lank laat runnik (skuus, grinnik; o, Griet!). "Die hele produksie is bedot, betotteld en betowerend." – *Die Burger*.

5 Maart 09:00, 5 Maart 12:00, 12 Maart 09:00, 12 Maart 12:00, 13 Maart 11:00 | Stadsaal | 90min | R120, R80 (kinders) | R140, R90 (kinders) by die deur





Mathys Roets – 21 jaar in die musiekbedryf

Afr.

Met: Mathys Roets en Matthys Maree

Mathys Roets vier vanjaar sy 21ste jaar in die vermaaklikheidsbedryf. Twee dekades gelede het Mathys sy boeke permanent verruil vir sy kitaar en mikrofoon. Hierdie vertoning is 'n nostalgiese terugblik op sy sangloopbaan. Hy vertel die storie met die musiek en skrywers waarmee hy die pad as sanger geloop het. Die gehoor kan hulle verlustig aan 'n propvol program, begelei deur Matthys Maree op klavier, met musiek van onder andere Koos du Plessis, Leonard Cohen, Lucas Maree en Piet van Wyk de Vries.

4 Maart 20:30, 5 Maart 18:00 | Laer as laag | 70min | R120 | R140 by die deur

Metanoia Legacy Festival

Die Woordfees en Metanoia-koshuis bied 'n dag van samesyn en goeie musiek aan ten bate van dié koshuis se beursfonds. Kom vind uit hoe om betrokke te raak of kom geniet net die musiek deur aKis en vele meer.

5 Maart 18:00 | De Vette Mossel | 300min | R70 | R80 by die deur

Nomadic Orchestra, Manouche en Al Baire

Hierdie konsert is nie net vir jongmense nie! Manouche se gypsy jazz-klanke sal selfs die moegste voete laat jeuk. Nomadic Orchestra is pas terug van 'n suksesvolle Europese toer en hulle wys hoekom ons trots kan wees op dié uitvoerprodukt. Al Baire is geen vreemdelinge op groot verhoë nie, met optredes by o.a. Oppikoppi en Rocking the Daisies. Kom dans saam!

4 Maart 18:30 | Neethlingshof | 70min | R100, R60 (studente) – R120, R70 (studente) by die deur

Ousus

Met: Melissa van der Spuy, Kevin Gibson, Shaun Johannes en Henry Steel

Voel jy alleen? Asof niemand jou liefhet nie? Moenie moed opgee nie! Daar is iemand wat vir jou omgee, iemand wat jou weer sal laat lag. Haar naam is Ousus. Ousus sing al jou gunsteling treffers in 'n stuitige styl. Van haar gunsteling is "Kaptein", "Rock daai lyfie" en "Jy soen my nie meer nie" saam met haar lieflike manlike orkes.

10 Maart 14:30, 13 Maart 14:30 | Laer as laag | 90min | R100 | R120 by die deur

Philida van de Delta

Moontlik gemaak deur die ATKV

In samewerking met Solms-Delta, Babylonstoren en die Breytenbach Sentrum

Samestelling: Adriaan Brand, Nick Turner, Leonore Bredekamp, Jervis Pennington en die Delta Soetstemme

Musikale verwerking: Adriaan Brand, Carlo Fabe en die Delta Langbroek-orkes

Regie: Bongile Mantsai

Spelleier: Amelda Brand

Teksontwikkeling: Ameld Brand, Sanna Malgas, Elsie Cupido, Linda Farmer, Sarie Pietersen en Gershwin Cloete

Met: Camelia Florence, Delta Soetstemme, Delta Langbroek-orkes en lede van Babylonstoren en die Breytenbach Sentrum

'n Eg Wynlandse musiekblyspel vol liefde, hartseer, korrupsie, onderdrukking en bemagtiging. As brei-slavin het Philida in die vroeë 1800's drie kinders gebaar aan Frans, die seun van die boer Cornelis Brink. Frans het haar en die kinders vryheid belowe wanneer hy "baas" word. Dinge loop egter skeef en Cornelis wil Philida en die kinders verkoop. Sy doen die ondenkbare: loop kaalvoet oor Helshoogte en lê 'n klag by die Stellenbosch-slawebeskermer. Die geselskap gee hul eie kollaboratief-gekomponeerde vertelling, geïnspireer deur geskiedkundige dokumentasie, eie verbeelding en André P. Brink se roman *Philida*. 'n Aangrypende verhaal wat uiteindelik die universele vraag stel: Wanneer is ons vry?

4 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 80min | R120, R100, R80 | R140, R120, R100 by die deur

ROCK LUNCHES

Pierre Greeff

Hy het bekendheid verwerf as lid van die destydse Lukraakitaar en is tans die hoofseker van Die Heuwels Fantasties. Ná meer as tien jaar in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf het hy 'n arsenaal liedjies om te deel.

7 Maart 13:00 | 60min | De Vette Mossel | R60 | R70 by die deur

Sannie Fox en Albert Frost

Een van Suid-Afrika se uniekste sangeresse saam met een van ons beste kitaarspelers kan net 'n resep vir 'n onvergeetlike optrede wees. Albei kunstenaars weet hoe om 'n gehoor te vermaak met melodieë, harmonieë, stories en 'n lawaai uit die boonste rakke. Hierdie middagete gaan rock.

8 Maart 13:00 | 60min | De Vette Mossel | R60 | R70 by die deur

Piet Botha

'n Legende wat met dekades se ondervinding. Kom reis 'n bietjie saam met Piet Botha van toeka tot nou. Poësie met 'n skop is gewaarborg – van Jack Hammer tot The Lizard Kyngs!

9 Maart 13:00 | De Vette Mossel | 60min | R60 | R70 by die deur



Gerald Clark

'n Ongelooflike optrede deur 'n legende wat deur min nagedoen kan word.

10 Maart 13:00 | De Vette Mossel | 60min | R60 | R70 by die deur

Bertie Coetzee

Bertie het as skoolseun die groep Zinkplaat gestig en is tans 'n voltydse boer in die Bo-Karoo. Kom luister na die unieke stories – van baskitaarspelers tot Bonsmaras. Bertie sing van Suid-Afrika, en sy passie vir die lewe is aansteeklik.

11 Maart 13:00 | De Vette Mossel | 60min | R60 | R70 by die deur

Richard van der Westhuizen – Sylyn

Richard van der Westhuizen val weer die Kaap binne met 'n splinternuwe album en 'n paar vriende saam op die verhoog. Die trein het 'n sypoor gevat na nuwe bestemmings, en die ou spore is dalk nou te nou.

4 Maart 14:30, 6 Maart 18:00 | Laer as laag | 75min | R110 | R130 by die deur



Rock voort

As jou feesdag verby is, gaan jy nie huis toe nie. Nee, vanjaar kies jy koers na die Woordfees se ideale nuwe laatnagbestemming. En jy Rock Voort by die Laer as Laag! Dis die plek waar van ons land se beste musikante byeenkom om saam te speel. Die plek waar van jou gunsteling-sangers snags spontaan na die mikrofoon gaan gryp. Elke aand is vars en vol verassingsoptredes. Dis die groot paartie ná die fees.

4 – 11 Maart 22:00 | Laer as laag | 100min | R50 | R60 by die deur

Sanlam studente-talente

'n Paneel beoordelaars besoek koshuise en PSO's op die Matie-kampus om te kyk wie se talente by die Woordfees uitgestal moet word. Kom luister, sing en lag saam met die beste kultuur-items wat die studente het om te bied. Vir almal met kultuurwoema! Verdere navrae kan gerig word aan Marike Madsen-Leibold: 18248624@sun.ac.za of 078 353 7080

8 Maart 18:00 | De Vette Mossel | 180min | Gratis

Slegs vir almal

Teks: Hennie Aucamp

Regie: Lindi Heila Smit

Choreografie: Tyron Zoutman

Musiekregie en komposisie: Gertjie Besselsen

Met: Mr Cat and The Jackal, Dean Balie, Stephanie Knozer, Shaun Deon Afrika, Dealen Fredericks, Ruby Smith, Liebschen Saal

Slegs vir Almal is 'n politieke verskabaret met momente van vervreemding en diepsinnigheid soos dit 'n ware literêre kabaret betaam. Aucamp lewer vlymskerp kommentaar op oorlog, seksuele emansipasie, sensuur en die probleme van die “ongelukskinders” soos rasbeheptes, bejaardes, kunstenaars en gays. Hierdie steeds relevante liedtekse is deur Gertjie Besselsen afgestof met awereg senuweverwerkings.

4 Maart 20:30, 12 Maart 17:30 | kykNET Hoërskool Stellenbosch | 80min | R100 | R120 by die deur

Tamboerynman – Koos van der Merwe sing Bob Dylan

Magies. Betowerend. Só beskryf musiekkenners en taalkundiges Koos van der Merwe se poëtiese Afrikaanse herskeppings van Dylan-meesterstukke soos “Tamboerynman”, “Verlore in die wind” en “Dat jy my liefde voel”. Selfs geharde Dylan-aanhangers sal bekoor word deur hierdie huldeblyk wat met Van der Merwe se gedigte en vertellings gekombineer word. Maak gereed om meegesleur te word.

11 Maart 18:30 | Neethlingshof | 70min | R100 | R120 by die deur

Theuns Jordaan

Theuns het sedert die vrystelling van *Vreemde stad* in 1999, een van die gewildste kunstenaars in Afrikaans geword. Verwag 'n program volgepak met van sy grootste treffers!

11 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 70min | R200, R150, R120 | R220, R170, R140 by die deur



Valiant Swart – Mystic nagte

Met dié dubbeldoor-vertoning vier Valiant vanjaar twee mylpale: die twintigste verjaardag van sy invloedryke debuut, *Die mystic boer*, asook die uitreiking van sy splinternuwe album, *Nagrit*. Beide albums word in hul geheel uitgevoer met sy kookwater band – Schalk Joubert, Simon Orange, Basson Laubscher en Vernon Swart – en die spesiale gaskunstenaars, Laurinda Hofmeyr en Herman Kleinhans.

7 Maart 18:30 | Neethlingshof | 120min (met pause) | R100, R60 (studente) | R120, R70 (studente) by die deur



Wasgoedlyn

Met: Churchil Naude, Riku Lätti, Willim Welsyn, Frazer Barry, Ryno Velvet en Jackie Lätti

Geen twee Wasgoedlyn-konserte is dieselfde nie, maar een ding is seker: Jy gaan geen opgesmuktheid of aansittery kry nie – net rou, ongerepte musiek, gespeel deur die skeppers daarvan met die hart op die mou. Dis 'n wêreld van oorspronklike klank en liriek wat by elke optrede uit die niet getoor word. Kom luister na Churchil Naude (rymkletser van Mitchell's Plain), Riku Lätti (liedjieskrywer en sanger), Willim Welsyn (Bellville-rocker), Frazer Barry (rymkletstroebadoer, strandloper en MC), Ryno Velvet (Afrikaans alternatief) en Jackie Lätti (sanger-skrywer). Elkeen is 'n ster en elkeen 'n medepligtige wat die ander laat skitter en skyn.

10 Maart 19:00 | De Vette Mossel | 120min | R80 | R90 by die deur

WAT: A tot Z

Musikale regie: Melissa van der Spuy

Met: o.a. Chris Chameleon, Koos Kombuis, Louis Loock, Albert Frost, seremoniemeester Leon van Nierop en die orkes: Jannie "Hanepoot" van Tonder (tromboon), Anjule de Vos-Nock (tjello), Romy Brauteseth (baskitaar), Kevin Gibson (tromme) en Melissa van der Spuy (klavier en trekklavier)



Die WAT se negentigste bestaansjaar word gevier met 'n reis deur die Afrikaanse musiekerfenis van die afgelope nege dekades. Van ons gunsteling liedjies oor die jare heen word afgestof in keurige verwerkings deur van ons land se top-kunstenaars. Maak gereed vir 'n verrassing of twee.

9 Maart 20:30 | Spier-amfiteater | 75min | R200, R150, R120 | R220, R170, R140 by die deur

Young Caballeros

Onder leiding van Faadiel Waggie en Bongani Magatyana

Die Young Caballeros is op 17 Julie 2004 in Grassy Park gestig – en het sedertdien gegroei van 12 tot 70 lede. Hierdie bekroonde Kaapse Maleierkoor is op die been gebring deur die passievolle koorlede se verset teen die sosiale verval, bendegeweld, dwelmmisbruik en ander euwels wat die Kaapse gemeenskap bly bedreig. 'n Onvergeetlike musiekervaring!

5 Maart 13:15 | kykNET Endler | 40min | R60 | R70 by die deur

Yvonne Chaka Chaka – The Princess of Africa

Yvonne Chaka Chaka celebrates three decades of an incredibly successful and multi-awarded international music career with this production – a first for the festival. This production is not only a celebration of her personal, professional and humanitarian achievements, it also salutes many of her contemporaries, from the 80's and 90's till today.

12 March 20:30 | Spier-amphitheatre | 75min | R200, R150, R120 | R220, R170, R140 at the door

COETZENBURG-KONSERTE

Bring jou eie kampstoel of kombors. Vir dié onder 12 en bo 80 is die kaartjies R30.

Johnny Clegg

In die afgelope dertig jaar het Johnny Clegg al diep spore in die Suid-Afrikaanse musiekindustrie getrap. Hy is bekend vir sy unieke styl van musiek wat baie deur sy jong dae in Kwa-ZuluNatal beïnvloed is en het hom wêreldwye sukses besorg het.

4 Maart 20:00 | Coetzenburg | 70min | R150, R100, R60 (studente) | R170, R120, R80 (studente) by die deur

Die karnaval

Karnaval 2016 belooft om nogmaals 'n hoogtepunt op die Woordfeesprogram te wees. Kunstenaars soos Dr. Victor en die Rasta Rebels, verskeie plaaslike orkeste, en 'n mixed masala van immergewilde sangers laat die voete behoorlik klop. Veilige gesinsvermaak is volop by die karnaval, en 'n verskeidenheid stalletjies en mallemeulens voorsien in jongelinge se smaak.

5 Maart 11:30 – 23:00 | Coetzenburg | 660min | R40 volwassenes

Woordfees Pops

Musikale regie: Janine Neethling

Vervaardiger: Biblioteek Produksies

Tegnies: JAM Productions

Kostuums: Juanita Køtzé

Met: o.a. Laurika Rauch, Elvis Blue, Gloria Bosman, Magdalene Minnaar, Minette du Toit-Pearce, Brandon October, Louis Loock, Andriëtte Norman, Peter Maartens, Joshua na die Reën, Martin en Ignatius van Heerden, die Kaapse Filharmoniese Jeugorkes en die Tygerberg Kinderkoor.

Elana Afrika is die seremoniemeester.

Moenie die US Woordfees se heel eerste Simfoniese Pops-konsert misloop nie. Kom luister met sondergang na Suid-Afrikaanse populêre legendes en klassieke bekende sonder die somer se sterretapyt. Word betower met skouspelagtige beligting en musiekdeur van ons grootste sterre.

6 Maart 18:00 | Coetzenburg | 180min | R200, R150, R100 (studente) | R220, R170, R120 (studente) by die deur





Republiek van Zoid Afrika

Met: Karen Zoid, Anneli van Rooyen, Bobby van Jaarsveld, Emo Adams, ZolaniMahola (Freshlyground), Kahn Morbee (The Parlotones), Vicky Sampson en Francois van Coke
Met haar gewilde TV reeks opkykNET, *Republiek van Zoid Afrika*, is Karen Zoid met haar gaskunstenaars weekliks bo-aan die SA iTunes-trefferlys. Tot op hede het sy nie minder nie as tien keer die Nommer Een-posisie behaal. Dis 'n ongeëwenaarde prestasie. Die produksie bevat 'n meesleurende mengsel van melodieë, rock & roll-ballades en interessante verwerkings van haar en die gaskunstenaars se grootste treffers.

11 Maart 20:00 | Coetzenburg | 120min | R150, R100, R60 (studente) | R170, R120, R80 (studente) by die deur

WAAR DROME WAAR WORD...



DURBAN
vanaf **R5 359** per persoon wat deel
Kwotasie kode: 10381 | Geldig: 01 Mei - 31 Oktober 2016





MAURITIUS
vanaf **R15 400** per persoon wat deel
Kwotasie kode: 10380 | Geldig: 28 April - 24 Junie 2016



PHUKET
vanaf **R14 445** per persoon wat deel
Kwotasie kode: 9573 | Geldig: 11 April - 31 Oktober 2016

BALI
vanaf **R16 725** per persoon wat deel
Kwotasie kode: 10366 | Geldig: 16 Januarie - 30 Junie 2016

Pakkette sluit vlugte vanaf Kaapstad in.
Pakkette is onderhevig aan verandering as gevolg van skommeling van randwaarde en beskikbaarheid ten tye van die bespreking.

Vir meer inligting kontak:
denetto.fourie@travel.co.za | Tel: 021 880 0025





Ons bereik hoogtes!

Musikhaus



W.HEUER

021 8872938

www.wheuer.co.za



KLASSIEKE MUSIEK

Afrikaanse lied

DEBUUT

Met: Die US Kamerkoor, olv Martin Berger

Martin Berger, gerekende internasionale Duitse koordirigent, en die Universiteit Stellenbosch Kamerkoor, voer opnuut Afrikaanse liedere uit in 'n konsert waarin tradisie en hedendaagse videomateriaal gekombineer word om 'n nostalgiese aand ter viering van die Afrikaanse lied te skep.

12 Maart 20:00 | kykNET Endler | 100min (pouse ingesluit) |

R110, R80 (pensioenarisse en studente) |

R130, R90 (pensioenarisse en studente) by die deur

Anzél Gerber en Ben Schoeman – Tjello en Klavier

Met: Anzél Gerber en Ben Schoeman

Die vierde duo, Anzél en Ben, bied 'n program van Franse meesterstukke aan. In dié konsert hoor jy Camille Saint-Saëns se *Sonate no.1 in C mineur, op.32*; Claude Debussy se *Sonate in D mineur*; en César Franck se *Sonate in A majeur* (oorspronklik vir viool en klavier).

5 Maart 18:00 | kykNET Endler | 100min (pouse ingesluit) |

R110, R80 (pensioenarisse en studente) |

R130, R90 (pensioenarisse en studente) by die deur

Beste Blondes

Met: Elna van der Merwe, Zorada Temmingh en Kevin Gibson (tromme)

Elna en Zorada se verwerkings vir twee klaviere van klassieke en ligte musiek vermaak reeds die afgelope tien jaar gehore.

Beste Blondes bevat hul hoogtepunte, op 'n vars manier aanmekaar geskakel, maar steeds met hul eiesoortige vernuf en humor. Komponiste soos Mozart, Beethoven en Verdi se musiek kan gehoor word, asook treffers van onder andere die Beatles, ABBA en Queen, saam met van die mooiste Afrikaanse liedjies.

5 Maart 11:00, 7 Maart 18:00 | kykNET Endler | 60min | R110 |

R130 by die deur



Correlli & Co.

Met: Stefan Temmingh en Erik Dippenaar

Stefan Temmingh (blokfluit) is 'n Suid-Afrikaner wat oorsee gereken word as een van die voorste in sy veld. Saam met die plaaslike klavesinis, Erik Dippenaar, sal dié duo 'n program rondom die musiek van Arcangelo Corelli aanbied, en daarby komposisies van Handel, Geminiani en Vivaldi.

8 Maart 18:00 | kykNET Endler | 100min (pouse ingesluit) |

R110, R80 (pensioenarisse en studente) |

R130, R90 (pensioenarisse en studente) by die deur

Dido & Aeneas

DEBUUT

Opera in Engels

Musiek: Henry Purcell

Libretto: Nahum Tate

Deur: Cape Consort

Musikale Regisseur: Hans Huyssen

Verhoogregisseur en Ontwerp: Mari Borstlap

Met: Lente Louw, Elsabé Richter, Nick de Jager en Willem Bester

Dido en Aeneas is mitologiese figure uit Virgil se *Aeneid*. Nahum Tate se libretto fokus op hul tragiese liefdesverhaal wat deur Aeneas se roeping en pligsgevoel kortgeknip word. Henry Purcell se toonsetting hiervan beeld Dido as grootse karakter uit wat 'n drastiese besluit neem wanneer Aeneas haar verlaat. Hierdie barok-tragedie word as eerste volwaardige Engelse opera beskou. Dit is 'n ware meesterstuk met beeldskone musiek en intense drama. Die Cape Consort se lewendige vertolking van vroeë musiek en Mari Borstlap se kontemporêre inkleding van die drama waarborg 'n produksie wat oud en jonk diep sal ontroer en betower.

11 Maart 18:00, 13 Maart 17:30 | kykNET Fisser | 65min | R140 | R160 by die deur



Die lewe is 'n lied

DEBUUT

Vervaardiger: Ilse Schürmann, namens die US Woordfees

Met: Noluvuyiso Mpofo (sopraan), Johannes Slabbert (bariton) en Philippus Hugo (klavier)

In hierdie ATKV-musiekproduksie word emosies deur sang en ensemblespel verklank deur die twee sangsoliste, begelei deur 'n ensemble van US-musiekstudente onder leiding van Philippus Hugo. Mpofo het in Julie 2015 die derde plek verower in Plácido Domingo se Operalia-kompetisie, en is ook die 2015-wenner van ATKV-Muziqanto. Slabbert was die ATKV-Muziqanto 2014-wenner.

9 Maart 18:00 | kykNET Endler | 60min | R120 | R140 by die deur



Die Stellenbosch Universiteitskoor

DEBUUT

Met: Stellenbosch Universiteitskoor

'n Middaguurkonsert ter viering van die US Koor se 85ste verjaardag. Kom luister na die wêreldkampioene onder leiding van André van der Merwe. Die koor het in die 2014 Wêreld-koorkampioenskappe in Letland 'n punt van 99% behaal, die hoogste in die geskiedenis van dié kompetisie.

10 Maart 13:15, 11 Maart 13:15 | kykNET Endler | 35min | R60 | R70 by die deur





Die Universiteit Stellenbosch Simfonie-Orkes

Met: USSO

Die inwonende musikale direkteur, Corvin Matei, dirigeer die Universiteit Stellenbosch Simfonie Orkes (USSO) in 'n program wat hulde bring aan die Suid-Afrikaanse komponis Michael Mosoe Moerane (*Faste la heso*). Hoor ook *Beethoven* se "Keiser"-konsert asook Bruckner se Simfonie in F mineur. Ook met Ben Schoeman agter die klavier.

**4 Maart 20:00 | kykNET Endler | 120min |
R125, R90 (pensioenarisse en studente) |
R145, R100 (pensioenarisse en studente) by die deur**

Fragment

Die kaalvoet-marimbaspeler Magdalena de Vries keer terug na die verhoog met 'n reeks nuwe Suid-Afrikaanse komposisies. Wonderlike Afrikaanse gedigte van onder andere Eybers, Totius, Krog en Jonker word musikaal tot nuwe lewe verwek deur opwindende komponiste soos Braam du Toit, Adrian More, Keith Moss, Franco Prinsloo en ander.

**8 Maart 20:00, 10 Maart 17:30 | kykNET Fismer | 65min | R140 |
R160 by die deur**

Handel se Duitse Arias

DEBUUT

Met: US Eenheid vir Vroeë Musiek, Lauren Dasappa (sopraan), Louis van der Watt (barokviool), Charlotte Berger (barokhobo en traverso), Peter Martens, Mario Nell en Martin Berger (continuo)

Hierdie konsert bied onder meer Handel se enigste toonsettings in sy moedertaal, Duits, waarin God se hand in die natuur waargeneem en besing word. Die skoonheid van die natuur, wat verwoerd en besing word, vind weerklank in 'n innerlike vrede en vreugde.

**4 Maart 18:00 | kykNET Fismer | 100min (pouse ingesluit) |
R110, R80 (pensioenarisse en studente) |
R130, R90 (pensioenarisse en studente) by die deur**

I Grandi Violoncellisti

DEBUUT

Met: Amanda Forsyth, Erich Oskar Huetter, Marian Lewin, Barbara Kennedy, Cheryl de Haviland en Peter Martens

Ses tjelliste – waaronder Amanda Forsyth van Kanada, Erich Oskar Huetter van Duitsland en die Suid-Afrikaners Marian Lewin, Barbara Kennedy, Cheryl de Haviland en Peter Martens – kom saam in die gees van die Berlynse Filharmoniese Tjelliste om 'n program vol sjarmante en karaktervolle musiek te bied uit die wêreld van klassieke musiek, opera en nog meer.

**11 Maart 18:00 | kykNET Endler | 100min (pouse ingesluit) |
R110, R80 (pensioenarisse en studente) |
R130, R90 (pensioenarisse en studente) by die deur**

Libertaskoor – Klassiek tot kontemporêr

Met: Libertaskoor, olv Johan de Villiers

Hierdie nuwe produksie van die Stellenbosch Libertaskoor bevat 'n verskeidenheid van gewyde en sekulêre koormusiek, waarin die eerste deel van die program fokus op ikoniese komponiste soos Eric Whitacre en Karl Jenkins. Uit eie bodem is daar eerste uitvoerings van improvisasies op eg Suid-Afrikaanse melodieë en ritmes. Die program word aangevul deur verwerkings van kontemporêre musiek deur Gerhard Niemand, wat ook as leier van die begeleidende instrumentele ensemble optree.

5 Maart 20:00, 6 Maart 11:00 | kykNET Endler | 75min | R120 | R140 by die deur



Life is Beautiful

Met: Kaapse Filharmoniese Jeugorkes olv Brandon Phillips, en die Stellenbosch Jeugorkes olv Ronella van Rensburg

Die twee jeugorkeste van Kaapstad en Stellenbosch span kragte saam in 'n konsert van bekende werke wat aanklank sal vind by allerlei musiek liefhebbers. Musiek van Beethoven en Brahms kan gehoor word saam met werke deur Mendelssohn en Mozart. Die repertorium sluit onder meer musiek uit ballette, operas en rolprente in.

13 Maart 11:00 | kykNET Endler | 90min | R120 | R140 by die deur

Mariam Batsashvili in konsert

Met: Mariam Batsashvili (klavier)

Die veelbekroonde Georgiese pianis, Mariam Batsashvili, besoek Suid-Afrika en lewer vir die Woordfees 'n konsert met musiek van Handel tot Liszt. In 2014 was Batsashvili die eerste vrou om die gesogte Internasionale Franz Liszt-klavierkompetisie te wen. As deel van haar prys, is sy tans op 'n konserttoer na 20 lande.

10 Maart 17:00 | kykNET Endler | 75min | R120 | R140 by die deur

MOEDERKERK ORRELWEEK

Louna Stofberg

Louna Stofberg verwerf die grade BMus Ed en BMus Hons aan die Universiteit Stellenbosch en was 'n lid van die US Universiteitskoor en die Libertaskoor. Sy behaal die Hoër Lisensiaat in Klavier (*cum laude*) aan die US, die Unisa Onderwyserslisensiaat, asook die Unisa Voordraerslisensiaat in orrel (*cum laude*). Sy was vir 20 jaar orrelis by die NG Kerk Paarlberg en 23 jaar musikonderwyseres by die Hoër Meisieskool Paarl. Sy is tans besig met MMus (Uitvoerend) aan die US onder leiding van Mario Nell.



Program:

Concerto in D mineur BWV596

- JS Bach(1685–1750)

Sonate in F mineur op.65, no.1

- Felix Mendelssohn(1809–1849)

7 Maart 13:15 | Moederkerk | 30min | Gratis



Winand Grundling

Winand Grundling het sy BMus aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit voltooi en sy BMus Hons (*cum laude*) aan die Universiteit Stellenbosch. Hy het die ATCL Trinity Recital (Lisensiaat) en Unisa Uitvoeringslisensiaat met onderskeiding voltooi. Hy het sy orrelstudies onder Colin Campbell begin en meesterklasse ontvang van internasionale orreliste soos Yin Kim, Ton Koopman en David Higgs. Hy het reeds talle pryse in kompetisies gewen, asook drie Kanna-toekennings van die KKNK. Winand is die orrelis van die Stellenbosch Welgelegen-gemeente.

Program:

Liedboekverwerkings

Heer, met my hele hart (209)

- Melodie: *Je louerai l'Éternel* (Claude Frayse 1976)

Genade onbeskryflik groot (510)

- Melodie: *Amazing Grace* (Amerikaanse volksmelodie 1831)

O God van Jakob (275)

- Melodie: *Dundee* (Skotse Psalter 1615)

Alle volke, klap julle hande (547)

- Melodie: *Hanekom* (Braam Hanekom 1993)

8 Maart 13:15 | Moederkerk | 30min | R50 | R60 by die deur



Erik Dippenaar

Erik Dippenaar verwerf sy BMus (*cum laude*) aan die Universiteit Stellenbosch, MMus (*cum laude*) aan die Royal College of Music (RCM), en die Kunstenaarsdiploma in Uitvoeringskuns aan die RCM. Hy het as orrelis die belangrikste nasionale musiekkompetisies gewen, waaronder die ABSA Nasionale Jeugmusiekkompetisie en die UNISA Oorsese Musiekbeurskompetisie. Erik is tans deeltydse dosent in musiekgeskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad, asook artistieke direkteur van Camerata Tinta Barocca.

Program:

Ouverture tot Rinaldo

- GF Handel (1685–1759)

Nimrod uit die Enigma-Variasies

- Edward W Elgar (1857–1934)

Pomp and Circumstance mars no.1 in D majeur

- Edward W Elgar (1857–1934)

Improvisasie op 'n tema uit die gehoor

9 Maart 13:15 | Moederkerk | 30min | R50 | R60 by die deur



Diederick Basson

Diederick Basson het onder Danie Smit, Wim Viljoen, Boudewijn Scholten en Pieter de Lange studeer. Hy het 'n MMus van die Universiteit Stellenbosch (US) ontvang; 'n Lisensiaat in Uitvoering, Onderrig en Kerkmusiek (Orrel); asook in Amsterdam onder wyle Ewald Kooiman studeer. Diederick is onder meer direkteur van musiek by Somerset Kollege, deelydse dosent by die US, voorsitter van die Stellenbosch Eisteddfod en lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.



Program:

Fantasie in G majeur BWV572

- JS Bach (1685–1750)

Votre bonté grand dieu

- C Balbastre (1724–1799)

Paraphrase on a chorus from Handel's Judas Maccabaeus op.90, no.16

- A Guilmant (1837–1911)

10 Maart 13:15 | Moederkerk | 30min | R50 | R60 by die deur

Zorada Temmingh

Zorada word beskou as een van Suid-Afrika se voorste orrel-improvisators, veral vir haar klankbaan-improvisasies vir stilrolprente. Vir haar bydrae tot klassieke musiek is sy tydens die KKNK 2006 met 'n spesiale Kanna vereer. Sy is sedert 1986 orrelis van die Moedergemeente in Stellenbosch. Internasionale optredes sluit in konsertreise na Switserland, België en Namibië. Zorada is tans vryskutmusikus en moderator van Senior Sertifikaat Musiek vir Umalusi. Sy tree op as beoordelaar by kunswedstryde en kompetisies, en is 'n eksaminator vir Unisa.



Program:

Orrel-improvisasies

Juig, verlostes, juig en sing

- Melodie: *Easter Hymn* – Lyra Davidica 1708

Jesus Christus lewe

- Melodie: *Jesu, meine Freude*– Johann Crüger 1653

Ons juig weer oor 'n leë graf

- Melodie: *Allein Gott in der Höh' sei Ehr* – NikolausDecius 1539

Jesus, ons eer U

- Melodie: *Judas Maccabaeus* – GF Handel 1748

11 Maart 13:15 | Moederkerk | 30min | R50 | R60 by die deur



Poulenc-portret

DEBUUT

Met: Marietjie Pauw (fluit), Annamarie Bam (klarinet), John Rojas (hobo), Len Worthington-Smith (horing), Glyn Partridge (fagot) en Benjamin van Eeden (klavier)
Poulenc-portret ondersoek 'n komponis wat in Frankryk was "om te bly" voor, tydens en ná die oorlog. Die sekstet, 'n trio en die fluitsolo verklank Poulenc se musikale en gemeenskapsverweefde rebellies. Die program sluit af met Thuille se sekstet sodat dit waarteen Poulenc in opstand gekom het, ook verklank word.

**10 Maart 20:00 | kykNET Fisser | 70min |
 R110, R80 (pensioenarisse en studente) |
 R130, R90 (pensioenarisse en studente) by die deur**

Schoeman speel Schumann

Met: Ben Schoeman

Ben Schoeman is een van Suid-Afrika se grootse musikale talente en is besig om vinnig naam te maak as 'n konsertpianis van internasionale statuur. Schoeman speel 'n program van slegs Schumann-werke. Schumann is nie net 'n grootse Romantiese komponis nie, maar ook 'n belangrike literêre figuur.

**8 Maart 20:30 | kykNET Endler | 100min (pouse ingesluit) |
 R125, R90 (pensioenarisse en studente) |
 R145, R100 (pensioenarisse en studente) by die deur**

Schubert Soiree

DEBUUT

Met: Amici Strykkwartet, Anzél Gerber, Lauren Dassapa en Ben Schoeman
 Franz Schubert het dalk van die mees sublieme musiek geskryf. Beleef sy *Skaapwagter op die Rots*, *Arpeggione Sonate*, en die besonderse strykkwintet in C majeur D956. Die gevierde Amici Strykkwartet tree op saam met Ben Schoeman (klavier), Anzél Gerber (tjello) en Lauren Dasappa (sopraan).

**7 Maart 20:30 | kykNET Fisser | 100min (pouse ingesluit)
 R110, R80 (pensioenarisse en studente) |
 R130, R90 (pensioenarisse en studente) by die deur**

Stellenbosch University Camerata

DEBUUT

Met: Amanda Forsyth en Universiteit Stellenbosch Camerata, olv Leon Bosch
 Die wêreldbekende Kanadees-Suid-Afrikaanse tjellis, Amanda Forsyth, keer terug na Stellenbosch om 'n spesiale verwerking van Schumann se tjello-concerto saam met die Universiteit Stellenbosch Camerata uit te voer onder leiding van die gewilde kontrabasspeler en dirigent, Leon Bosch. Die konsert sluit in werke van Mozart en Sjostakowitsj.

**13 Maart 20:00 | kykNET Endler | 120min (pouse ingesluit) |
 R125, R90 (pensioenarisse en studente) |
 R145, R100 (pensioenarisse en studente) by die deur**

Tallis, Rachmaninov & Hofmeyr: Meesters van a capella

Met: Kaapstad Jeugkoor

Thomas Tallis (1505–1585) se veertigstemmige motet, *Spem in Alium*, is, sover bekend, nog nooit in Suid-Afrika uitgevoer nie. Tesame met Rachmaninoff se *Deurnaggesange* (Vespers, op.37) troon dit uit in die a cappella-repertorium as geniale werke. Hiermee saam voer die Kaapstad Jeugkoor 'n nuwe opdragwerk uit van die komponis Hendrik Hofmeyr, een van Suid-Afrika se voorste komponiste vir die stem.

9 Maart 20:30 | kykNET Endler | 90min (pouse ingesluit) | R100 | R120 by die deur

Tea with Puccini

Teks en regie: Zanne Stapelberg

Met: Zanne Stapelberg

Klassieke vuurwerke, sublieme arias en hartseer liedjies ontmoet in 'n weelderige nuwe opera-kabaret deur Zanne Stapelberg. Moenie haar vertolking van glansryke arias soos *Casta diva* deur Bellini, *Si mi chiamano, Mimi* uit Puccini se tydlose *La Bohème* en Delila se sensuele hartslied *Mon coeur* uit *Saint-Saëns* se *Simson en Delila* misloop nie. Ook op die program is betowerende liedere uit Bernstein se *West Side Story*, Samuel Barber se *Sure on this shining night* en nog 'n paar magiese musiekplesiertjies.

9 Maart 20:00, 12 Maart 20:00 | kykNET Fismer | 75min | R100 | R120 by die deur

Toccata

Met: Charl du Plessis (klavier) en Ockie Vermeulen (orrel)

'n Instrumentale konsert in "crossover"-styl met 'n volronde versnit van Du Plessis en Vermeulen. Albei het hulself bewys as eksponente van hul onderskeie instrumente en in *Toccata* word hul unieke verwerkings met instrumentale vernuf gekombineer. Verwag musiek van David Foster, Albinoni, JS Bach, Peter Cincotti, Beethoven, Sjostakowitsj en Karl Jenkins in 'n verskeidenheid van style.



12 Maart 13:00 | kykNET Endler | 70min | R120 | R140 by die deur

Two Pianists: Nina avec Luis!

Met: Nina Schumann en Luis Magalhães

Die pianiste-egpaar, Luis Magalhães en Nina Schumann, albei professors in klavier aan die Universiteit Stellenbosch, speel 'n program van Franse musiek. Werke van César Franck, Camille Saint-Saëns (Variasies op 'n tema van Beethoven, op.35), Francis Poulenc (Sonate vir twee klaviere) en Maurice Ravel (*La Valse*, 'n verwerking vir twee klaviere deur die komponis) kan gehoor word.

11 Maart 20:30 | kykNET Endler | 120min (met pause ingesluit) | R125, R100 (pensioenarisse en studente) | R145, R120 (pensioenarisse en studente) by die deur



Uit die hart van Wene

Met: Jolene McClelland, Elna van der Merwe en Wilken Calitz

Jolene McClelland keer terug na Suid-Afrika ná dertien jaar in Wene as solis in verskeie operas en operettes.

Uit die hart van Wene is haar huldeblyk aan van die bekendste arias en liedere afkomstig uit hierdie wêreldstad se musiektradisie. Saam met haar op die verhoog is Elna van der Merwe en Wilken Calitz, wat gaan toor met die walse, gypsy-klanke en melodieë uit 'n roemryke verlede. Met musiek van onder meer Strauss, Lehar, Monti en vele meer.



5 Maart 17:30 | kykNET Fisser | 60min | R110 | R130 by die deur

Waansin

Vervaardiger: Biblioteek Produksies

Regie: Jaco Bouwer

Choreografie: Ina Wichterich

Ontwerp: Nadine en Louis Minnaar


Kostuums: Juanita Køtzé, Škeet

Musikale leiding, verwerking en interludes: José Dias

Met: Magdalene Minnaar (sopraan), Martin van Heerden (danser), Louisa Theart (fluit), Ariella Caira (tjello) en José Dias (klavier).

Sensasionele koloratuur-sopraan, Magdalene Minnaar, vertolk onder spelleiding van die bekroonde teater-regisseur, Jaco Bouwer, waansinstonele uit bekende operas, met stratosferiese hoë note, hallusinasies en sielkundige tragedie. Op die verhoog is die veelsydige Martin van Heerden wat verskillende karakters en alter-egos aanneem. Tragiese heldinne se kranksinnige krisis word voor jou oë werklikheid, en speel af in 'n vreemde parallelle wêreld.

9 Maart 20:00, 11 Maart 20:00 | Stadsaal | 60min | R110 | R130 by die deur



jou

woorde

tref

my

soos

...



Ervaar die fees.
FNB en US Woordfees maak sin saam.

www.FNBenUSWoordfees.co.za
University of Stellenbosch
Woordfees

matriekuitslae

koffie-aseem

klapsone



FNB
First National Bank

hoe kan ons jou help?

KINDERTEATER

Sien ook die musiek-afdeling vir die opwindende **Liewe Heksie: Flower Power – 'n amperse pantomime**, wat groot pret vir die hele gesin inhou.

Die reëngodin

The Little Marionette Company in samewerking met US Drama Department

Poppeteater

Teks: Lizz Meiring en Hansie Visagie

Regie: Althea Visagie

Ontwerp en vervaardiging: Hansie Visagie, Althea Visagie, Reinette Kruyswijk, Thys Stander en Jo Roets

'n Hervertelling van 'n Afrika-legende oor 'n reëngodin wat reën kan laat val deur 'n reëndans te doen. Tydens 'n lang droogte word die jongste meisie in die stam gestuur om reën te gaan soek. In die woestyn red sy sterwende diere van die dors. Die gode beloon haar goeie hart en barmhartigheid deur haar die krag te gee om te kan dans vir reën.

5 Maart 09:00, 7 Maart 15:00, 8 Maart 15:00, 8 Maart 18:00, 13 Maart 09:00 | kykNET Fismar | 60min | R60 | R70 by die deur



Florence and Watson and the Sugarbush Mouse

Producer: Siv Ngesi

Script and direction: Rob van Vuuren and Danielle Bischoff

Music: Sne Dadla and Dean Balie

With: Sne Dadla and Dean Balie

Join Florence and Watson, the funniest, all-singing, all-dancing, all story-telling Honey Badgers you've ever met as they bring to life the remarkable tale of a brave and resourceful little mouse that discovers a unique talent that allows her to save the proteas on the beautiful mountain that she calls home.

6 March 10:30, 10 March 16:30 | Weltevreden | 60min | R60 | R70 at the door



Kinkel en Konkel

Kinkel en Konkel trek elke dag hulle groen vingers aan en skiet al die plante vol sontrale met hulle douers. Maar Doringdrika het ander idees. Saam met haar gruwelike Brommels bring hulle chaos na Tuinebaai wanneer die slimste uil, Agent 360, ontvoer word vir die groenvingers se geheime. Word deel van dié aksieverhaal en vind uit hoe Kinkel en Konkel die situasie beredder.

5 Maart 10:30, 7 Maart 10:30 | Weltevreden | 45min | R60 | R70 by die deur





Lollos 7: Laat jou bene bewe!

Lollos, Lettie, Minki en Disco gaan op 'n avontuurlike soektog na 'n spesiale boksie en dit neem hulle na die uithoeke van die wêreld. Op reis ontdek hulle verskillende kulture en dansies. Splinternuwe liedjies soos *Laat jou bene bewe*, *Sy wil net dans* en *Die paddakonsert* word vir die eerste keer gehoor.

12 Maart 10:30 | Weltevreden | 45min | R75 | R85 by die deur



Spekkies en die drie varkies

Teks en regie: Gaerin Hauptfleisch

Vervaardiging: Spektrum Kinderteater

Met: Dean van der Ventel, Karli Heine, Isak van Zyl en Stephanie Badenhorst

Spekkies is 'n eekhorning met towerkragte wat hom groter as lewensgroot kan maak. In die toneelstuk help hy die drie varkies van die bekende sprokie om een tree voor Dolf die Wolf te bly. Dolf het nare planne met die varkies wat elkeen besig is om hul eie huisie te bou.

11 Maart 10:30, 12 Maart 09:00, 13 Maart 09:00 | Weltevreden | 55min | R65 | R75 by die deur



Tjiff en Tjaff

Vervaardiger: Spektrum Kinderteater

Die karakters van die gewilde kinderreeks, *Tjiff en Tjaff*, wat op KykNET uitgesaai word, hou hul eie konsert met liedjies en danse wat die kleinspan sal herken. Die liewe groen outjies nooi almal uit om deel te wees van hul avonture. Kom kuier saam met Tjiff en Tjaff en bring die kamera vir 'n foto saam met hulle.

5 Maart 09:00 | Weltevreden | 45min | R65 | R75 by die deur



Wit Rosie en Rooi Rosie

Teks en regie: Schalk van der Merwe

Musiek: Stephan Bezuidenhout

Vervaardiger: Universiteit Stellenbosch, Drama Departement

Met: Dené Vorster, Izak Berg, Nina Smit, Emile Tredoux, Emma van Heyningen

Kom beleef die avonture van die twee sussies, Wit Rosie en Rooi Rosie, en ontmoet die vriendelike Bertus Beer en die afskuwelike Drako Dwerf! Help ons helde om hul ware liefdes te vind. Hierdie klassieke sprokie word vars en opwindend aangebied deur die Universiteit Stellenbosch Drama Departement onder leiding van Schalk van der Merwe (Kanna-wenner 2008 – *Die Slapende Skaonheid*)

4 Maart 16:30, 6 Maart 09:00, 9 Maart 10:30 | Weltevreden | 50min | R60 | R70 by die deur



WOORDE OPEN WÊRELDE-PROJEK

Die WOW-projek, die US Woordfees se bemagtigingsprojek in die Wes-Kaap, bestaan vanaf 2003 en het in 2015 die lewens van meer as 200 000 persone geraak. Dit open leerders se oë vir ruimer moontlikhede in 'n groter wêreld en bemagtig hulle deur blootstelling aan kreatiewe programme gerig op die bevordering van taal, letterkunde en die kunste, aangesien taalkennis ten grondslag lê aan **alle** skoolvakke. Inligting oor tersiêre studie help leerders om hul potensiaal te ontsluit, en talentvolle kandidate word ondersteun deur ruim WOW-studiebeurse van die US.

WOW-Skrywersfees

Moontlik gemaak deur LAPA Uitgewers

WOW-Leeskringe, moontlik gemaak deur die ATKV, se lede van onder meer 20 hoër- en laerskole, asook die graad R-leeskringe, neem deel aan dié skrywersfees. Dié leerders beoordeel kinder- en jeugboeke vir die ATKV Woordveertjies en ontmoet hul gunstelingskrywers; terselfdertyd leer hulle al die geheime van stories skryf.



Graad 3: Karla Krullebol – Theresa van Baalen

Theresa van Baalen kom stel die WOW-leerders bekend aan Karla Kriel, 'n krullebol wat net mooi niks hou van hare was nie. Karla se ma is moeg gepraat. Daarom besluit sy Karla hoef nooit weer haar hare te was of te kam nie. Karla is natuurlik baie in haar noppies! Maar dan gebeur iets vreesliks – 'n vreemde, klein pienk mannetjie besluit Karla se vuil, deurmekaar hare is die perfekte plek om 'n heerlike partytjie te hou.

7 Maart 9:30 | JS Gericke Auditorium | 90min | Gratis

Graad 4-5: Bravo, Lulu – Fanie Viljoen

Vergeet van Wiskunde en skoolwerk! Lulu wil 'n modeontwerper word, nes haar ma en pa. Fanie Viljoen kom stel WOW-leerders bekend aan die tweede boek in die gewilde Lulu-reeks. In *Bravo, Lulu* gaan Lulu nie net die rol van die meerminprinses in die balletkonsert dans nie, sy gaan ook 'n paar uitrustings ontwerp, en raai wat? WOW-leerders kom hou saam modeparade.

8 Maart 09:30 | JS Gericke Auditorium | 90min | Gratis

Graad 6-7: Sanri Steyn – Theresa van Baalen

Sanri Steyn droom daarvan om 'n eendag 'n wêreldbekende joernalis te word - sy het nie verniet haar eie koerant, die *Raaiselfontein Gazette*, begin nie! Theresa van Baalen stel die nuutste boeke in die Sanri Steyn-reeks aan die WOW leerders bekend en wys hulle hoe om die voorblad van 'n koerant saam te stel en 'n koerantberig te skryf.

9 Maart 09:30 | JS Gericke Auditorium | 90min | Gratis

Graad 8-10: 'n Hart vol sand – Anzil Kulsén

Anzil Kulsén, gewilde skrywer en fasiliteerder van die ATKV se gemeenskapsprojek vir lees- en skryfbevordering in die Noord-Kaap, kom vertel WOW-leerders van haar nutste, eg Noord-Kaapse jeugroman, *'n Hart vol sand*. Sy kom deel ook 'n paar lekker skryfwenke.

10 Maart 09:30 | JS Gericke Auditorium | 90min | Gratis



Spesiaal vir ons senior leerders!

WOW-Toneelwerkswinkel

In samewerking met die ATKV

Na die sukses van vorige werkswinkels bied WOW vanjaar weer 'n uitstekende geleentheid vir aspirant-akteurs en dramaturge op hoërskool om hul kreatiewe drome uit te leef. Tydens die werkswinkel sal basiese teoretiese onderwerpe bespreek word (spel, teks, regie, ontwerp, tegniese aspekte, ens.) en praktiese voorbeelde, soos DVD-opnames van die ATKV-Tienertoneel, word ontleed. Inligting oor die basiese vereistes en verloop vir toneelfeeste en -kompetisies word oorgedra. Die werkswinkel sal behartig word deur Ira Blanckenberg (aktrise, regisseur en drama-onderwyser) wat ook betrokke by die ATKV-Tienertoneel is. Gerswin Cloete, oud-leerder van Schoonspruit Sekondêr, wat in 2014 onder die top vyf ATKV-Tienertoneelfinaliste was, help met die aanbieding.

**12 Maart 09:00 – 16:00 | Bloemhof Hoërskool | 420min |
Gratis, maar beperkte aantal besprekings**

WOW-Debatfees

Die sewende debatfees in die sewentiende Woordfees-jaar! Debatteerders kan hul vaardighede kom slyp en teen opponente toets. In 2015 het Bellville Hoër die afdeling Harde Koejawels (die ervare spanne) gewen, Hoërskool Bloemhof die Ou Hande-afdeling (spanne met redelike ervaring) en Paul Roos Gimnasium het die Nuwe Besems-kategorie (spanne met min ervaring) gewen. As gevolg van toenemende belangstelling neem daar vanjaar meer skole uit ander provinsies deel. Die onderwerpe sal weer vanuit die US Woordfees se jaarlikse tema geneem word, en met "Bly" behoort leerders sommer lekker te "gly en stry".



**12 Maart 08:00 | Bloemhof Hoërskool | 420min |
R100 per persoon (leerders en opvoeders)**

WOW-Dag vir Graad 12-leerders

Gesoute Media24-werknemers en ambassadeurs van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe gesels met voornemende studente en motiveer hulle om eendag hul drome by die US te verwesenlik. Leerders sal aanklank vind by die dinamiese sprekers wat hulle sal aanmoedig om tersiêre studies te oorweeg. Daarna kom deel WKOD-spesialiste in Afrikaans alle geheime rondom die suksesvolle hantering van Vraestel 3. Na 'n sessie oor die US deur die Sentrum vir Studentewerwing beweeg leerders na Coetzenburg, waar bekende akteurs op hulle wag. Ivor Price is die gespreksleier en hy sal vrae uit die gehoor hanteer. Spesiale gaste sal 'n kort woordjie met die jongspan wissel voordat 'n jolige musiekuitvoering gelewer word. Aktiwiteite word afgesluit met 'n besoek aan die Karnaval.



5 Maart 08:00 – 14:00 | Coetzenburg | 420min | Gratis

WOW-skoolkoerantprojek

In samewerking met WeCan24

Koördineerder: Sabina Dumas

’n Voldagprogram met werksessies vir 250 leerders en hul onderwysers oor verskillende aspekte van die joernalistiek. Wenke oor hoe om ’n skoolkoerant interessant en prakties aan te pak, word gegee. Hiermee word ’n opwindende jaarprogram vir skoolkoerante ingelui. Deelnemers kry ’n voorsmaak van die fantastiese pryse en beursmoontlikhede wat aan die projek gekoppel is. Die wêreld van digitale media word op ’n prettige manier ontsluit.

5 Maart 09:00 – 14:00 | Coetzenburg | 300min | Gratis

ATKV Liedjieslypskool-promosies en -werwing

In samewerking met WOW

Tydens die promosies word videomateriaal vir leerders gewys en Hemelbesem, saam met ’n paar van 2015 se finaliste, bied ’n interaktiewe gespreksessie vir WOW-leerders aan waar hulle meer vertel word oor die Liedjieslypskool. Almal word dan uitgenooi om die oudisies op 11 Maart in Stellenbosch by te woon.

8 – 10 Maart 10:00 – 16:00 | WOW-skoolbesoeke

ATKV-Crescendo-uitdunne

In samewerking met WOW

Die eerste word op Vrydag 11 Maart aangebied. Alle aspirant liedjieskrywers word uitgenooi om die oudisies vir die ATKV-Crescendo-uitdunne by te woon en hul eie komposisies te kom sing. Deelnemers wat deur die beoordelaars gekeur word, woon op Saterdag 12 Maart die Liedjieslypskool by waar Hemelbesem en Pedro Krüger hulle sal help met afrondingswerk. Inskrywings is oop vir die publiek en enigiemand van 16 of ouer kan deelneem.

11 Maart 10:00 – 16:00 | Bloemhof Hoërskool | 360min | Gratis

Die song wil my nie los nie

’n ATKV-Crescendo-produksie; in samewerking met WOW

WOW-feesgangers kan die eerste uitvoering van die verhoogstuk *Die song wil my nie los nie* sien. Sewe van die 2015-finaliste van die ATKV-Liedjieslypskool tree hierin op. As jy van *X-Factor* gehou het, sal *Die song wil my nie los nie* jou asem wegslaan. Hennie van Greunen is produksieregisseur en Pedro Krüger die musikale regisseur. Die WOW-leerders wat hul buiging maak, is Francis Brown, Daphne Arends, Oswald Johannes, Remy E, Whaden Johannes, Carlyn Fransman en Sumarie Uys. Die gewilde Hemelbesem is die gaskunstenaar. Kom kyk hoe sterre gebore word en hoe ons drome waar maak.

12 Maart | 12:45 – 14:00 | Bloemhof Hoërskool | 75min | Gratis



Spesiaal vir die juniors!

Koördineerder: Toni du Toit

Verf en Vers-werkswinkels

In samewerking met NB-Uitgewers

Met dié gewilde werkswinkels word kreatiwiteit en 'n liefde vir lees by leerders in die grondslag- en intermediêre fases aangewakker.

Opvoeders word aangemoedig om taalonderrig op 'n vernuwend, prettige wyse aan te pak. Leerders woon werkswinkels by in kreatiewe skryf, visuele geletterdheid, teken- en verfwerk, asook vingerverf. Die werkswinkels word aan 'n wonderlike storieboek van NB-Uitgewers gekoppel, asook aan die Woordfees se feestema, "Bly". Deelnemers word uitgenooi om 'n kort gediggie te skryf en dit visueel op 'n vel A3-papier uit te beeld. Die eindproduk is 'n kleurvolle plakkaat met elke leerder se gediggie daarop. Dit kom outomaties in aanmerking vir WOW se jaarlikse Verf en Vers-kompetisie wat einde April sluit. Pryse vir wenplakkate word tydens die Woordtrofees oorhandig.

**5 Maart 9:00 – 13:00 | St. Idas Primêr | 240min |
Gratis, maar beperkte aantal besprekings**



Spesiaal vir onderwysers!

WOW-Dag vir onderwysers

'n Groep van ongeveer 200 onderwysers en finalejaarstudente van UWK volg 'n dagprogram. Vanjaar is die eerste afspraak 'n dramaproduksies, waar deelnemers die feesgees kan vang. Na dié baie spesiale teaterervaring kom almal bymekaar vir 'n skrywersgesprek tussen WOW-leerders en die NB-skrywer, Carin Krahtz, oor haar jeugboek, *Elton amper famous April en juffrou Brom*. 'n Lekker ligte ete en agtergrondmusiek sorg vir 'n rustige atmosfeer. NB-Uitgewers stal ook hul nuutste jeugboeke en skool-ondersteunende materiaal uit.

5 Maart 10:00 – 13:00 | Coetzenburg | 180min | Gratis



Grondslagfase geletterdheid

In samewerking met NB-Uitgewers

Met die oog op deelname aan 2016 se Sanlam WOW-Spelfees word 'n werkswinkel in geletterdheid in die grondslagfase vir WOW-onderwysers aangebied. Carol Adonis, WOW-onderwyser van 2015, tree as programbestuurder op terwyl Henk Viljoen 'n aanbieding sal doen oor NB-Uitgewers se Alles in Een-reeks vir die grondslagfase. Helena Bester deel haar kennis oor ADHD met onderwysers, en inligting oor die Sanlam WOW Spelfees word bekend gemaak. Elana Bredell stel die jongste storieboeke ten toon en deel tegnieke oor hoe om stories vir leerders lewendig te maak.

10 Maart 14:30 – 17:00 | JS Gericke Ouditorium | 150min | Gratis

Spesiaal vir Woordfeesgangers

Langarm Snack Dans

Ten bate van gemeenskapsontwikkeling

Oud en jonk haal weer hulle dansskoene uit om lekker stof te trap by die Woordfees. Kom vier die langarm-tradisie saam met ons. Musiek deur die talentvolle Paddy.

26 Februarie 19:30 | Rietenbosch-skoolsaal | 240min | R60



Computicket

die Kaartjie wat jy kan **Vertrou**

**KRY JOU KAARTJIES
VIR KONSERTE, EXPO'S, FEESTE EN MEER**



DRUK TUIS JOU KAARTJIES OF KRY DIT BY HIERDIE WINKELS:

SHOPRITE Checkers checkersHyper Home & Home

www.computicket.com • 0861 915 8000



FILMFEEES

Toegang vir Pulp Cinema-lede met geldige klub-kaarte is gratis na film-vertonings in die Pulp Cinema Neelsie tydens die Woordfees.

VOLLENGTE ROLPRENTE

Beats of the Antonov

Arabies met Engelse onderskrifte

Aangewys as die beste dokumentêre rolprent by die

Durban Internasionale Filmfees in 2015

Vervaardiger: Steven Markovitz, hajooj kuka

Regie: hajooj kuka

Dié dokumentêr vertel die verhaal van die inwoners van die Blou Nyl en die Nuba-gebergte in Soedan en hul stryd om oorlewing tydens 'n burgeroorlog. Die ondersoek na die rol van tradisionele musiek in 'n oorloggesteigerde gebied open nuwe perspektiewe op 'n konflik wat Soedannese burgers geslagte lank ontheem.

7 Maart 20:00, 11 Maart 16:00 | Pulp Cinema Neelsie | 68min | R30 | R40 by die deur

Bettie

'n Persoonlike portret van die lewe van die kunstenaar Bettie Cilliers-Barnard, gebore op Rustenburg in 1914. Sy word groot op die familieplaas waarna haar kollegejare in Pretoria volg. Haar verskeie besoeke aan Parys as jong, vrydenkende kunstenaar dra by tot haar passie vir en uiteindelik onwrikbare toewyding aan die skilderkuns. Haar loopbaan verloop parallel met die goue era van 'n vinnig groeiende Pretoria in 'n politieke komplekse Suid-Afrika. Haar dogter, Jana Cilliers, en kleindogter Lika Berning begelei die kyker op 'n intieme reis deur Cilliers-Barnard se merkwaardige lewe en hoogs suksesvolle loopbaan.

5 Maart 14:00, 13 Maart 16:00 | Pulp Cinema Neelsie | 90min | Gratis

Come as you are

Vlaams, Frans en Spaans met Engelse onderskrifte

Ondersteun deur die Vlaamse regering en die Vlaamse Audiovisuele Fonds (VAF)

Regisseur: Geoffroy Enthoven

Met: Robrecht Vanden Thoren, Gilles De Schryver, Tom Audenaert, Isabelle De Hertogh, Karlijn Sileghem, Kimke Desart, Johan Heldenbergh, Katelijne Verbeke, Karel Vingerhoets, Marilou Mermans

Drie kêrels in hul twintigs is mal oor wyn en meisies. Van wyn het hulle al baie gehad, maar van meisies nog niks. Hulle vertrek op 'n wyntoer deur Spanje met die hoop om 'n gelukkie te tref. Niks sal hulle keer nie, nie eens hul gestremdhede nie – een is blind, die ander een in 'n rolstoel en die derde een is heeltemal verlam ...

8 Maart 15:30, 10 Maart 20:00 | Pulp Cinema Neelsie | 120min | R30 | R40 by die deur

Ek, Afrikaner

Annalet Steenkamp is 'n swaargewig in die wêreld van dokumentêre films. Sy is betrokke met verskeie projekte wat op internasionale platforms vertoon word soos *My Story* op M-Net. Haar film, *Ek, Afrikaner*, wat in die Suid-Afrikaanse platteland afspeel, handel oor haar familie en hulle stories en die onsekerhede van die landbousektor in die nuwe Suid-Afrika.

11 Maart 14:00 | Pulp Cinema Neelsie | 93min | R30 | R40 by die deur

Happy Together

Vlaams, met Engelse onderskrifte

Ondersteun deur die Vlaamse regering en die Vlaamse Audiovisuele Fonds (VAF)

Regisseur: Geoffrey Enthoven

Gebaseer op 'n idee van Mariano Vanhoof

Met: Ben Van Ostade, Bien De Moor, Ziggy Moens, Clara Cleymans, Chris Lomme, François Beukelaers, Viviane De Muynck

Martin en Eline is die toonbeeld van 'n gelukkige egpaar. Hulle woon in 'n mooi huis en het twee pragtige kinders. Maar wanneer hulle 'n koopkontrak vir 'n huis in Toskane sluit, begin die geluk teen hulle draai. Die verdwyning van hul bankbestuurder – en enorme bedrae geld – lei 'n klomp terugslae in wat dié perfekte gesinnetjie uiteindelik op hul knieë dwing. Maar is dit alles die gevolg van oordeelsfoute wat Martin gemaak het? In 'n poging om hom en sy gesin te beskerm, word hy vasgevang in 'n web van leuens en skelmstreke. Dit wil voorkom asof 'n drastiese stap die enigste manier is om uit dié gemors te kom.

4 Maart 18:00, 7 Maart 14:00 | Pulp Cinema Neelsie | 90min | R30 | R40 by die deur

Lost Persons Area

Vlaams, Engels en Hongaars met Engelse onderskrifte

Ondersteun deur die Verteenwoordiging van die Vlaamse regering in Suid-Afrika en die Vlaamse Audiovisuele Fonds (VAF)

Regisseur en skrywer: Caroline Strubbe

Met: Zoltan Miklos Hajdu, Kimke Desart, Sam Louwyck, Lisbeth Gruwez

Bettina en Marcus, 'n passievolle paartjie, woon in 'n kantien in die middel van 'n groot oop veld wat deur 'n eindelose klomp kragpale deurspan word. Marcus, wat sy eie onderneming op die been probeer bring, is die voorman van 'n span werkers wat die kragrade in stand hou. Bettina, verveeld en smagtend na 'n beter lewe, bestuur die kantien waar die werkers uithang. Hul negejarige stokkiesdraaier-dogter Tessa dwaal in die omgewing rond, op die uitkyk vir ditjies en datjies om haar mee besig te hou. Wanneer Marcus die Hongaarse ingenieur Szabolcs in diens neem, neem hul onkonvensionele lewenswyse 'n nog vreemder wending.

9 Maart 10:30, 12 Maart 20:00 | Pulp Cinema Neelsie | 110min | R30 | R40 by die deur



My queen Karo

Nederlands met Engelse onderskrifte

Ondersteun deur die Vlaamse regering en die Vlaamse Audiovisuele Fonds (VAF)

Regisseur: Dorothee van den Berghe

Met: Anna Franziska Jaeger, Matthias Schoenaerts, Déborah François

Die 10-jarige Karo woon saam met haar ouers in 'n Amsterdamse kommune in die 1970's. As enigste kind lei sy 'n sorgelose lewe in dié utopiese wêreldjie van die grootmense. Volgens die reëls moet alles in die kommune deur almal gedeel word, maar dit word gou duidelik dat party lede sukkel om dié ideaal te eerbiedig. Karo is verskeur tussen haar liefde vir haar ma en haar lojaliteit aan haar pa met sy utopiese ideale. Mettertyd besef sy dat niks vir ewig dieselfde kan bly nie ...

6 Maart 18:00, 12 Maart 14:00 | Pulp Cinema Neelsie | 105min | R30 | R40 by die deur

Necktie Youth

Afrikaans, Engels en Zoeloe

Regisseur: Sibs Shongwe-La Mer

Met: Bonko Cosmo Khoza, Sibs Shongwe-La Mer, Kelly Bates, Emma Tollman, Jonathan Young, Kamogelo Moloji, Colleen Balchin, Ricci-Lee Kalish, Giovanna Winetzki

Jabz en September, twee Johannesburgse voorstedelinge in hul twintigs, verwyl hul dag met dwelms, seks en filosofiese praatjies oor hul bevoorregte bestaan. Die selfdood van 'n vriend, wat lewendig op sosiale media uitgesaai word, vorm die ruggraat van dié geskakeerde swart-en-wit rolprent. By Jabz en September ontbreek die diepte en volwassenheid om dié tragedie, wat hul leë bestaan deurmekaarkrap, te hanteer. 'n Rou, aangrypende blik op post-apartheid Johannesburg.

4 Maart 20:00, 6 Maart 16:00 | Pulp Cinema Neelsie | 91min | R30 | R40 by die deur

Skating on Thin Uys

In 1985 is die vollengtefliek *Skating on Thin Uys* vrygestel. Skaars drie weke later is dit verban en is dit nooit weer in Suid-Afrika gewys nie – tot onlangs by kykNET se Silwerskermfees. "Almal was opgewonde oor die projek en om met die karakter van Evita Bezuidenhout dieper in die donker spelonke van ons politiek te kon inwoel," onthou Uys oor sy draaiboek. "Ook om humor te gebruik om mense se aandag te vestig op die belaglike dinge in ons politiek en lewenswyse." *Skating on Thin Uys* het 'n indrukwekkende rolverdeling. Behalwe vir Pieter-Dirk Uys, wat die rolle van Evita Bezuidenhout, Bambi Kellerman, Hasie Bezuidenhout, De Kock Bezuidenhout, Billie-Jeanne Bezuidenhout en Izan Bezuidenhout vertolk, spog die rolverdeling met spelers soos Thoko Ntshinga, Lizz Meiring, Steven Moloji, Winston Gama, Scot Scott, Brümilda van Rensburg en Michael Brunner.

5 Maart 10:30, 7 Maart 16:00 | Pulp Cinema Neelsie | 100min | R30 | R40 by die deur

Sugarcane Shadows

Aangewys as die beste draaiboek by die Durban Internasionale Filmfees in 2015

Regisseur: *Constantin David*

Marco, Bissoon en hul vriende is almal in hul vyftigs. Hulle het hul lewe lank in 'n suikerfabriek in 'n klein dorpie in Mauritius gewerk.

Die fabriek is gesluit om plek te maak vir 'n luukse gholflandgoed. Nie een van die vriende is gereed afstand te doen van die wêreld waaraan hulle gewoon is nie. Hulle moet maniere vind om te oorleef terwyl hul gemeenskap disintegreer en hul onafhanklikheid ondergrawe word.

5 Maart 16:00, 8 Maart 12:00 | Pulp Cinema Neelsie | 88min | R30 | R40 by die deur



Sunrise

Aangewys as die beste rolprent by die Durban Internasionale Filmfees in 2015

In die uitgebreide Moembaai-megapool soek Insprekteur Joshi desperaat na sy dogter, Aruna, wat tien jaar gelede, toe sy ses was, op 'n dag nooit van die skool af teruggekeer het nie. Bedags is Joshi 'n getroue lid van die apatiese polisiemag, maar saans loop hy die dankroeë in die agterstrate na, op soek na sy kind. In die skaduwêreld van kinderprostitusie word Joshi geleidelik bewus van 'n ontwykende figuur wat hom vanuit die donkerte dophou.

5 Maart 18:00, 6 Maart 14:00 | Pulp Cinema Neelsie | 88min | R30 | R40 by die deur

The dream of Shahrazad

Aangewys as die beste Suid-Afrikaanse dokumentêre rolprent by die Durban Internasionale Filmfees in 2015

Regisseur: Francois Verster

'n Vollengte rolprent wat ondersoek instel na politieke spraakvryheid

voor, tydens en na die Egiptiese rewolusie – asook in die hedendaagse Turkye en Libanon. Die kuns van storievertel en musiek omspan die narratief. Daar word spesifiek gefokus op die nalatenskap van die beroemde verhale wat as die “1 001 Arabiese nagte” bekendstaan. Die Scheherazade-gegewe word verweef met politieke en kulturele uitdrukkingsvorme tydens die Arabiese Lente en vind neerslag in die inspirerende, ontroerende kontemporêre verhale van Arabiese burgers wat uitspeel op onverwagte maniere – tydens 'n rewolusionêre simfonieuitvoering in Istanboel se Topkapi-paleis, in die kuberruim aan die hand van 'n Egiptiese internet-aktivis, en in Alexandrynse strate waar moeders treur oor hul kinders wat as rewolusionêre gesterf het. Francois Verster sal na die vertoning op 6 Maart 12:00, kortliks gesels oor sy aangrypende werk. Moenie hierdie gesprek misloop nie.

5 Maart 20:00, 6 Maart 12:00 | Pulp Cinema Neelsie | 110min | R30 | R40 by die deur





The Foreign Minister

Pik Botha se vurige en soms poëtiese terugblikke op sy onstuimige politieke loopbaan as een van die wêreld se langsdienende ministers van buitelandse sake word in hierdie dokumentêre vasgevang. Botha was baie sjarmant maar ook omstrede vir sy benadering tot verskeie geo-politieke kwessies. In vele opsigte het hy 'n enigma gebly. Hy het aanvanklik apartheid skroomtelos verdedig, maar het later 'n groot rol in die beëindiging daarvan gespeel en uiteindelik was hy een van die min ministers wat in beide regerings gedien het. In sy 40 jaar lange loopbaan was Pik Botha beslis 'n geliefde én gehate figuur. Sy plek in die geskiedenis van Suider-Afrika is egter verseker deur sy onvergeetlike toesprake, sy vele geslaagde onderhandelinge agter die skerms en die beroemd-berugte “parallele diplomاسie” wat hy om die braaivleisvuur en in die kroeg gepraktiseer het. Familie, vriende, kollegas en opposisie van Botha deel in hierdie dokumentêre persoonlike insigte.

9 Maart 20:00, 10 Maart 12:00 | Pulp Cinema Neelsie | 90min | R30 | R40 by die deur

The Shore Break

Ontvang die Amnesty International-menseregteprys tydens die Durban Internasionale Filmfees in 2015, asook die beste bestaande dokumentêre film tydens die kykNET Silwerskermfees 2015

Regisseur: Ryley Grunenwald

Die Amadiba-gebied aan Suid-Afrika se skone Wildekus is vir eeue reeds die tradisionele tuiste van die Pondo's. Nonhle, 'n jong eko-toergids, is 'n vurige ondersteuner van haar mense se tradisionele leefwyse binne die bedreigde omgewing waarin hulle 'n bestaan maak. Haar neef Madiba ondersteun egter entrepreneurskap en modernisering en is ten gunste van regeringsplanne om 'n snelweg na 'n titaanmyn in die omgewing te bou. Konflik tussen dié twee is onafwendbaar. Die uitstekende kinematografie en klankbaan, gekombineer met pragtige sand-animasie, getuig waarom dié rolprent met entoesiasme by rolprentfeeste regoor die wêreld ontvang is. Na afloop van die 10 Maart 14:00 vertoning, gesels Odette Groenewald en Ryley Grunenwald oor hul fassinierende filmprojek.



6 Maart 20:00, 10 Maart 14:00 | Pulp Cinema Neelsie | 90min | R30 | R40 by die deur

The story of African Film

Afrika is betrokke by die maak van rolprente sedert die ontwikkeling van die eerste bewegende beelde. Aanvanklik was Afrika net die eksotiese agtergrond vir Europese en Amerikaanse films, maar weldra het Afrikane begin om hul eie stories oor die kontinent te skep. Dié dokumentêre speur die geskiedenis van film in Afrika na vanaf 1896 toe die Lumière-broers 'n kameraspans opdrag gegee het om die piramides in Egipte te verfilm. Daar word ook gewys hoe die Britte 'n kameraspans saam het hul soldate in 1899 gestuur het om dele van die Anglo Boere-oorlog in Suid-Afrika te verfilm. Die baanbrekersverhale van uitmuntende filmmakers, soos Ousmane Sembène van Senegal, wys hoe nuwe rolprentmakers mettertyd beïnvloed is om hul stories van Afrika vanuit hul eie perspektief te vertel. The Story of African Film is 'n reis dwarsoor die Afrika-kontinent – van Maghreb in die Noorde, tot die Franse en Nigeriese rolprente in die Weste; van die stories oor ontwikkeling in die Ooste tot die sterk filmkultuur onder in die Suide. Hierdie dokumentêre wys beelde van Afrika oor die afgelope 100 jaar; beelde wat vertel hoe die kontinent vasgevang en gesien is deur verskeie van haar filmmakers.

7 Maart 12:00, 9 Maart 12:00 | Pulp Cinema Neelsie | 100min | R30 | R40 by die deur


KORTFILMS

Dearest Elle

Vervaardig deur Laré Birk, Adam Heyns and Jenna Dunster. Met Jenna Dunster en Adam Heyns

Die ontroerende verhaal van 'n eensame, verveelde roetineslaaf. Elle ontvang weekliks 'n brief van iemand wat haar baie goed ken en haar dapper en gelukkig wil sien. Die boodskappe maak haar lewe draaglik en laat haar na elke Donderdag, die weeksdag waarmee sy sukkel, uitsien.

5 Maart 12:30, 7 Maart 11:30, 11 Maart 13:00 | Pulp Cinema Neelsie | 7min | Gratis



KYKNET SILWERSKERMFEES 2015-KORTFILMS

Beurtkrag

Jasper en Fransie se lewe word omvergegooi wanneer 'n kragonderbreking hulle weg van tegnologie af dwing – naderaan mekaar. Hul oënskynlik 'perfekte' verhouding word skielik onder die vergrootglas geplaas en dinge vat vlam. *Beurtkrag* is 'n verhoudingsdrama wat handel oor die kwesbaarheid tussen geliefdes.

4 Maart 11:00, 6 Maart 11:30, 7 Maart 18:00, 13 Maart 14:00 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis

Die snelwegsluiper

'n Reeksmoordenaar, bekend as 'Die snelwegsluiper', teister motoristeop die paaie van 'n onbekende metropool. Die verhaal word vanuit drie perspektiewe aangebied en verken 'n wêreld waar paranoia en desperaatheid seëvier, waar geen konstantes bestaan nie, waar geen reëls meer geld nie, en waar 'n toevallige ontmoeting met 'n vreemdeling noodlottige gevolge kan hê.

4 Maart 12:30, 8 Maart 11:30, 11 Maart 18:00, 12 Maart 11:30 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis

Dominee-truuks

Melissa Strydom, 'n stil, stemmige skoonheidsterapeut, bevind haar in 'n ongemaklike situasie wanneer 'n kliënt sy laaste asem in haar alter ego, Wiks-my-Wilma, se strafkamer uitblaas. Hugo Niemand, haar kêrel, is salig onbewus van haar 'ongewone' beroep, en Melissa wil dit graag so hou. Haar ma, leier van 'n Bybelstudiegroepie, en haar eng pa maak dinge ook nie makliker nie. Intussen moet Melissa van die lyk onslae raak voor haar volgende kliënt aanklop.

4 Maart 17:00, 8 Maart 11:00, 8 Maart 18:00, 13 Maart 14:30 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis



Foto

Met: Roeline Daneel, Ludwig Binge, Albert Maritz en Antoinette Louw

Michaela, 'n jong gedrewe fotograaf, brand om te weet wie die anonieme fotograaf is wat die treffende foto's vir 'n uitstalling geneem het. Sy begin na homsoeken betrek vir Bernard, die gallery se kurator. Die leidrade bring Michaela uit by die stories van die mense in die foto's, en sy ontdek dat buitengewoon baie van hulle, sedert hulle afgeneem is, gewelddadig dood is.

**4 Maart 12:00, 7 Maart 19:00, 9 Maart 18:30,
13 Maart 10:30 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis**



Hartloop

Janke, 'n doodgewone dertigplusser, se middelklasbestaan word dramaties ontwig wanneer motorkapers haar op die netjies gemanikuurde grasperk voor haar huis agtergelaat. Maar daar is een ding waarmee die kapers nie rekening hou nie – hulle het geen idee tot watter lengtes Janke sal gaan om daai kar terug te kry nie!

**4 Maart 13:00, 9 Maart 19:30, 10 Maart 11:30,
12 Maart 12:30 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis**



Jan Umkhwetha

Dertig jaar nadat 'n onsmaklike gebeurtenis Jan en Jabu se vriendskap tot 'n einde gebring het, kruis hul paaie weer in die Transkei. Hulle is nou al in hul sestigs, en die seer en kwaad van die verlede lê nog vlak binne Jabu. Dié filmiese juweel ondersoek die waardes van grootword, vriendskap, vergifnis en die vermoë om aan te beweeg.

**4 Maart 14:30, 10 Maart 11:00, 11 Maart 19:30, 12 Maart 13:00 |
Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis**

Kleingeld

AJ, 'n jong petroljoggie met min selfvertroue, is dolverlief op Corey, 'n pragtige winklkassier. Tydens Corey se laaste aand by die werk is AJ vas van plan om haar 'n brief te gee waarin hy vra om met hom uit te gaan. Maar Andrew, die arrogante junior winkelbestuurder, is vasbeslote om AJ se aand hel te maak. AJ se beste vriend, Michael, probeer hom egter help om in sy doelte slaag, maar sy slegte raad stuur AJ op 'n pad van mislukings. Kort voor sonopkoms kry AJ die idee vir 'n laaste briljante plan, maar die enigste manier waarop dit kan werk, is as almal hom help...

**4 Maart 17:30, 6 Maart 11:00, 12 Maart 13:30,
13 Maart 15:30 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis**



Konneksies

Bennie, 'n wynplaasvoorman, en Retha, kwekerybestuurder op die dorp, is twee ongeslypte diamante wat eintlik bedoel is vir mekaar. Hulle weet dit egter nie, totdat hulle mekaar op 'n "dating site" teëkom en vir dae aaneen "chat". Elke pot het sy deksel... maak nie saak hoe rond of hoe blond nie.

**4 Maart 14:00, 7 Maart 10:30, 9 Maart 19:00,
11 Maart 19:00 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis**



Melusine van Arcadia

Met: Stephanie Gericke, Lelia Etsebeth en Reine Swart
'n Verhaal van 'n drieling wat saamwoon in 'n woonstel in Arcadia, Pretoria, en deur 'n gedeelde donker geheim gedwing word om vir altyd bymekaar te bly. Een van die susters, die sieklike en misvormde Melusine, word deur die ander twee, Tina en Mior, van die buitewêreld weggesteek. Sy raak by die dag meer rebels en smeeke hulle om haar vry te laat. Tina wil graag aanbeweeg, maar Mior hou vas aan hul moeder se bindende wens ...

**4 Maart 15:30, 6 Maart 10:30, 8 Maart 19:30,
12 Maart 11:00 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis**



Skewe reënboog

Willem is 'n skitsoïede kluisenaar, vasgeknel in Reënboognasie-idealisme. Een aand, wanneerhy sy vyfhonderdste portret van sy held, Madiba, teken, word hy bewusteloos geslaan. Sy Madiba-portrette én plastiekreënboog word verwoes. Dan vertrek hy op 'n reis na die Uniegebou om vir Madiba om hulp te vra. Wanneer hy uitvind dat die wêreld-ikoon oorlede is, en hy daarop aandring om die nuwe president te sien, vind 'n tragedie plaas ...

**4 Maart 11:30, 11 Maart 13:30, 12 Maart 17:30, 13 Maart 11:30 |
Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis**

Sweisbril

Frannie is 'n *welder*, 'n gewone ou. Hy voel al 'n geruime tyd ietwat verlore en hy drink gans te veel. Hy het sy werk, sy vrou en kind iewers in sy dronkenskap verloor. Die dag voor 'n algehele sonsverduistering leen Frannie twee sweisbrille by Theo, sy bullebak van 'n broer. Hy is vasberade om die verduistering vir sy seun te wys, maar waar is dié nou? En waar is Jill, sy pragtige hairdresser-vrou? Soos Frannie die stukkies van sy geheue en lewe weer aaneensweis, begin hy meer en meer wens hy was maar eerder blind.

**4 Maart 10:30, 7 Maart 11:00, 12 Maart 17:00, 13 Maart 15:00 |
Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis**



Tekkies vir Trevor

Basil is alles wat sy broer Trevor nie is nie. Wanneer hy voor mense oor sy broerse liefde vir dans en sy passie vir sy gemeenskap praat, ontvou 'n komplekse verhouding tussen twee mense op aangrypende wyse. En Basil openbaar sy ware, hartseer self.

4 Maart 13:30, 10 Maart 10:30 en 18:30, 12 Maart 16:00 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis

Van agter die deur

Vir drie weke al lê Anna in 'n bed, haar hande en voete vasgebind sodat die sonlig haar nie kan bykom nie. Die kamerdeur toegesluit en haar mond toegeplak sodat die bure haar nie kan sien of hoor nie. Deur die mure van die huis luister Anna na al die besluite wat Walter en Liza oor haar neem. Sy wag vir die sleutel om te draai in die slot ...

4 Maart 16:30, 8 Maart 18:30, 12 Maart 10:30, 13 Maart 13:30 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis



Van lyn af

Ciska se toewyding aan haar aanlyn-lewe kry haar man Du Preez onder. Hy voel 'n mens lêf jou *memories*, jy neem hulle nie heelyd af nie. Ciska is verslaaf aan haar aanlyn-familie se dramas en merk skaars op hoe haar man vereensaam. Haar suster, Janie, is weer op soek na 'n lewensmaat op die internet, maar loop haar keer op keer teen verdagte karakters vas. Hoe harder almal soek, hoe meer raak hul lewens van lyn af.


4 Maart 16:00, 7 Maart 19:30, 12 Maart 16:30, 13 Maart 11:00 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis



Vryslag

Francois van Niekerk is 'n bekende akteur wat oral in Johannesburg herken en bewonder word, maar as enkelouer en enigste broodwinner hou hy net-net kop bo water. Wanneer sy seun se privaatskool aandring dat hy sy agterstallige fooie vereffen, word Francois in 'n krisis gedompel. Maar skielik verander 'n bedelaar in 'n engel, en dinge neem 'n verrassende wending.

4 Maart 15:00, 7 Maart 18:30, 8 Maart 10:30, 12 Maart 12:00 | Pulp Cinema Neelsie | 24min | Gratis



LIVINGIT UBUNTU YOUTH FILM FESTIVAL

Ondersteundeur die National Lotteries Commission (NLC) in samewerking met Distell-stigting, Oude Libertas en CityVarsity

As ons as Suid-Afrikanners saamstaan om dieselfde vuur dan vier ons fees dat die biesies bewe! Miskien is eenheid, gebore uit ons unieke verskeidenheid, ons enigste sleutel tot 'n suksesvolle toekoms. 'n Wye verskeidenheid kortfilms wat deur jongmense vervaardig is, word op **9 Maart** in die Pulp Cinema Neelsie vertoon. Van hierdie jongmense sal dan ook hulle merkwaardige stories van hoop en persoonlike groei met die gehoordeel. Kom eindig jou US Woordfees 2016 ervaring met 'n onvergeetlike belewenis op **13 Maart** by die Oude Libertas Amfiteater waar kreatiewe en interaktiewe stalletjies en 'n opwindende aandprogram die sielvoed met hoop op vernuwing van 'n eenheid wat almal bevoordeel. Die program eindig op 'n unieke hoogtepunt met 'n onweerstaanbare vlerkflappende phoenix-vuurvertoning.

9 Maart | 15:30 Kort film-vertonings | 16:15 Besprekingsgroep | 17:00-18:00 Kort film vertonings | Pulp Cinema Neelsie | Gratis

13 Maart | 15:00 Kort films in Oude Libertas-ouditorium | 18:00 Interaktiewe stalletjies | 20:00 Aandprogram met phoenix-vuurvertoning | Oude Libertas Amfiteater | Gratis

OPEN WINDOW KORTFILMS

Open Window se kortfilmprogram word op 11 Maart om 10:30 in die Pulp Cinema Neelsie aangebied en duur twee ure in geheel. Die aanbieding is gratis en sluit twee filmsessies en 'n vraag-en-antwoord-geleentheid na afloop van die films in.

FILMSESSIE 1 – 45 MIN

Car Guard Tan

Regisseur: Willem van den Heever

Tydens 'n openhartige gesprek by 'n winkelsentrum in 'n welgestelde voorstad van Pretoria, maak 'n motorwag sy hart oop teenoor die jong, nuuskierige filmmaker. Hy gesels oor sy vertroebeling, begeertes en die geheime van sy ambag.



Dar es Salaam

Regisseur: Michael Leask

'n Stemmingvolle reis deur die Dar es Salaam-moskee in Laudium, Pretoria.



Die duif

Regisseur: Jotam Schoeman

'n Ouerwordende bibliotekaresse se perfekte klein wêreldjie word op sy kop gekeer wanneer 'n duif die biblioteek binnevlieg.

Jabulani

Regisseurs: Rean Combrink en Jean-Pierre Julies

'n Voorstedelike wit seun verontagsaam sy rassitiese pa se wense en gaan speel sokker in 'n township saam met 'n talentvolle seun van sy ouderdom. Wat daarop volg, skud albei se wêreld. Is 'n eenvoudige versugting om iets hoopvolsgenoeg om die grense tussen hulle af te breek?

Konstellasie-kaart

Regisseur: Jaen Kleynhans

'n Tong-in-die-kies kykie na die kunstenaar se eindelose soektog na inspirasie en die futliteit van ons bestaan.



Jaco van der Merwe – 16's for 16 (Motif Records)

Regisseur: Jaco van der Merwe

Oorspronklik geskiet vir die 2014 Motif Records-projek, "16s for 16", waarvolgens Suid-Afrikaanse stories vertel word in die konteks van 16 Junie 1976. Die musiekgroep Bittereinder se Jaco van der Merwe deel sy ervaring as 'n wit jong Afrikaner wat grootgeword het in 'n tyd toe dit die ongewildste ding was om te wees.

Species

Regisseur: Willem van den Heever

'n Surreële visuele verkenning met Breyten Breytenbach se poëtiese mymeringe in die agtergrond.

Sprokie vir Jan

Regisseurs: Suzette van der Merwe en Frannie van der Walt

'n Gehospitaliseerde man wat om sy lewe veg, word ingetrek in 'n vreemde sprokieswêreld.

FILMSESSIE 2 – 45 MIN

Swart koffie

Regisseur: P.J. Kotzé

Skielik, uit die bloute, versink Suid-Afrika in 'n waansinnige maalkolk van rassehaat. Wat kan die rede hiervoor wees? En kan Leibbrandt Niemand die land red? 'n B-fliëk op sy beste – met lippe en woorde ongesinchroniseer en soetsappige oomblikke binne 'n polities inkorrekte raamwerk. *Swart koffie* is uiteindelik te sien ná 'n lang verposing by die Sensuurraad.

Walvis – 'n Ouvroustorie

Regisseur: Karien Mulder

Karien Mulder se rolprent bring die verhaal van Antjie Somers op vernuwende wyse tot lewe. In dié weergawe staan Andries Somers se wel en wee in 'n vissersdorpie aan die Weskus sentraal. Die effek van menslike aksies binne 'n gemeenskap waar waardes en ideologieë deur woorde in stand gehou word, dikwels met gewelddadige gevolge vir individue wat afwyk van gender-norme, word ontstemmend uitgebeeld.

OPEN WINDOW DOKUMENTÊRE ROLPRENTE

Die rolprent word afgesluit met 'n vraag-en-antwoord-sessie deur die vervaardigers.

In Search of Our Own – The forgotten legacy of Norman Eaton

Regisseurs: Adriaan de la Rey en P.J. Kotzé

In die 'katakombe' wat Pretoria vandag is, staan argitek Norman Eaton se geboue soos tydmasjiene wat mens na 'n ander wêreld wegvoer, na 'n verlore stad van elegansie en verfyndheid in die hart van apartheid. Geboue soos die huise van Pierneef en Alexis Preller, die Nederlandse Bank, die UNISA Kleintheater en Polly se Arkade dra steeds die watermerk van Eaton se harmonieuse lyne en ruimtes. In dié dokumentêre huldeblyk bring vriende, kritici en ander argitekte hulde aan 'n enigmatiese figuur in ons argitekturele erfenis.

12 Maart 18:00, 13 Maart 20:00 | Pulp Cinema Neelsie | 76min | Gratis

OPEN WINDOW ARCHITECTURAL SPOKEN WORD FILM

Walkie Talkie through the Open Window

Kurators: Adriaan de la Rey en Jaco van der Merwe

Walkie Talkie is 'n groep tweetalige woordkunstenaars van Suid-Afrika, gestig deur Jaco van der Merwe (Bittereinder), Toast Coetzer (The Buckfever Underground) en HemelBesem. Onlangs het Hunter Kennedy (Fokopolisiekar/Die Heuwels Fantasties), Henry Cloete (Die Skynmaagde) en Jacques Smit (MouthOfWolf) aangesluit. Walkie Talkie bestaan uit 'n reeks kortfilms wat geïnspireer is deur die Woordfees-tema "Bly".

5 Maart 13:00, 11 Maart 12:30 | Pulp Cinema Neelsie | 30min | Gratis



VISUELE KUNS

Feeskunstenaar: Mary Sibande

Mary Sibande, wat in 1982 in Barberton gebore is, is bekend vir haar beeldhouwerke in gemengde media, asook haar fotografiese drukwerk wat fokus op die uitbeelding van Sophie, 'n fiktiewe karakter wat dien as alter ego vir die kunstenaar se moeder en grootmoeder. Albei was hulle lewe lank werksaam as huishulpe. Met elke tentoonstelling het Sibande se tablo's, waarin haar fassinatie met mode en beeldhouwerk versoen word, meer ambisieus en omvangryk geword. In 2010 het sy die verbeelding aangegryp met haar foto's op reuse-reklameborde in en om Johannesburg. Die Sophie-figuur is nie alleen 'n biografiese gegewe wat met die kunstenaar resoneer nie, sy verteenwoordig ook 'n ikoniese argetipe in die land se arbeidsgeskiedenis.



Sibande se werk is al landwyd tentoongestel en sy het in 2009 deelgeneem aan die L'Exposition du Festival Mondial des Arts Nègres in Dakar, en haar werk is in die oorsig *From Pierneef to Gugulective: 1910-2010* opgeneem. Ander galerye en geleenthede waar haar werk te sien was, sluit in: die Iziko Suid-Afrikaanse Nasionale Galery in Kaapstad (2010), die Venisiese Biënnale (2011), die Kiasma Museum vir Kontemporêre Kuns in Helsinki, die Lyon Biënnale en die Musée d'Art Contemporain du Val-de-Marne, Parys (2013).

In 2013 is Mary Sibande aangewys as wenner van die Standard Bank Jong Kunstenaar-toekenning vir visuele kuns. Sy was al navorsingsgenoot aan verskeie instellings, onder meer die Smithsonian-instituut, die Universiteit van Michigan en die Ampersand-stigting. Een van haar mees onlangse solo-tentoonstellings is in 2014 in die Standard Bank-galery onder die titel *The Purple Shall Govern* aangebied.

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | US Kunsmuseum (grondvloer)

Kunsronleiding: 5 Maart 13:00 en 18:00 | US Kunsmuseum (grondvloer) | 60min | R50 | R60 by die deur

Feesuitstalling: Plek-plek

Kurator: Alex Hamilton

Deelnemende kunstenaars: Roger Ballen, Colbert Mashile,

Jeannette Unite, Pauline Gutter, Phillemon Hlungwani,

Christiaan Diedericks, Corlie de Kock, Anthea Delmotte, Mxolisi Vusi Bauchamp,

Jaco Sieberhagen, Jürgen Schadeberg, Shany van den Berg en Paul Birchall

Histories is Stellenbosch 'n unieke en uiters interessante dorp, plek-plek gedompel in donkerte, maar terselfdertyd 'n uitvloeiende van universele, rare en ongewone stories. Dié uitstalling ondersoek die dinge wat bydra tot Stellenbosch se hedendaagse gemeenskap en denkwyses, en stel die volgende vrae: Wat laat 'n dorp se hart kloep? Wat laat dit groei met kreatiwiteit en ontwikkel tot 'n nuwe gemeenskap? Hoe het mense hier beland? Wat is die universele "gom" wat alles bymekaarhou?

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | US Kunsmuseum (Mezzanine/Eerste vloer)



Binne / buite

Groepsuitstalling

Deelnemende kunstenaars: o.a. Gordon Froud, Mark Rautenbach, Alex Hamilton, Marinda du Toit, Cathy Brennon, Sarah Pratt en Francois Knoetze
Hierdie uitstalling sluit aan by die tema van die groepstentoonstelling, *Die Lelie*, maar ondersoek verder ook die interaksie tussen argitektoniese ruimtes, privaatruimtes en die natuur.

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | Hofmeyr-saal

Die lelie

Groepsuitstalling

Deelnemende kunstenaars: o.a. Gordon Froud, Mark Rautenbach, Alex Hamilton, Marinda du Toit, Cathy Brennon, Sarah Pratt en Francois Knoetze
“Victoriaanse straatkuns” verwys tradisioneel na die industriële revolusie, die inslag daarvan op die moderne samelewing, en die ontplofing van informele kunsuitinge wat deesdae oor die hele wêreld op strate en in openbare plekke te sien is. In dié uitstalling word slegs van herwinde en ongewone materiale gebruik gemaak. Terwyl die bekende Victoriana-lelie in die US Botaniese Tuin as muse dien, word kwessies oor omgewingsbewustheid beklemtoon en bevraagteken.

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | US Botaniese Tuin



Fliëk

Grafiese uitstalling

Kurator: Jo-Marie Rabe
Filmplakkate versinnebeeld dikwels nie net die tema van 'n fliëk nie, dit vang ook 'n bepaalde tydsgeslag vas. Dié uitstalling bied 'n oorsig van hierdie besondere advertensiemateriaal vir sommige van die grootste Afrikaanse treffers wat tussen die 1950's en 1980's gemaak is.

4 – 13 Maart | Red Black and White Gallery, The Antiques Warehouse, Distillerystraat 5A, Bosman's Crossing, Stellenbosch



Gebak

Groepsuitstalling

Kurator: Hennie Meyer
Deelnemende kunstenaars: o.a. Katherine Glenday, Clementina van der Walt, Andile Dyalvane, Ralph Johnson en John Newdigate

Gebak is 'n groepskeramiek-tentoonstelling wat erkenning gee aan klei as 'n veelsydige, ekspressiewe en diverse medium. Van Suid-Afrika se bobaaskunstenaars erken die funksie van klei, en beeld ook die eenvoud en kompleksiteit van die medium uit in 'n interessante verskeidenheid van eietydse werk.

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | Hofmeyr-saal





Hannalie Taute – Stink Afrikaners

Solo-uitstalling

Die plant *Tagetes Erecta*, beter bekend as “marigolds” in Engels en in die volksmond as (Stink) Afrikaners, is die inspirasie vir dié uitstalling. Die woorde *stink* (onwelriekend, onaangenaam, onvanpas, asook simbool van die dood in sekere kulture) en *Afrikaners* (is dit iemand woonagtig in Afrika of iemand wat Afrikaans kan praat?) is die kern-idees wat deur Taute verken word. Sy sê: “Ek kon ook nie help om te wonder of ons siening anders sou wees indien die plant eerder bekend gestaan het as ‘Skerp’ Afrikaner of ‘Sterk’ Afrikaner nie.”

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | Hofmeyr-saal




Joshua Miles – Skadudans

Solo-uitstalling

Die houtblokdruk-kunstenaar Joshua Miles gebruik die sierlikheid en kontrasterende boustyle van die Stellenbosse argitektuur, asook die dorp se sonderlinge lig, in sy soeke na die essensie van dié Bolandse dorp. Hy speel op simboliese en fisiese vlak met skakeringe van lig en skadu om meer as net ’n mooi prentjie te skep – sy einddoel is om die spirituele vas te vang en na die kyker te kanaliseer.

4 – 13 Maart 9:00 – 22:00 | US Konservatorium (foyer)



JP Meyer – Doop

Solo-uitstalling

Doop, geïnspireer deur herinneringe van JP Meyer aan sy eie inisiasie tot die universiteitslewe, verken die vele rites en rituele van die mens. Deurgangsrites, hetsy fisies, sosiaal, intellektueel of geestelik, is dikwels nodig om toegelaat en aanvaar te word deur nuwe organisasies, groepe en subkulture. Of dit in die werklikheid of verbeelding gebeur, en of dit betekenisvol is of nie, dié seremonies en hoe dit bydra tot selfaanvaarding en ontwikkeling, fassineer die kunstenaar lankal reeds.

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | Hofmeyr-saal



Lien Botha – Wonderboom

Solo-uitstalling

Die agtien foto’s in *Wonderboom* kan gesien word as disintegreerende fototekste: konstruksies/collages wat dien as inleiding tot elke hoofstuk in Lien Botha se opspraakwekkende debuutroman wat in 2015 verskyn het. Dit verwys na die “image sequence” van die Britse fotograaf Eadweard James Muybridge (1830-1904) en word hier as ontbindende beeldsekwens toegepas om teks en beeld te laat swaelstert.

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | Mike de Vries-gallery, US Kunsmuseum (eerste vloer)



Mari Stander – Onse mense 2

Solo-uitstalling

Die werke word saam met verse uit Mari Stander se digbundel *Onse Mense 2* ten toongestel. Edisie drukke, sowel as die oorspronklike stukke, kan besigtig word. Stander, wat die afgelope sestien jaar in Jamestown buite Stellenbosch woon, beeld die stories uit van mense wat haar pad gekruis het.



“M Patisserie”, Andringastraat 1, Stellenbosch | Tel.: 021-886 5020

Openingsfunksie: Donderdag 3 Maart 18:00, met voorlesings deur bekendes

Michael Tiets-Geldenhuis – Vergete stories

Solo-uitstalling

Die tydlose emosies van persoonlike verhoudings is vasgevang in die geskiedenis, herinneringe en omgekrulde hoeke van ou foto’s. Hoe dié emosies die kyker laat wonder oor sy eie lewe, is die uitgangspunt van *Vergete stories*, wat meestal bestaan uit versamelde en collage-werk.

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | Hofmeyr-saal



Mxolisi Vusi Bauchamp – Grootgroteske

Solo-uitstalling

Post-ras, post-swart, post-apartheid – enkele van die begrippe wat weerklank vind in die kunswerke van die Pretorianer, Mxolisi Vusimuzi Bauchamp. Hy is bekend vir sy komplekse en visueel uitdagende skilderdoeke en sy profiel tipeer die jonger generasie opgeleide Suid-Afrikaanse kunstenaars wat nie gewoon is aan apatie teenoor die neo-liberale manifestasies van ’n opkomende swart ‘petite bourgeoisie’ nie. Sy kuns is ’n kritiese reaksie op kontemporêre politieke debat en veranderinge in magsverhoudings, en belig mense se werklike belewenisse in ’n ‘belaaide reënboognasie’ vreesloos.

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | Hofmeyr-saal





Opskiet by die museum Groepsuitstalling

Kurator: Alex Hamilton

Met: o.a. Grace Kotze, Michele Rolstone, Andrew Sutherland, Katharine Meeding, Juanette Smuts, Aidon Westcott en Ella Cronjé

Pure pret, toeganklik en met 'n sin vir kunsavontuur. Die tweede *Opskiet*-uitstalling bied uitstekende kunswerke deur welbekende kunstenaars teen 'n billike prys. Vanjaar se oorkoepelende Woordfees-tema dien as beginpunt vir elke dag se uitstalling:

Bly|kbaar

5 en 6 Maart | US Kunsmuseum-stoep | 6:00 – 18:00

Bly|plek

7 Maart | US Kunsmuseum-stoep | 6:00 – 18:00

Oor|bly|wende

8 Maart | US Kunsmuseum-stoep | 6:00 – 18:00

Mooi|bly

9 Maart | US Kunsmuseum-stoep | 6:00 – 18:00

Bly|of gly

10 Maart | US Kunsmuseum-stoep | 6:00 – 18:00

Bly|by my

11 Maart | US Kunsmuseum-stoep | 6:00 – 18:00

Bly|dskap

12 Maart | US Kunsmuseum-stoep | 6:00 – 18:00



Stephen Rosin – Korfkop Solo-uitstalling

In sy jongste solo-uitstalling ondersoek Stephen Rosin die noodsaaklike dog al hoe meer katastrofiese verhouding tussen die heuningby en die mensdom, en die verskil in hulle verhouding met die natuur. Rosin, self 'n byeboer, se intieme kennis van hoe dié fassinerende wesens funksioneer, tesame met sy welbekende satiriese styl, dra by tot 'n versameling werke wat 'n unieke perspektief bied. Hy vergelyk die mensdom se pogings om die samelewing te organiseer met die misterieuse, doeltreffende gebeure binne die korf.

4 – 13 Maart 9:00 – 18:00 | Hofmeyr-saal



Spreek die Woord / Break the Spell 1&2

Groepsuitstalling

Twee verwante tentoonstellings: Galery Universiteit Stellenbosch en Oude Libertas Galery

Kurator: Louis Jansen Van Vuuren


Daar is nagenoeg sestig deelnemende kunstenaars:

o.a. Elizabeth Günter, Marlene Steyn, Chantal Claris, Sandra Hanekom, Willemien de Villiers, Vulindlela Nyoni, Ruan Huisamen, Frank van Reenen, Cobus van Bosch, Ronald Muchatuta, Mary-Rose Hendrikse, Nhlanhla Nhlapo en Tamlin Blake. Magstryd en towerkuns. Politiek en feëverhaal. Binêre opposisies, of net verskillende kante van dieselfde munt? Wat het dié sprokies met politiek uit te waai? Towerspreuke verlei mens sodat jy soms die geskiedkundige en sosiale basis van sprokies vergeet, en net 'n wonderwêreld raaksien waarin harmonie hoogty vier. Lees egter sprokies in 'n historiese konteks en jy beseef dat hulle deurgaans deur een of ander magstryd onderlê word: oor regmatige regering, geld, oorwinnaarswil, vroue, kinders en grond.

4 – 13 Maart | Galery Universiteit Stellenbosch en Oude Libertas Galery

Opening: 6 Maart 10:30 | GUS (Galery Universiteit Stellenbosch)

Opening: 6 Maart 11:30 | Oude Libertas Galery



KUNSKLETS

Kom luister na aktuele gesprekke rondom die visuele kunste – vir die eerste keer deel van die visuele kuns-program. Besonderhede oor gesprekke sal op www.woordfees.co.za aangekondig word.

Publieke en straatkuns

5 Maart 11:00 | Hofmeyr-saal | 60min | R30 | R40 by die deur

Hoe om kuns te koop en 'n versameling op te bou?

6 Maart 11:00 | Hofmeyr-saal | 60min | R30 | R40 by die deur

Tegniese en kuns: Hoe kyk kunstenaars na die tema?

7 Maart 11:00 | Hofmeyr-saal | 60min | R30 | R40 by die deur



Hoe word kunspryse bepaal?

8 Maart 11:00 | Hofmeyr-saal | 60min | R30 | R40 by die deur

Die geskiedenis van 'proteskuns' in Suid-Afrika

9 Maart 11:00 | Hofmeyr-saal | 60min | R30 | R40 by die deur

Sosiale media en kuns

10 Maart 11:00 | Hofmeyr-saal | 60min | R30 | R40 by die deur

Die verhouding tussen kunstenaar en galery, agente en kurators

11 Maart 11:00 | Hofmeyr-saal | 60min | R30 | R40 by die deur

Wie is ons opwindendste jong kunstenaars om dop te hou?

12 Maart 11:00 | Hofmeyr-saal | 60min | R30 | R40 by die deur

Die toekoms van museums, galerye en kuns by feeste

13 Maart 11:00 | Hofmeyr-saal | 60min | R30 | R40 by die deur

KUNSKAPTEINE

Vir die eerste keer sal die US Woordfees Visuele Kunsprogram 'n internskap-program aanbied waarmee studente nie net leer van die intieme bestuur van uitstallings, kunstenaars en hul kuns nie, maar ook die publiek sal help met vroeë rondom logistiek, verkope en uitstallings.

RONDLEIDINGS

Aanbieder: Alex Hamilton

Gaan op toer saam met die US Woordfees se visuele kunskurator Alex Hamilton, en besoek die groot verskeidenheid uitstallings tydens die 2016-fees. Verskeie kunstenaars sal op verskillende dae aansluit by die toer en dan 'n "installopie" aanbied wat 'n interessante blik bied op die manier hoe kunstenaars hul werk aanpak.

4 – 13 Maart 09:00 | Hofmeyr-saal (vertrekpunt) | 90min | R25 | R35 by die deur

PRIVAAT-GALERYE

Ek het die toervoël hoor fluit

Solo-uitstalling met woorde, beelde en skilderye. Lidi van Schalkwyk stal uit en stel haar boek bekend, met 30 minute-voorlesings deur:

Johan Nel: 4 Maart 16:00, 6 Maart 11:00, 11 Maart 11:00

Lize Beekman: 5 Maart 11:00, 9 Maart 11:00

Valiant Swart: 8 en 10 Maart 11:00

Uitstalling 4 – 13 Maart 09:00 – 20:00 |

Eendracht Hotel, Dorpstraat 161 | 0611 414504

Uitstalling: Gratis | Voorlesings: R30



Lilly Friedlaender Gallery – Juwele maak bly!

Plaaslike juweelontwerpers stal unieke, prettige, handgemaakte sierade uit wat vrolikheid en vreugde uitstraal. Verskillende media, soos edelmetale en sierstene, word gebruik.

Uitstalling Ma – Vr.: 09:00 – 17:00, Sa.: 09:00 – 13:00 |

Kerkstraat 29 | 073 483 9812 | Gratis



The Red Teapot Gallery

Kom beleef 'n vreugdevolle kleur- en kunservering by The Red Teapot Gallery. Kunstwerke van Portchie en ander kunstenaars word tentoongestel, asook unieke gebruiksartikels en 'n groot verskeidenheid silwer juweliersware. Spesiale aanbiedinge tydens die Woordfees.

Uitstalling Ma – Vr.: 10:00 – 17:00, Sa. 10:00 – 15:00 |

Hoek van Kerk en Andringa straat | 021 883 9582 | Gratis



Friends in Art

'n Groep plaaslike kunstenaarsvriende, professioneel en opkomend, wat sedert 2010 ten minste een keer per jaar saam uitstal. In 2016 stal hulle vir die sewende keer uit. Die tema, *Sewe en wat nog*, belooft om 'n verskeidenheid van kunststyle en media aan die besoeker te bied.

Opening (Gratis): 8 Maart 18:00 vir 18:30

Uitstalling: 8 – 12 Maart 09:00 – 17:00 |

**Landrover Jaguar Vertoonlokaal, Alexander straat 43 |
021 886 9904 | Gratis**





Marzé Botha Kunstgalerie - Sonder woorde

Sonder woorde is 'n uitstalling waar die kunswerke self die storie vertel. Kom besigtig werke van welbekende Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Makiwa Mutomba, Danie Marais, Marié Vermeulen-Breedt, Tanya Swiegers-Loots, Wilma du Toit, Frans Groenewald, Wakaba Mutheki, David Kuijers, Glendine en ander. Ons help graag om in almal se kunsbehoefes te voorsien en bied konsultasie aan besighede en privaatwonings. Ons verskeep kunswerke wêreldwyd.

Opening (Gratis): 3 Maart 19:00 deur Randall Wicomb
Uitstalling Ma – Sa.: 09:00- 18:00, So. 10:00 – 14:00 |
Winkel 4, Jan Cats-Gebou, Hoek van Kerk- en
Andringa-straat, Stellenbosch | 082 847 1022 | Gratis



The Tank Art Gallery @ Stellenbosch Hills- Musiek wat in my bly

Met hierdie groeputstalling bring *The Tank Art Gallery @ Stellenbosch Hills* hulde aan ons taal, ons plek, ons menswees. Ons inspirasie? Die woordrykdom van die sanger Adam Tas; sy lirieke spreek van lewe, liefde, verlies, heimwee, eerbied en empatie. 'n Tas vol kuns deur 'n kleurvolle groep kunstenaars.

Opening: 7 Maart 18:30 deur Adam Tas
Galery- en proelokaal-ure Ma – Vr. 09:00 – 17:00,
Sa. 10:00 – 15:00 |
Stellenbosch Hills, S 33° 57' 38.2" E 018° 48' 1.8" |
h/v R310 en Vlottenburgpad |
021 881 3828 | Gratis



SH
 STELLENBOSCH HILLS
Distinction through diversity



Hap 'n **KEBAB**



WEN daaglik
Woordfees-kaartjies
en Restaurant
geskenkbewyse !!!

Hap 'n KEBAB
vir slegs R55 van
4 - 13 MAART 2016

Neem 'n #selfie met jou
#feeskebab en stuur dit
na woord@sun.ac.za





LEEFSTYL

Alternatiewe proe

In samewerking met Agri Expo en Veritas

'n Bobaas kaaskultuurervaring met unieke beleë kase uit verskillende streke van Suid-Afrika, en ongewone wynkombinasies met twee bekende sjefs aan die stuur van sake: Bertus Basson van die restaurante *Overture* en *Bertus Basson at Spice Route*, en Bennie Howard, vise-voorsitter van Veritas en Kaapse wynmeester. Hierdie wegbreekproe word aangebied in samewerking met Agri-Expo.

6 en 12 Maart 13:00 | Die Khaya | 120min | R100 | R120 by die deur

Aandwandeling

'n Begeleide toer wat jou neem na historiese geboue in die kern van Stellenbosch. Pietman Retief vertel die interessante geskiedenis agter die geboue en wys argitektoniese verskille uit terwyl verversings geniet word.

**10 Maart 19:00 | Erfurthuis | 210min | R150 |
Bespreking by Esmé Adriaanse: 021 887 2937**

Argitektoniese wandelinge

Aangebied deur Stellenbosch Museum

Wil jy sien en hoor hoe opwindend en interessant argitektuur werklik is? Hoe geboue die storie van 'n dorp kan vertel? Die bekende kultuurhistorikus Matilda Burden laat jou met ander oë kyk na die hart van die Eikestad en sy argitektoniese juwele. Twee roetes word aangebied, 1: Middedorp; 2: Die Braak.

**Roete 1: 5, 9, 11 Maart 17:00 | Roete 2: 8, 10, 12 Maart 17:00 |
Vertrek vanaf Erfurthuis | 60min | R40 | R50 by die deur**

Bome vir woorde 3

'n Inheemse tuin van vriendskap word by Luckhoff Hoërskool gevestig. Koshuisbewoners van Dagbreek en Sonop, in samewerking met die US Botaniese Tuin en Stellenbosch Minisipaliteit lê saam met Luckhoff en Stellenbosch Hoër se leerders 'n nuwe tuin in Idasvallei aan. *Groen vir Lewe* bestuur die projek. Navrae: Jan Odendaal: 0837019791.

2 Maart 10:00 | Lückhoff Hoërskool | 60min | Gratis

Devon Valley Detour

Kom kuier saam met Riette Rust op 5 Maart en Kabous Meiring op 13 Maart op 'n smullekker kos-en-wyn safari deur die pragtige Devon Vallei! Bespreek vroegetydig om teleurstelling te voorkom; beperkte kaartjies beskikbaar. Die volgende is ingesluit by die kaartjieprys:

- * Flavours Canapés en SylvanVale kos-en-wynproe met drie SylvanVale-wyne by SylvanVale Vineyards en Devon Valley Hotel.
